

TK 89-52

'N MARXISTIES-FEMINISTIESE ONDERSOEK VAN WILMA STOCKENSTRÖM
SE ROMAN, DIE KREMETARTEKSPEDISIE

'n Verhandeling aangebied ter vervulling van
die vereistes vir die graad Magister Artium
in die Departement Afrikaans en Nederlands
aan die Universiteit Rhodes.

deur

JUDY HILARY GARDNER

November 1988

Aan Ma

Anyway, I say, the God I been praying and writing to is a man. And act just like all the other mens I know. Trifling, forgitful and lowdown...If he ever listened to poor colored women the world would be a different place...

Celie, in THE COLOR PURPLE van Alice Walker

SAMEVATTING

Hoofstuk 1 is 'n ondersoek na die betekenis wat moontlik in die titel van die roman opgesluit lê. Daar is eerstens gepoog om vas te stel watter soort "ekspedisie" in werklikheid onderneem word, en tot die gevolgtrekking gekom dat "ekspedisie" 'n meerduidige aard het, dat dit 'n soektog, 'n ekspedisie in verskillende dinge impliseer: 'n ekspedisie na die stad van rooskwarts; die slavin se ekspedisies vanaf die kremetart en terug daarheen; 'n inwendige ekspedisie om selfkennis te bekom; 'n ekspedisie in vrouwees; 'n ekspedisie in die geskiedenis van Afrika, in die godsdiens, in die taal. Verder is die aard van "kremetart" in die tweede helfte van die hoofstuk ondersoek. Die kremetart, soos die Boom van die Lewe, word beskou as 'n boom wat onderstebo groei, en dit is vanuit hierdie veronderstelling dat ek ingegaan het op hoe verskillende bestaande stereotipes en mites in die roman onderstebo gekeer word: in verband met die slaaf, die vrou, taal, die Afrikaanse literêre tradisie, die "tradisionele" struktuur van die roman, kultuur wat gewoonlik natuur transendeer, die slavin se taal.

In die tweede hoofstuk het ek slegs een van hierdie ekspedisies ondersoek, nl. die slavin se innerlike tog wat bestaan uit ervarings- en gedagtereise wat terselfdertyd al die ander ekspedisies inkorporeer. Hierdie inwendige reis word deur 'n aantal kodes beteken, kodes wat letterlik die funksie van kenprosesse, selfkennisprosesse vervul, asook van sisteme waarin betekenis opgekrop word.

Deur hierdie inwendige reis te onderneem, kry die slavin groter duidelikheid in haar eie bestaan en in die bestaan van die mens in die algemeen.

Hoofstuk 3 behandel hoofsaaklik die begrip "besit", wat lei tot twee reëlreg teenoorgestelde groepe: die besittersklas en die besitte klas. Die eienaardige instelling van slawerny het oorsprong gegee aan hierdie twee onversoembare klasse, en dus word daar kortliks ingegaan op die geskiedenis van slawerny. Die slavin is aanvanklik een van die besitte klas, maar deur indoktrinasie poog sy ook om 'n besitter te wees. Die tweede helfte van die hoofstuk word dan gewy aan die uitbeelding van die slavin as besitter. Haar posisie word 'n weerspieëling van die posisie van haar besitters, om die eienaardigheid van die kapitalistiese stelsel te illustreer, naamlik dat daarin altyd 'n maghebber en 'n onderdaan, 'n verdukker en 'n verdrukke, 'n besitter en 'n besitte sal wees.

ABSTRACT

Chapter 1 is an exploration of the meanings which may underly the title of this novel. I have tried initially to establish what kind of "expedition" is undertaken, and have come to the conclusion that "expedition" has a multidimensional meaning, that it implies a search, an expedition into different things: an expedition to the city of rose-quartz; the slave woman's expeditions from the baobab tree and back; an inner expedition to gain self-knowledge; an expedition into womanhood; an expedition into the history of Africa, into religion, into language. The second part of the chapter examines the nature of "baobab", since this tree, like the "Tree of Life", is regarded as one growing upside-down. It is this upside-down nature of the tree which led me to believe that many existing stereotypes and myths are turned upside-down in the novel: about slaves, about woman, language, the Afrikaans literary tradition, the "traditional" structure of the novel, culture transcending nature, the slave woman's language.

In chapter 2 I have examined only one of these expeditions, viz. the slave woman's inner expeditions consisting of her experiences as a slave and her journeys of reminiscence. These journeys at the same time embrace all the other expeditions. Her inner expeditions are signified by a number of codes, which fulfil literally the function of processes of knowledge, of self-knowledge, as well as of systems in which meaning is contained. By undertaking this inner expedition, the woman gains greater clarity of vision concerning her own existence and

the existence of man/woman in general.

Chapter 3 deals mainly with the concept of possession/ownership, which results in two diametrically opposed groups: the owner class and the owned class. The peculiar institution of slavery has given rise to these two irreconcilable groups, and therefore a brief history of slavery is included in this chapter. The slave woman is initially one of the owned class, but through indoctrination, she too aspires to become a member of the owner class. In the second half of the chapter, then, the woman is discussed as owner. Her position becomes a reflection of the position of her owners, to illustrate the peculiarity of the capitalist system in which there will always be the rulers and the subjects, the oppressor and the oppressed, the owner and the owned.

INHOUD

	BLADSY
VOORAF	viii
1. DIE TITEL: "DRUMPEL TOT DIE VERTELTEKS"	1
1.1 INLEIDING	1
1.2 "EKSPEDISIE"	5
1.3 "KREMETART"	29
1.4 "DIE"	59
1.5 GEVOLGTREKKING	61
1.6 VOETNOTE	63
2. "EK-SPEDISIE"	64
2.1 INLEIDING	64
2.2 KRINGE	67
2.3 KODES	72
2.4 SAMEVATTING	128
2.5 VOETNOTE	128
3. "BESIT EN LIEFHÊ IS BEGRIPPE WAT MEKAAR VLOEK"	130
3.1 INLEIDING	130
3.2 DIE "ONGELUKKIGE HUWELIK" VAN MARXISME EN FEMINISME	133
3.3 DIE SLAVIN AS BESITTE	140
3.4 DIE SLAVIN AS BESITTER	176
3.5 SAMEVATTING	206
3.6 VOETNOTE	207
BIBLIOGRAFIE	209

DANKBETUIGING

Aan elk van die volgende my ootmoedige dank en waardering:

My ma, wie se gebede my deur die jare gedra het en nog steeds dra;

Prof. André P. Brink, vir die wonderlike voorreg om hom as my studieleier te gehad het, vir sy geduld maar bowenal vir sy menslikheid - ek kon nie vir 'n beter studieleier gewens het nie;

Me. Marésa de Beer en mnr. Tim Huisamen wat ongevraagd hulle hulp en navorsingsmateriaal aangebied het;

Mev. Ann Hayward, vir die oneindige geduld, vriendskap maar veral vir die netjiese tikwerk;

My dierbare vriend, raadgewer, skouer-om-op-te-huil, Larry Pokpas, wat my in woord en daad bygestaan het en nooit moeg geword het vir my klagtes en probleme nie;

Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en die Universiteit Rhodes vir finansiële hulp.

VOORAF

Die doel van hierdie studie is om Wilma Stockenström se roman ideologies te ondersoek deur 'n kontekstuele plasing en 'n Marxisties-Feministiese lesing daarvan, sodat aspekte van die teks se struktuur en die resepsie van die teks belig kan word. Daar is al dikwels 'n verband gesien tussen die sosiaal-politieke beskouinge van 'n persoon/groep en sy/hulle literêre voortbrengsels. Tog, volgens Eagleton (1976a:64) is die literêre teks nie die 'uitdrukking' van ideologie nie, nog is ideologie die 'uitdrukking' van sosiale stand. Die teks is eerder 'n sekere produksie van ideologie of, in Raymond Williams (1977:166) se woorde: "Meaning is always produced; it is never simply expressed".

As agtergrond maak ek gebruik van 'n keuse uit die uitgebreide fiktiewe en nie-fiktiewe literatuur oor slawerny, die slawehandel in die algemeen en in besonder die slawehandel in Afrika, die vrou se posisie in die man-georiënteerde wêreld, Marxistiese teorieë en feministiese perspektiewe. Ook word as agtergrond die Afrikaanse literêre tradisie in gedagte gehou.

Hierdie studie is 'n soektog, self 'n ekspedisie deur die beskikbare bronne, 'n ondersoek van 'n intertekstuele gesprek - dus van die verhouding tussen Stockenström se teks en ander tekste, literêr sowel as nie-literêr, nl. polities, histories en sosiologies. Die geskiedenis en patrone in die geskiedenis self word as teks gelees.

Feministiese literêre perspektiewe lê die ondergeskikte posisie van die vrou in 'n man-georiënteerde wêreld bloot, met die swart werkende vrou as die mees onderdrukte wese. Hierdie perspektiewe word in terme van die hoofsaak van Stockenström se teks geëvalueer, as deel van 'n ondersoek van die mate waarin patrone buite én binne haar teks die strukturering daarvan bepaal in die leser se persepsie. Die onderwerping van die vrou in 'n manlik chauvinistiese samelewing, die identifikasie van die vrou en slaaf en die vrou as slaaf, die funksie van die spanning tussen natuur en kultuur, is nie maar net 'n idealistiese romantiese siening nie; dit gaan om die nuwe bewussyn van die mens.

Geïnstitutionaliseerde slawerny is in 1834 in die Britse Ryk afgeskaf. Die verwagtinge van die werker op 'n beter lot is nie vervul nie, alhoewel daar soms daadwerklike pogings aangewend word om arbeidsverhoudinge te verbeter. André P. Brink skryf byvoorbeeld in NATIONAL GEOGRAPHIC van Oktober 1988 van die wynboer, Jan "Boland" Coetzee, wat baie van sy tyd bestee aan die verbetering van arbeidsverhoudinge en wat verklaar het dat die plaasboere baie jare lank aan niks anders as kapitaal en grond gedink het nie, maar nou weer aan "mense" begin dink; ook skryf hy van ene Oloff Henning wat die lewenskwaliteit van sy werkers verbeter het. Tog is daar vir elke Jan "Boland" Coetzee en Oloff Henning twee of meer ander boere van die kaliber van "Baas Cowboy" Carstens, wat toevallig in dieselfde distrik as Oloff Henning boer. Gaye Davis berig in THE WEEKLY MAIL van 22 - 26 Mei 1988 hoe hierdie "Baas Cowboy" sy werkers uitbuit, hoe hulle

soos die slawe "from can't see to can't see" moet werk, hoe hulle soms lyfstraf ontvang (vandaar die naam "Cowboy"), "Differences between the foremen and workers are settled in the 'traditional' way", hoe hulle loon bestaan uit maaltye en wyn, hoe hierdie werkers "gewerf" word met beloftes van goeie betaling, hoe hulle identiteitsdokumente deur die eienaar in pand behou word. John Gomas (1934:1) postuleer dat "slavery of one form - chattel slavery - has been abolished, its place having been taken by another form - wage slavery".

As vrou, maar meer spesifiek as volkome geïndoktrineerde vrou wat meedoen aan die verdrukker se taal, moet ek my klassifiseer as "kleurling", "bruinmens", "anderskleurige", "gekleurde", "persoon van kleur", "swart", "nie-blank", e.d.m. Vanuit hierdie posisie bevind ek my in die eienaardige posisie om van verskillende kante verdruk te word. In 'n apartheidsamelewing moet ek onvermydelik kyk na die posisie van die bruin, swart (of watter negatiewe kleur ook aan my geheg word) vrou as driedubbele onderdrukte: deur die maghebber, as vrou en as bruin, swart, pers vrou. In hierdie posisie met my beperkte keuses, vind ek dit al hoe moeiliker om my te bevry uit 'n posisie wat die wette van die land aan my toegesê het. Die swart vrou se dubbele stryd veroorsaak dat haar eerste en vernaamste stryd teen die maghebber sal wees, en dat haar stryd teen patriargie ondergeskik daaraan moet wees, of dat sy so volkome opgeneem is in die stryd teen rasse- en klasseverdeling, dat sy die patriargale samelewing noodgedwonge moet verdra. Tog het hierdie toedrag van sake veroorsaak dat daar tussen swart mans en vroue meer gelykheid is as

tussen wit mans en vroue in 'n patriargale samelewing. As gevolg van beide swart mans en vroue se gemeenskaplike doel om hulle van die verdrukker te bevry, en as gevolg van die gedeelde verontregting, het daar meer gelykheid en 'n solidariteit ontstaan tussen swart mans en vroue.

Dit is ook so dat die swart vrou nie deur lyding heeltemal geknak is nie, maar eerder krag en oortuiging daaruit geput het. Sy het geleer om uit die verdrukte en neerdrukkende omstandighede die krag te put wat sy nodig vir die daaglikse vernederings van haar swartwees. Haar bewustheid van haar eindelose kapasiteit vir harde werk het aan haar die selfvertroue gegee in haar vermoë om die stryd aan te pak vir haarself, haar gesin en haar mede-onderdrukte.

HOOFSTUK 1DIE TITEL: "DRUMPEL TOT DIE VERTELTEKS"1.1 INLEIDING

Benewens die naam van die outeur en sy bekendheid al dan nie, is dit meermale die titel van 'n narratiewe werk (trouens van enige literêre werk) wat die voornemende leser aangryp of afstoot of koud laat of intrigeer; dit is, in Brink (1987: 124) se woorde: "die drumpel tot die verteltekste en deel van die outeursruimte". Nog voor 'n fiksionele werk gelees word, is dit die titel wat vrae by die leser laat ontstaan, "the title raises a question" (Barthes, 1974: 17) en 'n mens wil weet wat die titel impliseer, waarna of na wie dit verwys, of dit 'n ironisering van 'n toestand/gebeurtenis is, of dit 'n juiste samevatting van die vertelling is, e.d.m. Daarbenewens, en veral as die leser kennis dra van die outeur se ander werke, skep die titel sekere verwagtinge by die leser waaraan moontlik voldoen sal word, maar wat ook heel dikwels teen alle verwagtinge in kan werk. 'n Aanvanklike interpretasie van die titel, wat tog sekerlik elke leser se prerogatief is, mag dus min of meer juis wees, of die leser mag dit heeltemal mis hê, of die titel kan so raaiselagtig wees dat dit juis die leser aanspoor om verder te lees om agter die raaisel te kom. Volgens Brink "'behoort' die titel ook nie sonder meer aan die (werklike) outeur nie; dit is juis die eerste kennismaking van 'n andersoortige - fiksionele, narratiewe - ruimte wat ons hier betree" (1987: 124). Hy verklaar voorts dat die titel aanvanklik as 'n leë

teken fungeer en die hele verteltekst wat daarop volg 'n "invul" van die titel is. Dit is dus nie net deel van die tekst nie, maar dit skep ook 'n verhouding met die hele tekst en daarom is dit noodsaaklik om die titel te toets aan die tekst en andersom.

In sy studie, *DIE TITEL IN DIE POËSIE*, onderskei Pirow Bekker (1970: 1-7) sewe soorte titels in die poësie, wat in sekere opsigte ook van toepassing op narratiewe werke kan wees. Veral twee van die sewe het te make met narratiewe werke, nl. 'n fragmentjie van die gedig/verteltekst as titel, waar niks van buite as titel gekies word nie maar 'n woordelike deel van die gedig of vertelling self. Die titel, *DIE KREMETARTEKSPEDISIE*, kan in hierdie kategorie gegroepeer word; in die tweede soort, inhoudelike titelgewing, onderskei Bekker tussen die enkelledige titel, bv. *UITDRAAI*, en die meerledige en gevolglik verhoudingstellende titel, bv. *DIE MUUR VAN DIE PES*. Binne die omspanning van enkelledigheid en meerledigheid is die volgende spesifieke soorte onderskeibaar: eiename in/as titels, bv. *EERS LINKIE*, *DAN JOHANNA* en *DIE SWERFJARE VAN POPPIE NONGENA*; geleentheidsbenoeming, waaronder *DIE KREMETARTEKSPEDISIE* mag ressorteer; tyds- en/of plekbepalende titel, bv. *TOORBERG* en *SEWE DAE BY DIE SILBERSTEINS*. Verder staan die titel ook in 'n sekere verhouding tot die gedig, narratiewe werk, ens., wat identifiserend, informatief, strukturend of leemtevuullend kan wees.

Die titel, *DIE KREMETARTEKSPEDISIE*, kom heeltemal eenvoudig en onomwonde voor. Ons kan naamlik sê dat die bepaalde lidwoord na een spesifieke ekspedisie verwys, 'n afleiding wat verder versterk word deurdat die daaropvolgende kompositum in die enkelvoud voorkom. Uit

ons kennis van ander "werklike" ekspedisies, weet ons dat dit gewoonlik onderneem word om data omtrent 'n ding of plek in te samel, om bestaande mites daaromtrent korrek te bewys of te weerlê, om 'n tesis te bewys, om te verken, te spur, te eksplorieer. Aangesien daar op geografiese gebied bykans geen plek op aarde meer oor is om te verken nie, het "ekspedisie" in die moderne konteks ook die betekenis van 'n soektog na oplossings van die raaisels wat die menslike bestaan omring. Verder weet ons ook dat ekspedisies gepaard kan gaan met teëspoed, ontbering, twis onder die ekspedisieleiers, dwaling, verdwaling, afdwaling; dat ekspedisiegeselskappe al sonder teken verdwyn het, dat menige ekspedisiegeselskap nooit hulle doel bereik het nie. Ons weet ook dat 'n naam aan 'n ekspedisie gegee word, wat gewoonlik 'n ekspedisie na 'n bepaalde plek aandui, bv. die Suidpoolekspedisie, maanekspedisie, ruimte-ekspedisie en die onlangse K2-ekspedisie om oteenseglik te bewys dat hierdie bergpiek, en nie Everest soos algemeen aanvaar word nie, die hoogste bergpiek op die aardbol is. Of, soos in die geval van Thor Heyerdahl se luisterryke Kon-tiki-ekspedisie (1947) om sy teorie te bewys dat die eerste Polinesiese setlaars van Suid-Amerikaanse oorsprong was en sy latere Ra-ekspedisie (1970) om te bewys dat die antieke Mediterreense beskawings in papyrusbote na die Nuwe Wêreld kon vaar, word mitologiese name wat verband hou met die betrokke volke aan die ekspedisies gegee. Soms dra die ekspedisie die naam van die leier(s) daarvan, bv. die Scott-ekspedisie na Antarktika, die Hillary-Tenzing Norkay-ekspedisie na berg Everest, die Armstrong-Aldrin-ekspedisie na die maan, ens. Dit is opvallend dat 'n ekspedisie selde indien ooit heet na die plek van oorsprong, bv. die Cape Canaveral-ekspedisie in plaas van die maanekspedisie.

Na aanleiding van bostaande, ontstaan die vraag onmiddellik waarom die titel van Wilma Stockenström se roman DIE KREMETARTEKSPEDISIE is. Na analogie van genoemde ekspedisies, wil 'n mens weet: Is dit 'n ekspedisie na 'n bepaalde kremetartboom? Is dit 'n ekspedisie om inligting omtrent hierdie boomsoort in te win? Is dit die naam van die ekspedisiegeselskap? Is dit 'n ekspedisie vanaf die kremetart? Hou "kremetart" dalk verband met die kremetartsuur ("cream of tartar") afkomstig van die vrugte van hierdie boom - dus 'n suur ekspedisie?! Hierdie en ander vrae omtrent die titel kan natuurlik eers beantwoord word ná die lees van die teks.

Brink merk heeltemal tereg op: "'n Titel benoem soms net één teken of kode uit die hele verwickelde verhaal: daardeur verkry dit 'n reliëf wat dit bo alle ander 'bevoorreg'" (1987: 124). In die lig hiervan, kan 'n mens sê die kode wat in die titel, DIE KREMETARTEKSPEDISIE, beklemtoon word, die ekspedisie is, met kremetart ondergeskik daarvaan. In die Engelse en Nederlandse vertalings is die titels onderskeidelik THE EXPEDITION TO THE BAOBAB TREE en DE EXPEDITIE NAAR DE BAOBAB, waarin die ekspedisie weer eens voorrang geniet en terselfdertyd heeltemal eksplisiet 'n ekspedisie na die boom aandui. Die titel van die Franse vertaling, LE BAOBAB, verontagsaam die ekspedisie en dis die boom as kode wat nou eerste in die hiërargie van kodes staan. In die Sweedse en Italiaanse vertalings is die titels onderskeidelik EXPEDITIONEN TILL BAOBABTRÄDET en SPEDIZIONE AL BAOBAB. Weer word die ekspedisie beklemtoon, maar die bepaalde lidwoord ontbreek, waardeur 'n wyer betekenis aan "ekspedisie" verleen en meer as een ekspedisie in die vooruitsig gestel word; ook word in hierdie titels 'n ekspedisie(s) na die boom gespesifiseer. Die

buitengewone en raaiselagtige titel van die Duitse vertaling, DENN DER SIEBTE SINN IST DER SCHLAF ("want die sewende sintuig is die slaap" - die vyfde reël van die teks), spesifiseer nog "ekspedisie", nog "kremetart"; wat hier voorrang geniet, is die slaapkode in die teks, wat weer verband hou met droom, vergetelheid, ontvlugting, dood, maar ook 'n verdere ekspedisie deurdat sy "na buite droom" (5, 100) ten einde 'n ekspedisie in die self te onderneem. Die redegewende voegwoord "want" impliseer ander omstandighede wat aanleiding daartoe gee dat 'n natuurlike funksie soos slaap verhef word tot 'n sewende sintuig. (Die werk word ook in Portugees vertaal en dit sal interessant wees om te sien watter kode in die titel beklemtoon sal word.)

Semanties en morfologies is "ekspedisie" in die titel onlosmaaklik verbind aan "kremetart" en om die bepaler en kern van die kompositum van mekaar te skei, sal miskien die noue verbondenheid tussen hierdie twee kernkodes benadeel, maar aangesien hierdie teks self 'n ekspedisie en 'n ommekeer van waardes, stereotipes, mites en tradisies is, veroorloof ek my die luukse van so 'n skeiding ten einde 'n speurtog/soektog/ekspedisie te onderneem in 'n poging om vas te stel wát die titel DIE KREMETARTEKSPEDISIE behels.

1.2 "EKSPEDISIE"

Die woord "ekspedisie" is afkomstig van die Latynse substantief, "expeditio", wat weer afgelei is van die verbum "expedire" [ex = uit + ped(em) = voet]. Etimologies beteken die Latynse werkwoord: om

iemand se voete uit boeie te bevry, 'n betekenis wat in DIE KREMETARTEKSPEDISIE ironies word. Verder verklaar die OXFORD ENGLISH DICTIONARY (deel III, p.427) "ekspedisie" as:

1. The action of expediting, helping forward or accomplishing; speedy performance or prompt execution.
2. A sending or setting forth with martial intentions; a warlike enterprise.
3. A journey, voyage or excursion made for some definite purpose.
4. A body of persons, also a fleet, etc. sent out for a warlike or other definite purpose.

Met bostaande verklarings in gedagte en nã 'n indringende lees van die teks, blyk dit dat daar in die teks van verskeie ekspedisies sprake is. Reeds vroeg in die vertelling en telkens daarna is daar verwysings na "paadjies", "togte", "spore" en "treë" wat op meer as een manier 'n ekspedisie oproep.

Die verteller praat van haar "korterige en langerige swerftogte weg van die boom", haar "aarselende, verveelde, gefrustreerde swerftogte weg van die paadjie water toe" (5), 'n aanduiding van haar aanvanklik versigtige verkennings vanuit die kremetart. Sy moet leer om in totale afhanklikheid van die natuur vir haar 'n weg te baan: "soos die wild maak ek my paadjies...ek trap my eie spoor" (6), maar versigtig, bedag op gevaar en tentatief: "...selfs die dae wanneer dit vir my voel asof daar oral onder die grond slangeiers lê, ook dan moet ek maar op die been kom en gaan en hulle probeer mistrap" (6). Hierdie weg wat sy vir haarself probeer baan, is 'n "dowwe kronkelinkie" (6), onduidelik vorentoe en nog onduideliker agtertoe. Dit hou verband met

die dwaling van die verteller se geheue, want "As ek nie eens op die kort wandeling van die ingang van die kremetart na die hopie potskerwe en ander vondse, suffel tree soontoe, suffel tree terug, van alles kan weet nie, hoe dan van my reis wat vir my soms voel of dit 'n leeftyd was en nog steeds duur, steeds voortgaan, al reis ek nou in kringe om een plek?" (7).

Die etimologiese betekenis van "expedire" (om iemand se voete uit boeie te bevry), kry hier sy teenpool, "impedire" (om iemand se voete te boei), want "op die baie paadjies van my geheue verrys daar dreigende gedaantes wat elke terugblik versper" (7). Die verskeie dwalinge, herinneringe, ervarings- en gedagtereise word opgeroep in: "Daar is meer paadjies kruis en dwars in my geheue as wat ek ooit 'n lewe lank werklik gesien het" (8), maar sy besef dat dit haar nie vergun sal word om alles op te spoor nie, dat haar speurvernuf gefnuik word en dat die spoor in haar binneste doodloop (8). Die ekspedisies, soektogte en verkennings is futiel, want "allerlei paadjies na niks straal uit om my woonplek. Hulle is nie aangelê nie. Hulle het so gekom", hulle is "paadjies na niks"; tog, heeltemal paradoksaal, het sy "gesoek en gebaan en gevind" (8). So dikwels raak sy die spoor byster, "die rigting ontwyk my en doelloos soek ek...ek dwaal in die veld rond asof ek nog geen stelsel op hom afgedwing het nie" (10).

Sy praat verder van die "geheime paadjies" (22) wat net die ingewydes ken, 'n sinspeling op die byna onmoontlikheid om ander se gebied te betree en te verken. Haar kringpaadjies om die kremetart en in haar gedagtes is "die klere van 'n nuwe lewe waarmee ek al in die rondte al om die kremetart reis en hom nooit uit die oog verloor nie want wat op

die pad terug lê, het eenmalig gebeur en wat in watter rigting ook al na die ander kant lê, is, bitter besef, nie vir my beskore om op my eie aan te durf nie" (43). Maar sy hou nie op soek nie, sy verken graag, ontsluit graag, sy hou nie op toets nie (43). Haar "dwangreis" (46) wat nie net betrekking op die ekspedisie het nie, maar ook terugwys na haar gevangeneming, sien sy as "n verwarring wat ek moes deurmaak" (63), maar sy probeer dit nie uitpluis of sin daarin soek nie. Op die "dowwe paadjie" van hul roete probeer sy haar lang skaduwee inhaal, maar "nooit haal ek myself in nie" (69). Daar word weggedwaal van die bekende weë, die "goud- en slaweroetes" (74), weg van die kapitalistiese wêreld van haar verskeie eienaars. Haar "eie getrapte voetpaadjie" (104) kom haar irriterend lank voor en sy moet "nuwe paadjies maak" (108) om telkens verby die nuwe versperrings te kom.

(Aan die aspek van ekspedisies na binne word in die volgende hoofstuk meer aandag bestee.)

Hieronder word nou gepoog om die meerduidige aard van "ekspedisie" te belig.

1.2.1 EKSPEDISIE NA DIE STAD VAN ROOSKWARTS

Die mees voor die hand liggende "ekspedisie" is die mislukte soektog na die stad van rooskwarts, "na die lugspieëling van 'n stad in 'n bloeiende rooi woestyn" (51), "n opgeefselende stad, 'n Vigiti Magna" (Ernst Lindenberg: BEELD, 09.11.81), onder leiding van die "oudste

seun" van die slavin se voorlaaste eienaar. Hy het "die fantastiese plan beraam en begin voorbereidings tref vir 'n splinternuwe soort ekspedisie...die droom van die onbekende. Die verlokking van die vreemde" (44). In retrospeksie besluit die slavin dat die "rykmanseun hom dom-romanties gehou het en wou bewys dat 'n oorlandse roete bestaan" (44), naamlik dat hy geglo het dat deur oor land te reis hy by "die uiteinde van die wêreld" (59), Portugal, sal aankom in teenstelling met die Portugese seevaarders wat om die kus van Afrika moes vaar om wes en oos te verbind. Dit behoort "juis kortpad te wees na die land van die knap seevaarders wat...van die uiteinde van die uiteindes kom" (59). Terugskouend wonder die slavin wat die motief daaragter was, maar kom tot die slotsom: "...uiteindelik is hoekom van geen belang hoegenaamd nie" en spekuleer dat dit dalk "fantasie en winsmotief, kinderdrome, verlange na die verre, deurwrogte beramings of 'n rebelse worp" kon wees (58). Daarom vertrek hulle "na die grense van die gees" (59) en hoe fantasties hierdie ekspedisie was, word treffend uitgebeeld: "Holtediere wat wil verhuis, is ons. Skulpdiere wat oor sand aanskuur. 'n Kolonie seerose wat eenvoetig oor droë rotse aanstoot. Visse wat op vinne loop. Waggelende soutgeskubde selakante. Huilende doegongs" (59).

Dis 'n "onafsienbare lang tog" (51) wat gepaard gaan met ontbering, agterbaksheid, trouloosheid, sameswering, twis onder die ekspedisieleiers, verlies, maar hulle "dink aan die lokkende stad en wat daar alles op ons sal wag" (52). Dis 'n reis oor 'n "vreemde, grillige landskap. Gryns. Gryns newels. Klippe. Korsmos. Nat en gryns" (68), maar dis "n tog na 'n nuwe horison" (28), "na die stad in die verte..." (81). Die ekspedisie word al hoe kleiner - dit hou

verband met die inkrimpingsmotief in die vertelling - want eers verdwyn die een draerslaaf, daarna die sangabeeste wat lasdier, vervoermiddel en voedselbron was, en dan die oudste seun saam met al die slawe en oorblywende voorraad. Al wat vir die slavin en haar "vreemdeling" agtergelaat word, is haar drastoel, simbool van die besittersklas, nou nutteloos, uitgedien, aangesien dit nie eens vir brandhout opgekap kan word nie, daar al die gereedskap saam met die oudste seun verdwyn het.

Na 'n vergeefse soektog na die verdwene mense, sit die slavin en die vreemdeling die tog voort, kies hulle hulle "koers volgens die son" (89). Hulle is hulpeloos sonder die slawe om hulle deur die riviere te dra en "vind skaars genoeg om liggaam en siel aanmekaar te hou" (89). Die mens se onbeholpenheid, sy ontbeerlikheid, sy nietigheid te midde van die magtige natuurdinge, spreek uit die vreemdeling se "triviale dood in die hartjie van die woestery" (61), ingesluk deur 'n krokodil om dan as "krokodilmis uitgeskei te word" (62). Die slavin, die enigste oorblywende van die ekspedisiegeselskap, sit alleen die tog voort nadat sy op en af langs die rivier gestap en "angstig, klaend, dringend, wanhopig" (61) na die vreemdeling geroep het. Haar ontbering word saamgevat wanneer sy uiteindelik by die kremetart aankom: "Want bedeel uitsluitlik met herinneringe het ek hier aangeland, 'n verhongerde, verflenterde wese, sukkelend deur vlaktes en valleie, koorsig van ontbering, voortstropelend na 'n steeds ontwykende horison, steeds dagreise ver, steeds dieselfde, om ingesluk te raak deur 'n boom..." (15). Hierdie eerste ekspedisie is dus inderdaad 'n onbeplande ekspedisie na die kremetart, dit was "n tog na 'n nuwe horison wat 'n ekspedisie na 'n boom geword het" (28).

1.2.2 EKSPEDISIE VANAF DIE KREMETART

Dis dan vanaf hierdie kremetart dat 'n ander soort ekspedisie hom voltrek, 'n ekspedisie met die hele repertoire van geometriese patrone: sirkels, kruis en dwars, sig-sag, strale, lyne; dis paadjies en spore en dwalings en swerftogte vanaf die boom en terug daarheen; dis 'n terugkeer na, 'n herontdekking van en 'n vereenselwiging met die Afrika-natuur; dis 'n stryd om oorlewing, dis kultuur versus natuur, 'n wedywering tussen mens en dier, dis 'n blootlegging van die mens se nietigheid en hulpeloosheid; dis 'n herkenning en erkenning van die mens se dierlike gierigheid; dis 'n ekspedisie waarin die balans in die natuur met sy maksime van leef en laat leef in teenstelling met die mens se magstryd uitgebeeld word; dis 'n opheffing van tyd; dis 'n leerproses van nuuts af - dinge wat eens deel van haar opvoeding was, is deur "veredeling" verleer.

Na die slavin se aankoms by die kremetart, tref die bittere besef haar: "niemand raak so beskermd groot soos 'n slavin nie...ook so onkundig groot soos 'n slavin nie, en ook ek, skitterende uitsondering, blyk dom te wees waar dit op wild en wild se gewoontes aankom" (6). Van frustrasie huil sy toe sy, "ontoegeruste dom beskaafde" (34), aan die begin gesukkel het om 'n vuur aan die gang te kry, "die slag met die wryfstokkie" haar "ontwyk" het (34). Om liggaam en siel aanmekaar te hou, probeer sy voëleiers roof, maar selfs boomklim het sy verleer. Sy het nie "die skerpheid van blik om grondneste in die grasveld te onderskei nie", sy kan nie veldkosse "uitsonderlik vir 'n mensegestel bedoel" uitken nie en moet "op die spoor van bobbejaan en vlakvark knolle probeer soek" (34, 35). Sy raak uitgeteer en

afgestomp, haar gesig en verstand raak aangetas, sy slaap meesal, haar omgewing verander voor haar "benewelde blik in golwende lyne wat in skrikwekkende mooi skakerings oplos" (35). Maar gaandeweg begin sy haar omgewing versigtig verken en in die tye van helder wakker wees sien sy die "paradyslike weligheid" (35) daarvan raak; sy moet haar daarvan "vergewis" dat haar omgewing 'n tuin met "ongekende oorfloed" is, sy moet "weer fynkam" en "die speletjie beter leer" (35).

Die geboortemotief wat so sterk deur die vertelling sirkuleer, het ook betrekking op die verteller se ekspedisie vanaf die kremetart: "Elke keer herbore uit die buik van 'n kremetart staan ek vol van myself" (12). Dis ook 'n omgekeerde geboorte, want sy ontklee haar, staan nakend in die opening van die kremetart, stroop haar van die sogenaamde beskawing ten einde haar te identifiseer met die natuur en natuurmensies, tree hulle uitdagend tegemoet, "maar my uitdaging getemper deur aangeleerde grasia, skugter maar koninklik, verleidelik maar afwerend, en ek kyk hulle reg in die oë en dwing hulle om reg na my te kyk en my te erken, as mens, en ook maar net mens. Dit is al wat ek is" (98). Sy vind dit egter moeilik om haar te stroop van haar menslike meerderwaardigheid wat deur haar "veredeling" tot stand gekom het en dis nie verbasend dat sy "aspres nie gesien" word nie (99).

Hierdie superieure houding van die mens ontstaan omdat hy glo dat hy "deur opvoeding veredel" is; tog is daardie opvoeding nie voldoende om hom die grootsheid en kompleksiteit en wonder van die natuur te laat begryp nie. Daarom kan die slavin erken: "Wat onvatbaar reusagtig is, reduceer ek tot verspotheid om dit te kan verwerk en my mag daarvoor te kan bevestig" (7).

Hierdie ekspedisies vanuit die kremetart bring elke keer nuwe wysheid mee: as sy die ongeskrewe wette van die natuur gehoorsaam, is vreedsame naasbestaan moontlik. Sy het eenkeer byna onder die olifanttrop beland deurdat sy hulle deurkom- en badplek betree het, maar nadat sy geleer het om uit hulle pad te bly wanneer hulle kom bad, kan sy sê: "Ek leef. Hulle leef" (7). Sy besef dat haar "denke nie met dié van die ander wesens hier sluit nie", dat sy veldkosse in mededinging met die dier pluk, uitgraaf, optel, dat plante en bome nie vir haar bot en bloei en vrugte dra nie (8).

Die ekspedisie vanaf die kremetart bring haar ook tot die ontdekking van die krale en ander reste van beskawings wat vóór haar daar was. Sy probeer heeltemal futiel die tyd bepaal met behulp van die krale omdat sy 'n kultuurwese is, maar die natuur leer haar dat die tyd "rommel" is en dat die natuur self die tyd openbaar. Sy kom tot die besef dat menslike kontak onontbeerlik is - haar kennismaking met die "klein mensies" is heeltemal sonder kontak en sy, die eensame, moet besef dat die afstand tussen haar wêreld en dié van die "klein mensies" onoorbrugbaar is.

Tog is dit hierdie klein mensies, natuurwesens, wat tot haar redding kom wanneer sy weens hongeruitputting en onbeholpenheid 'n "skamel oorblyfsel" van haarself word (93), sy ylend uitdor en sonder krag is. Hulle voorsien haar van voedsel, klere, versierings ("lieflike speelgoed", p.65) en ander noodsaaklikhede soos waterhouers, dit is vir haar "die klere van 'n nuwe lewe" (43). As gevolg van die klein mensies se sorg, "gedy" sy "as verskynsel" en "van swaarkry is daar geen sprake meer nie, eerder van luilekkerte" (94, 95). Dis dan ook

hulle wat haar op subtiele manier leer om haar "ooreenkomstig onbekende wette te gedra" (94) en uiteindelik, as laaste geskenk, 'n volstruiseierdop met gif bring vir haar selfvernietiging. Sy sal dit "eerbiedig doen, stadig en statig in 'n laaste vergeefse poging om te voldoen aan vereistes wat ek nie verstaan nie" (92).

Haar geleidelike oorgang van kultuurwese na natuurwese is te bespeur in haar vrees vir die natuurelemente wat gaandeweg getemper word, in die feit dat sy haar stryd teen die magte van haar omgewing gewonne gee en daarmee leer saamleef, soos sy "met die veld en die diere en insekte leer saamleef" (97). Namate sy meer vertrouwd met haar omgewing raak, kring haar ekspedisies vanuit die kremetart verder uit, in konsentriese sirkels soek sy na 'n "wyer horison" (43), maar die ironie is dat daar 'n toenemende inperking en inkrimping is. Alles waarna sy gesoek het, het "tot dwergiegrootte gekrimp" (107) en "eintlik het alles tot wat 'n boom bepaal, gekrimp" (43). Haar "kontrei krimp" (108) soos haar kragte afneem en sy verlang na niks meer nie. Al wat vir haar oorbly om te doen, is om die gif te drink, haar "vlerke in te vou", en rus te vind in die kremetart.

Hierdie tweede ekspedisie is dus ongetwyfeld 'n ekspedisie vanaf die kremetart, maar as demonstrasie van die teks se ambivalensie, is dit ook telkens 'n ekspedisie terug na die kremetart.

1.2.3 'N GEESTESEKSPEDISIE/"EK-SPEDISIE"

Maar hierdie fisiese ekspedisie vanaf en terug na die kremetart is

terselfdertyd 'n geestesekspedisie, 'n inwendige ekspedisie in die verkenning van die self. Hierdie aspek word in die volgende hoofstuk behandel.

1.2.4 'N EKSPEDISIE IN DIE WESE VAN DIE VROU

Dit word ook 'n ekspedisie in die wese van die vrou as universeel onderdrukte wese, verhewig deur die feit dat die verteller nie net 'n vrou is nie, maar ook slaaf en (heelwaarskynlik) swart - dus die mees onderdrukte van alle onderdruktes. Hierdie openbaringe lei dan ook onvermydelik daartoe dat 'n ekspedisie in menswees in onderneem word. Hierdie aspekte sal in Hoofstuk 3 bespreek word.

1.2.5 EKSPEDISIE IN DIE AFRIKA-GESKIEDENIS

Die vertelling is ook 'n insiggewende ekspedisie in die geskiedenis van Afrika, wat weer verskeie ander ekspedisies as boustene het. Alhoewel die aanduidings van ruimte vaag is, kan die verhaal deur woordgebruik in Afrika en meer spesifiek Suider-Afrika gesitueer word, bv. die "klein mensies" en hulle "klik-taal" (65), die karvele wat om die kus van Suidelike Afrika gevaar het, die kremetart self wat sy natuurlike habitat in die Afrikaanse savanne het, die dierelewe wat eie daaraan is, die rotstekeninge wat soos "stokinsekte" lyk en slawerny. In 'n onderhoud met Welma Odendaal in DIE SUID-AFRIKAAN (April 1988), antwoord Wilma Stockenström op 'n vraag van waar die ekspedisie plaasvind soos volg: "Die slavin is gevang as kind in vandag se

Ruanda-Burundi, sy is geneem na Sofala waar sy grootgeword het...Nadat hulle van die eerste Portugese die storie gehoor het, besluit hulle, kyk, wat daai spul met 'n gesukkel om hierdie landmassa gedoen het, behoort moontlik te wees oor land...Toe besluit hulle - oor land. Hulle volg eers die ou slawe- en soutroete. Toe beland hulle aan die noordekant van die groot Sabierivier, dan eindelijk kom hulle oor die rivier. Dan dwaal hulle af en dit eindig by Mapoengoebwe in Noord-Transvaal en die woestyn is die Kalahari, die rooiwoestyn. Aan die anderkant van dié landmassa moes dan, volgens hulle berekening, Portugal lê".

1.2.5.1 Die Portugese ontdekkingsreise

Net so vaag soos die ruimtelike aanduidings is, net so vaag is die tydsaanduiding, maar weer eens is dit deur woordgebruik dat hierdie verhaal in 'n sekere tydperk geplaas kan word, nl. in die tyd van die Portugese ontdekkingsreise en spesifiek in die tyd ná die ontdekking van die seeroete na die Ooste deur Vasco da Gama - dus nie voor ongeveer 1497 nie. Aangesien 'n gedeelte van die vertelling in 'n hawestad aan die Ooskus van Afrika gesitueer is en aangesien Stockenström self erken dat hierdie hawestad Sofala is (dit sou ook Dar-es-Salaam of Bagamoyo kon gewees het), moet ons aanvaar dat dit die tyd was toe die Portugese alreeds 'n seeroete na die Ooste gevind het.

Die ekspedisie onder leiding van die oudste seun was juis 'n poging om 'n "kortpad te wees na die land van die knap seevaarders wat die stad onlangs aangedoen en met hulle ontberinge op die bare van 'n ongekende onmeetlike water gespog het, en aan die hand van die talle

skeurbuikgevalle onder die bemanning kon bewys dat hulle van die uiteinde van die uiteindes kom" (59). Hierdie seevaarders het in hulle "bonkige karvele oor die foelie van die see geskuif gekom" (59). Van die seevaarders verneem hulle van "n land aan die ander kant van die wêreldskyf" en van vaarders wat al op die rand van die wêreld tot hier geseil het en met watter magtige storms die gode hulle oor die rand wou dryf en die niet in wou laat stort" (60); hulle vertel van "stemme in die loeiende wind...wat hulle gewaarsku het om om te draai,...van monsters,...van agterlike vyandelike volke" (60) aan land. Hieruit kan ons ook aflei dat die verhaal hom afspeel in 'n tyd toe daar geglo is dat die aarde plat is en toe allerhande bygelowe by die matrose bestaan het. In hierdie opsig sluit dié werk aan by DIAS van Van Wyk Louw. Vgl. bv.: "Hierdie eensame water, Pedro/die moes verborge bly: só wou God dit" (17) en "Die see hier is geskenk aan Magte en Prinsé/en aan die Dinge van die Wildernis./En oor ons leef 'n nuwe wrede hemel..." (19). In JOERNAAL VAN JORIK van Opperman is daar ook so 'n terloopse verwysing na die bygeloof van die matrose, wanneer Jorik 'n gedagtereis in die groot historiese momente van Suid-Afrika onderneem:

en later

as geen geloof en geld hul verder por
 waar seemis en die stof van die woestyn
 meng in die storms by Kaap Bojador
 en grys die valle van die groot gordyn

oor allereinders van die aarde hang
 en bose voëls en engele van ons skei,

Verdere aanduidings van die Portugese ekspedisies is die "bakens wat hulle opgerig het" (die klipkruise), die "rooi teken op hulle geel seile"¹ en die feit dat "hulle vir hulle koning seil" (prins Johan).

Ook die voorkoms van die seevaarders laat vermoed dat hulle Portugese is: "die stomperige harige mans in dik eienaardige kledy", 'n aanduiding dat hulle uit 'n kouer streek kom (60). Op bladsy 103 is daar 'n verdere aanduiding dat hierdie nuweling Portugese seevaarders kan wees: "Seer sekerlik hou hierdie snaakse karvele wat onlangs begin aandoen het, geen gevaar in nie...hierdie naïeweling wat vir water moet bedel en vir vars vleis en vrugte".

1.2.5.2 Die handelstogte

'n Ander soort "ekspedisie" wat ons 'n kykie gee in die geskiedenis van Afrika, is die handelstogte vanaf die kus na kleiner kUSDorpie en na die binneland, vanaf die binneland na die kus en vanaf ander lande na die kusdorpe. Die stadslui is "vet van welvaart in 'n onrustige vrede op die rand van die geskiedenis" (102), hulle handhaaf "uitstekende betrekkinge" met die vele dau's wat van ander lande, waarskynlik uit die Ooste, aankom, belaa met ware. Die handelaars versprei die ware na kleiner kUSDoorde in hulle eie samboeke - dis 'n ruilhandel in luiperdvelle, ivoor, ambergrys, skilpaddop en renosterhoring (103). In 'n inleiding tot die geskiedenis van die kUSDorp Bagamoyo, wat ook die geskiedenis van enige ander dorp aan die Ooskus van Afrika kan wees, skryf Brown (1970): "'It has always meant the comfortable life.' In these words the wazee of this historical coastal town sum up the spirit that was once Bagamoyo. Recalling the days of prosperity when the customs house had as much activity as the bustling marketplace, they relate endless tales of good food, magnificent clothes and love adventures". Die naam Bagamoyo beteken "Be quiet my heart" of "Lay down the burden of your heart" en die teorie bestaan

dat hierdie naam sy oorsprong het in die geweeeklaag van die slawe wie se harte vir altyd in hul geliefde vaderland sou bly nieteenstaande die feit dat hulle teen hulle sin na verre lande verskeep sou word. 'n Ander teorie is dat die naam aan die kUSDorp gegee is deur die karavaanhandelaars wat die einde van hulle lang en moeisame tog vanuit die binneland bereik het. Ook Breytenbach ontgin die gegewens omtrent hierdie kUSDorp in sy gedig "Bagamayo" in sy bundel SKRYT (1972):

wees bly, my siel, laat alle sorge gaan
 binnekort bereik ons die plaas van jou verlangens
 die stad van palmbome, Bagamayo.
 toe ek ver was, hoe seer was my hart
 by die gedagte aan jou, my p  rel
 my oord van geluk, Bagamayo.

daar kam die vroue hulle hare
 jy kan die hele jaar palmwyn drink
 in die tuin van liefde, Bagamayo.
 die dhows kom aan met vloeiende seile
 om die weelde van Uleias in te skeep
 in die hawe van Bagamayo.²

Wat die dau's betref, skryf Caroline Sassoon (1970) dat daar twee soorte was: die plaaslike vaartuie wat op en af langs die Ooskus van Afrika en na die eilande handel gedryf het; en die veel groter vaartuie wat van die weskus van Indi  , die Persiese Golf en die Rooi See gekom het.

1.2.5.3 Die jagekspedisies

Dit bring ons by die derde soort "ekspedisie" in die Afrika-geskiedenis, nl. die jagekspedisies en die gevolglike uitroeiing van die Afrikaanse fauna en die verarming op ekonomiese gebied van Afrika. In 1.2.5.2 is daar reeds melding gemaak van die ruilhandel in luiperdvelle, ivoor, ambergrys, skilpaddop en renosterhoring (103).

Die ivoorarmband, 'n belangrike kode in die vertelling, word simbool van "kultuur", terwyl die "bondels tande" (82) van die "natuur" geroof is. Op hulle ekspedisie na die stad van rooskwarts loop die ekspedisiegeselskap die jagters raak met "hul buit van olifanttande" (82). "Hierdie ru vorm van ivoor lyk vir my bra lelik, veral die stomp punte wat uit die vleis geslag is, en die tande se tekstuur lyk glad nie op wat ek om my arm dra nie," besluit die slavin. Dat hierdie rooftog met groot wreedheid en minagting vir die natuur en onnodige slagting gepaard gaan, spreek vanself hieruit. Die omskepping van natuur tot kultuur is nie altyd om estetiese redes nie maar die "opperste winsspeletjie" (102). Wanneer die verteller die eerste keer olifante en die "pare-pare slagtande" sien, sukkel sy "om die skouspel te rym met die gladde armband" wat sy eens gedra het (7). Die feit dat die ivoor van Afrika as van 'n hoër gehalte beskou word as bv. dié van Indië, het hierdie vasteland die maklike en weerlose teiken van rowers en fortuinsoekers gemaak: "Tog word beweer dat hierdie geweste se ivoor van 'n veel hoër gehalte is as dié van olifante wat oorkant ons stad se groot see gejag word" (82).

1.2.5.4 Slawehandel en slaw-ekspedisies

Die vernaamste ekspedisie binne die ekspedisie in die Afrika-geskiedenis, is die slawehandel en -ekspedisies. Die drie vernaamste streke in Afrika waar slawe "gejag" is, is die Ivoorkus, Wes-Afrika en Sentraal-Oos-Afrika. Aangesien 'n deel van die vertelling in Oos-Afrika gesitueer is, is 'n verdere "ekspedisie" in die geskiedenis van slawerny nodig. Die verteller self is 'n slavin, as kind uit die binneland geroof, verskeie kere op die markplein verkoop, haar kinders

gevoelloos van haar weggeneem en afsonderlik van die hand gesit. Die slawe is ontman. Saam met die jagekspedisies is die slawe-ekspedisies seer sekerlik die grootste oorsaak van die ekonomiese uitbuiting en gevolglike verarming van Afrika; dit was die vernietiging van 'n "paradyslike weligheid" (35); dis rooftogte waarin Afrika van 'n aansienlike deel van sy mannekrag beroof is sodat ander lande die voordeel daarvan kon hê; dit was 'n verlies aan selfwaarde by die slawe en hulle nageslagte: hulle is "geesloses", tree "ontmenslik" op, "eienaardig leeg is die oë, werktuiglik die bewegings asof hulle ingeboude bevele gehoorsaam" (70). Die verteller en haar mede-slavinne is beskou as slegs "eenderse werkseenhede" (37).

(Die aspek van slawerny word breedvoeriger in hoofstuk 3 bespreek.)

1.2.5.5 'n Ekspedisie in Afrika se kunsgeskiedenis

Ons kry verder 'n kykie in die Afrika-kunsgeskiedenis en dus in die inboorlinge se leefwyse. Die vonds van die krale laat die verteller wonder of "hulle eenmaal in ontvangs geneem is in ruil vir iets" (11), sulke "petieterige krale", "rommel", die slavin se "tellingspeelgoed" (14) waarmee sy die tyd probeer bepaal. Hieruit word dit ook duidelik dat die inboorlinge van Afrika op meer as een manier deur die kapitaliste geëxploiteer is en word. Sy ontdek op een van haar vele ekspedisies vanaf die kremetart potskerwe en koperdraad, "hierdie oorblyfsels van bewoners wat ek verwens omdat hulle niks meer as dit kon nalaat nie" (14). Tog laat dit haar terselfdertyd wonder: "...wandel ek oor graftes?...wandel ek oor mure deur stof toegewaaï en deur plant toegerank? Wandel ek dalk oor binnehowe en pleine,

verskansings en terrasse, watervore, sale, krotte, vestings en strate tot niksbeduidendheid verbrokkel?" (14). Sy kan wel wonder, aangesien Afrika die argeoloog se paradys geword het en meer en meer geheime omtrent hierdie geweldige vasteland jaarliks onthul word. Sy gebruik hierdie "artefakte van vergetenes om tyd om te kry, om tyd te stol" (15) en dit laat haar goed voel om die dinge uit "n anderse vroeër" te hanteer. Hierdie potskerwe en koperdraad roep herinneringe op wat weer 'n verdere blik in die Afrika-geskiedenis gee, nl. die "bloedige oorloë van uitwissing...droogtes, 'n epidemie" (14).

Ook in die Afrika-boukuns word 'n ekspedisie onderneem. Op hul reis na die stad van rooskwarts mymer die slavin en "versin die wonderlikste geskiedenis van 'n stad met bultende mure en chevrongepakte klippe...n stad min of meer soos wat ons die vrouens op ons reis sien bou het" (65). Hulle het 'n hele paar sulke klipstede verbygegaan, "party verlate en aan die ineerstort, party halfklaar en net so gelos om puin te word, party in aanbou. Mure om terrasse te stut en mure vir wonings of tempels of skure en alles deur vroue-arbeid opgerig" (65). Hierdie beskrywing laat onmiddellik dink aan iets soos die Zimbabwe-ruïne wat uit die 3de eeu n.C. dateer en moontlik nog ouer kan wees, aangesien ander soortgelyke ruïnes in Afrika om en by 3000 jaar oud geskat word. Die vrouens wat bou se bolywe is kaal en hulle dra wulke en "bont kraalversierde amulette om die hals en enkelringe van koperdraad" (66). Hulle boustyl is ook anders: "geen reghoeke hier maar sagte kurwes in aansluiting by die aarde se kurwes. So bou vrouens" (67).

Opgrawings wat in die gebied van Mapungubwe-kop deur argeologie-

studente van die Universiteit van Pretoria gedoen is, het belangrike inligting omtrent die Ystertydperk-kulture van Greefswald aan die lig gebring, en stem in baie opsigte ooreen met die slavin se waarnemings. Argeologiese vondste sluit in potskerwe; ysterartefakte soos piklemme, dissels, pylpunte, assegaaiemmes, arm- of enkelringe van ysterdraad; koperornamente soos ringe, enkel- of armbande van koperdraad; glaskraletjies; artefakte van been, ivoor, skulp, eierdop en tuisgemaakte goue ornamente. Wat die boustrukture betref, is hutte, hutvloere en buitelugvloere gevind. Die planvorm van die hutte is sirkelvormig tot effens ovaalvormig, enkelmuur- en dubbelmuurhutte. Verder is ook klip-terrasmure en vrystaande klipmure ontdek.

Dis die ontdekking van die rotstekeninge wat so onafskeidbaar deel van Afrika is, wat die onverdraagsaamheid en minagting vir ander kulture illustreer. Die vreemdeling, as "kenner" van die visuele kunste, "klaar oor die gebrek aan afwerking en die kennelike afwesigheid van kunsreëls in hierdie lomp pogings...Dit het met kuns niks te doen nie. Dit registreer niks nie, dit wil niks meedeel nie, dit wil nie esteties bevredig nie. Dit is funksieloos" (86) - hierdie uitspraak is sonder twyfel 'n satirisering van die kunskenners wat alles afkraak wat hulle self nie begryp nie, want "n verklaring skiet ons nie te binne nie" (86). Wanneer die vreemdeling gewetenloos hierdie tekeninge met sy dolklem vernietig en die oudste seun onbedaarlik aan die lag gaan, voel die slavin terneergedruk: "Ek voel of my keel wil toetrek, ek voel of die onbegryplike my wil verwurg" (87) en dis betekenisvol dat sy hier dieselfde emosies ondervind wat sy ondervind het elke keer as 'n nuwe besending slawe in die hawestad aangekom het:

"die tekens van gebrokenheid wat my oopkloof, my gees verbrysel, my wanhopig laat staar..." (31).

1.2.6 EKSPEDISIE IN DIE GODSDIENS

Die teks word ook 'n interessante en individuele ekspedisie in die godsdiens, gewoonlik 'n hoogs omstrede en baie persoonlike aangeleentheid. Geloof, ongeloof en bygeloof, 'n erkenning van ander se godsdiens, godsdiensverdraagsaamheid en -vryheid en 'n ommekeer van gevestigde idees in verband daarmee word in hierdie teks deureengewef.

Die vreemdeling is die spreekbuis vir al die opvattinge in verband met die godsdiens, en sy stelling sal deur menige Christen as "heiligs kennis of sedisie" (16) beskou word. Volgens hom klamp die mens hom aan godsdiens vas omdat hy die dood vrees en die vrese wil besweer. Omdat daar "siklusbeloftes en beloftes van opstanding, beloftes van 'n paradyslike hiernamaals, van die vriendelike gemeenskap van voorgeslagte, van saligwording deur onthouding maar ook deur belegging en besteding" (100) is, glo die mens in gode en in die voorspraak van gestorwe voorgeslagte. Terwyl die mens dikwels kleingelowig en skepties teenoor die koue werklikheid staan, is hy heeltemal bereid om in 'n vae en mitiese paradys te glo. Hierdie siniese vreemdeling glo ook nie daarin dat "die dood 'n gemeenplaas" (100) is nie - dis maar net bangmaakstories, 'n verveligheid en soms vermaaklik. Hy sal eerder na sprokies luister as om oor die godsdiens te argumenteer. Die verskillende godsdienste toon ook hulle

onverdraagsaamheid deurdat hulle ander godsdienste "skaamteloos verwerp" en skaamteloos aanhangers probeer werf. Godsdien, van watter aard ook al, is nie vry te spreek van selfsug, wedywering, omkoperij en korrupsie nie. Die "prekende kastes" is net geïnteresseerd in mag, daarom mislei hulle die massas in hulle "blinde gehoorsaamheid", eksploiteer die liggelowigheid van mense en slaan munt uit die gewone mens se vrees vir die dood.

"Laat die gode bo-oor ons koppe staar. Hulle weet wat hulle sien", beweer die vreemdeling (16). So ook moet die gestorwe voorvaders met rus gelaat word, aangesien hulle voorspraak onnodig is wanneer 'n mens onkreukbaar lewe. Wat die vreemdeling egter nalaat om te verduidelik, is: onkreukbaar volgens watter standarde, norme, godsdien of filosofie? Wat vir een godsdienegroep heeltemal aanvaarbaar is, mag vir 'n ander groep uit die bose wees, bv. poligamie. Met "onkreukbaar leef" impliseer die vreemdeling dat elke mens tog een of ander norm of geloof aanhang wat sy handel en wandel bepaal. Sy stelling van mense "wat hulle stamgeskiedenis tot godsdien verhef" (16), kan beskou word as 'n politieke stelling wat moontlik 'n sinspeling is op die Suid-Afrikaanse bevolking en meer spesifiek op Afrikanerdom. Verder sê die vreemdeling dat diegene wat 'n godsdien wil beoefen, toegelaat moet word om dit sonder bedreiging of inmenging te doen, want hulle sal "dienooreenkomstige maatreëls tref om vir (hulle) 'n aangename ewige lewe te verseker" (16).

Wat egter onmiddellik die aandag trek, is dat beide die verteller en die vreemdeling "sonder godsdien" (72) leef, maar terselfdertyd bygelowig is. Die vreemdeling glo byvoorbeeld in "toornaars en

getoordes" en glo dat hy oor bonatuurlike magte beskik. Hy roep snags al sy "gedienstiges" (72) om grafte te skend. Hy erken dat hy sy hele lewe lank getrag het om sonder godsdiens, bygelowe of ander vorme van ontvlugting te leef, "en nou bevind ek my in die grootste illusie van my lewe" (72). Die omstandighede dwing hom om te erken dat hy tog al die tyd 'n soort geloof gehad het, maar hy sal "die storie end-uit moet leef" (72). Hy besef dat hy hom belaglik gemaak het deur voor te gee dat hy in niks glo nie en besluit "n mens kan belaglikheid met waardigheid beklee" (72).

Die slavin erken dat sy alle geeste behalwe die een wat in haar woon (haar watergees), ignoreer. Omdat sy nie toegelaat is om "eiegoed", waaronder haar godsdiens, in haar nuwe omgewing te beoefen nie, het die "gewestelike rituele vir my inhoudsloos voorgekom en ek my eie rituele vir my eie inwonende gees geskep en sonder voorkennis 'n wit skulp en 'n swart skulp gaan optel het" (24). Tydens die storm val 'n tak van die koedoebessieboom op haar en sy doen beenbreuk op. Sy skryf dit toe aan die feit dat sy die koedoebessie "altyd bestendig geïgnoreer en nooit sy gees se guns probeer soek het nie" (24). Soos die vreemdeling, glo sy ook in die okkulte. Wanneer die ontmande slawe soos "geesloses, ontmenslik" optree, glo sy hulle is die "makkers van die tokkelos" (70): "eienaardig leeg is die oë, werktuiglik die bewegings asof hulle ingeboude bevele gehoorsaam" (70) en sy beskou hulle as "getoordes". Haar ervaringe skryf sy in die meeste gevalle toe aan die werking van haar "watergees". Sy wonder ook wat van haar sou geword het in die land van haar herkoms: "Sou ek my aan godsdiens geklamp het?" (53).

Die teks wil demonstreeer dat die mens tog een of ander "geloof" beoefen, dat hy tog een of ander "godsdienst" aanhang ten spyte daarvan dat hy die irrasionele van die tradisionele godsdienst verwerp. 'n Geloof of godsdienst van watter aard ook al is deel van jou "eiegoed" of geestesgoedere, dit is dit wat jou lewenswyse bepaal en een van die ankers van jou bestaan vorm. Die dualiteit van menswees spreek uit sy redelikheid én onredelikheid.

1.2.7 'N TAALEKSPEDISIE

Op die vlak van die skrywerskap word 'n ekspedisie onderneem. Ernst Lindenberg noem dit 'n "prosa-ekspedisie", Gerrit Olivier 'n "kunsekspedisie", J.P. Smuts 'n "ekspedisie in die kunstenaarskap", Anita Lindenberg noem dit 'n "eksperimentele werk", Ia van Zyl 'n "tegniese eksperiment", maar bowenal word dit 'n "taalekspedisie" genoem deur Gerrit Olivier.

Die komplekse motief van taal is een van die boeiendste aspekte van DIE KREMETARTEKSPEDISIE. Die slavin maak die taal self 'n verdere en laaste ekspedisie.

J.P. Smuts (DIE OOSTERLIG, 19.10.81) meen die sterk poëtiese taalgebruik is 'n voorbereiding op 'n verdere motief in die werk, nl. 'n bemoeienis met die rol van die kunstenaar en by name die skrywer in die maatskappy. "n Sentrale probleem van kunstenaarskap wat hier na vore gebring word, is dat die goeie kunstenaar dikwels teen die norme van die samelewing ingaan, maar uiteindelik op grond van sy sukses

onvermydelik deel word van die gesagsorde." Die vraag wat onmiddellik ontstaan, is: die norme van watter samelewing? 'n Mens moet aanvaar dat Smuts hier bedoel die samelewing van die gesaghebber en as dit sy bedoeling is, dan kan jy sê die kunstenaar is nie aan enige samelewing verbonde nie maar is 'n universele kunstenaar wie se taak dit is om die norme van enige samelewing te ondersoek en te bevraagteken in relasie tot algemene menslikheid. Hy moet "oopkrap, opdiep, blootstel, bespiegel en aflei" (96).

Vir Gerrit Olivier is die nuwe soort droom waarin die slavin haar einde vind, die "ekstase van nooit wees" (104), die algehele niet maar ook die taal waarin daardie niet sy gestalte moet kry. Sy is skepties genoeg om bewus daarvan te wees dat die taal geen werklikheid is nie, want name is "rammelaars" (98). Hierdie besef is egter ironies, want sy is self 'n bewuste skepper van taal deurdat sy besig is om taalstrukture tot stand te bring: "O, ek het baie geleer by die digters, nee maar ek is onderlê in die tegnieke, in die saamflans van liriek en epiek" (28).

Dis dan hierdie "saamflans van liriek en epiek" wat op skrywers-vlak 'n ommekeer is. Terwyl daar in ander epiese werke ook dikwels liriese gedeeltes voorkom en die epos by uitstek 'n voorbeeld daarvan is en hierdie werk dikwels met die romans van C.M. van den Heever vergelyk word m.b.t. die liriese aard daarvan, vind ons in DIE KREMETARTEKSPEDISIE dat die hele vertelling in poëtiese styl aangebied word, byvoorbeeld die lang, deinende sinne, flambojante taal, afwisselende sinsritmes, ryk woordeskat, beelde en denkbeelde. Dis "'n woordkunswerk", sê Anita Lindenberg (DIE VADERLAND, 24.06.82),

waarin die kreatiewe spel die belangrikste insig en 'n kardinale ordeningsprinsipe word. Hierdie voortreflike sameflansing van epiek en liriek veroorsaak ook dat hierdie prosawerk 'n "tussenposisie" beklee, net soos die slavin en vrou in die algemeen (vgl. paragraaf 1.3.3).

Die teks is 'n ontkenning van die konsep besit;³ daarom besit die verteller geen taal nie: "In my werkerstaal heet ek hulle saggies welkom...maar niemand hoor my of verstaan my blykbaar nie" (33); "Daar gekom, vra ek hulle of hulle my dalk gehoor het. Hulle kyk my bot aan..."; "Ook die vreemdeling en die oudste seun het my blykbaar nie gehoor nie..." (87).

1.3 "KREMETART"

Die bepaler van die kompositum, nl. "kremetart-", gee op bedekte wyse 'n aanduiding van waar die vertelling gesitueer is, aangesien hierdie boom inheems aan Afrika is (maar ook aan Indië en Australië) en veral aangetref word in die Afrikaanse savanne, d.w.s. in twee breë gordels tussen ongeveer 23° - 10° N en S en in Oos-Afrika verbind deur 'n breë noord-suid gordel. Die biologiese naam van die kremetart is Adansonia digitata, waarvan die laaste gedeelte, alhoewel 'n verwysing na die aard van die blare, reeds 'n aanduiding is van die vingeragtigheid van die spesie (vgl. p.92: "ongemaklike kolos met sy soekende vingers" en p.108: "Die kremetart gryp en klou in die lug" - beelde wat die ekspedisie self en die inhaligheid wat daarmee gepaard gaan, vergestalt). Dat hierdie boom veral in Afrika hoog aangeskrewe

staan, is nie verbasend nie, omdat dit in die warm grasvlaktes nie net skaduboom by uitstek is nie, maar ook verskaffer van voedsel vir mens en dier, die vrugte medisinale eienskappe het, die bas 'n sterk vesel vir matte en toue verskaf en die stam water opgaar. Die stam, wat 'n omtrek van 10m tot 28m kan bereik en met ouderdom hol raak, het al dikwels as tuiste, graanskuur, tronk en wegkruipplek gedien. Na die ontdekking van goud in die 19de eeu, is so 'n kremetart in Transvaal as volledig toegeruste kroeg in gebruik geneem; in die Caprivi-strook is 'n hele spoellatrine in 'n kremetart ingerig; naby die Sabievallei, by die Devulirivierbrug, was 'n hol kremetart wat diens gedoen het as bushalte vir die inboorlinge en baie gemaklik 30 - 40 mense op 'n slag kon huisves.

Soos alle plantegroei van die savanne, is die kremetart pirofities en sy verstommende vitaliteit spreek uit die feit dat hy voortgaan om te groei selfs nadat die binnekant daarvan uitgebrand is. Daar is 'n teorie dat die boom teen 'n hoë ouderdom (daar word gesê dat hierdie boom 'n ouderdom van 3000 jaar kan bereik!) homself uitbrand (vgl. p.28: "So versier ek jou strepie vir strepie met ons hersenskimme sodat jy...die nuttelose inligting dikvellig kan bewaar tot die dag van jou selfontbranding"). Wat wel gebeur, is dat dooie bome nie soos ander bome omval nie, maar dat hulle ineenstort in hope veselagtige pulp. Na die hewige winter in Rhodesië in 1968 toe baie kremetartbome doodgeryp het, was daar verskeie outentieke verslae van dooie bome wat deur spontane smeuling in vlamme uitgebars het. Hierdie "selfontbranding" van die kremetart en die slavin se Sokratiese dood is maar één van die vele parallellismes tussen die twee in die verteltekse.

In Alex Haley se monumentale sage, *ROOTS*,⁴ waarin hy sy twaalf jaar lange soektog na sy herkoms verhaal, speur hy dit uiteindelik na tot in Afrika, tot by Kunta Kinte, die sestienjarige seun wat van sy vaderland weggeskeur is en in angs en met foltering na die slawemarkte van die Nuwe Wêreld geneem is. In hierdie werk het die kremetart 'n sentrale plek in die lewe van die stam. Nie net word 'n dorpie rondom 'n reuse-kremetart aangelê nie, maar die boom vorm ook die fisiese middelpunt daarvan en rondom sy dik stam word die verhale van die stam se geskiedenis, sy legendes en tradisies deur die "griots" vertel. Behalwe die religieuse seremonies wat rondom die boom plaasgevind het, was dit ook die vergaderplek vir die formele sittings van die Raad van Oudstes. Tydens hierdie sittings is geskille tussen stamlede besleg, administratiewe sake bespreek, huwelike goed- of afgekeur of ontbind en klagtes van die slawe teen hulle eienaars aangehoor en uitspraak gelewer. ("Slaaf" het hier 'n heel ander betekenis as wat die Westerlinge daaraan gegee het - sien hfst. 3.) Die kremetartboom was dus siviele hof, kriminele hof, egskeidingshof, parlement, kerk, feestoneel, trouens, dit was die stille getuie van al die stam se lief en leed. Dis dan ook geen wonder dat die "toubob" (die wit slawejagters) die kremetart in die middel van die dorpie aan die brand gestee het nadat hulle elke kind, vrou en man - met die uitsondering van die baie oues en siekes - as slawe gevange geneem het nie, 'n daad wat beskou kan word as die simboliese vernietiging van die stam.

Heeltemal in teenstelling hiermee, is die kremetart in die allegorie, *THE LITTLE PRINCE* van Antoine de Saint-Exupéry, die boosheid self wat in die kiem gesmoor moet word. Die rede vir hierdie gelykenis is waarskynlik dat albei grotesk is, onaansienlik voorkom, hardnekkig is

omdat albei nie maklik uitgeroei kan word nie (Coates Palgrave, 1977: "The vitality of these trees is remarkable: even when the interior has been burnt out they continue to flourish" p.588; die prinsie: "'A baobab is something you will never, never be able to get rid of if you attend to it too late'" - p.22), dat albei in hulle beginstadium misleidend is omdat hulle goed en mooi voorkom (Coates Palgrave, 1956: "The natives firmly believe that there are no young Baobabs, but that the huge ones simply appear in their enormity. It is easy to understand this legend when one has seen a young specimen, for, to the untrained eye, nothing could look less like the grotesque giants of riper years" - p.50; die prinsie: "'You must see to it that you pull up regularly all the baobabs, at the very first moment when they can be distinguished from the rose-bushes which they resemble so closely in their earliest youth'" - p.22), dat albei maklik ontkiem en groei (Coates Palgrave, 1977: "Seeds of the baobab germinate fairly easily and...plants reach 7m in 20 years" - p.588; die prinsie: "But seeds are invisible. They sleep deep in the heart of the earth's darkness, until some one among them is seized with the desire to awaken. Then this little seed will stretch itself and begin...to push a charming little sprig inoffensively upward toward the sun" - p.21), dat albei besmet en dat albei vernietigend is (volgens Coates Palgrave strek die wortels van die kremetart 100m en meer vanaf die boom en dus enige plantegroei binne daardie radius vernietig (1956: 50); die prinsie: "'It spreads over the entire planet. It bores clear through it with its roots. And if the planet is too small, and the baobabs are too many, they split it in pieces..." - p.22). Dit is dus ironies dat die kremetart wat soveel voortreflike kenmerke het, ook - soos byna alles in die teks - sy ambivalente aard, openbaar.

As die voortreflikhede van die kremetart in aanmerking geneem word, is dit dan ook geen wonder nie dat die slavin daarin gevind het 'n "genadige herberg, genadige koel beskutting... 'n reuse-hut bekroon met takke en blare" (15) en die boom aanspreek as "getroue kremetart, vertroueling, huisvesting, fort, waterbron, medisynekas, heuninghouer, my toevlug, my laaste oord...my middelpunt, bewaarder van my hartstogtelike uitbarstings, blaarlose gestolde vetsug winters en somers lewegewende wiegende koepel van blare en blomme en suur sade wat ek teen my wang aandruk, die grysgroen pelsbedekking streel my vel, wat ek oopbreek om jou pitte te rooster en te verorber...Jy hoed my. Ek aanbid jou" (27, 28).

Die kremetart word agtereenvolgens genoem "my woning" (5, 36), "my boom" (11), "my grys boomhuid" (11), "my tronende kremetart" (14), "my kremetart" (43, 105, 107, 109), "ek het 'n boomskuiling" (104), "my toevlug", "my laaste oord", "my middelpunt" (27). Hier word besitting aangedui, die eerste keer dat die slavin iets het wat haar eie is, maar tog ook nie hare is nie. (Sien verder in hfst. 3 oor "besit".)

Benewens die feit dat die kremetart huisvesting en beskerming bied, is dit ook 'n baarmoeder wat telkens geboorte skenk aan 'n "nuwe" slavin en dus aan 'n "nuwe" ekspedisie: "Elke slag dat ek uit die boom se hoedende binnekant na buite tree, is ek opnuut mens en magtig...Elke keer herbore uit die buik van 'n kremetart staan ek vol van myself" (12) - 'n duidelike verband met die geboortemotief in die vertelling. Daar is ook die tye van gestasie voordat die "geboorte" plaasvind: "Blakerende sonskyn beginwinter, maar ek bly slaap in die groot boom se buik" (92), wat weer terugwys na haar fetale posisie in die buik

van die kremetart: "Hoe het ek nie partykeer my nagte uitgedy, my in 'n kleins moontlike bondeltjie opgekrul in die donkerste holte, voorkop teen knieë gedruk..." (5). In teenstelling hiermee, word die boom ook beskou as verorberaar: "Want bedeel uitsluitlik met herinneringe het ek hier aangeland...om ingesluk te raak deur 'n boom" (15) en "Ek hurk in die boom se maag..." (104). Hierdie teenstelling van voortbring en insluk is nogmaals 'n manifestasie van die ambivalensie van die vertelling, soos ook haar teenstrydige gevoelens teenoor die boom: "Dit is die klere van 'n nuwe lewe waarmee ek al in die rondte al om die kremetart reis en hom nooit uit die oog verloor nie..." (43) en "Ek het 'n keer van die boom gevlug. Ek het planloos die veld in gehardloop, uit sig van hom probeer kom deur agter 'n hoë ronde rots te skuil en my mond oopgemaak...en 'n aantygung uit my laat kom..." (63).

Wat veral opvallend is omtrent die verteller se siening van die kremetart, is dat sy naby haar einde al hoe meer bewus word van die boom se "onderstebo"-voorkoms: "Ek dank die grond wat die boom met groot moeite staanmaak omdat hy verkeerd om groei" (95) en "Ek sal rus vind in die onderstebo" (110) en, soos 'n vlermuis, ook 'n "onderstebo", vou sy haar vlerke in. Volgens 'n Arabiese legende is die buitengewone vorm van die boom te wyte aan die feit dat die duiwel die kremetart uit die grond gepluk, sy takke in die grond gedruk en sy wortels in die lug gelaat het (ENCYCLOPAEDIA BRITTANCIA, deel III: 138). Dit is dan hierdie onderstebo-eienskap van die kremetart wat die hele vertelling binnedring, beïnvloed en oorheers, want ons vind daarin 'n ommekeer van waardes, stereotipes, mites en tradisies wat gevestigde idees dikwels die nek inslaan. Behalwe die reeds genoemde onderstebo-

beelde, nl. die kremetart en die vlermuis, is daar in die teks ook implisiete verwysings na 'n ommekeer in die vorm van beelde, bv. wanneer die slavin die "afspieëling" van haar drifte en begeertes in die bobbejaan sien (9), wanneer sy haar weerkaatsing krities in die poel bestudeer (64) en wanneer dit haar opval dat die stroompie waarin sy soveel vreugde vind, in die teenoorgestelde rigting vloei, "na waar die son en die maan opkom, na waar ek op 'n keer begin reis het, na die see van die stad van waar ons vertrek het op soek na 'n stad aan die see aan die ander uiteinde van die wêreld" (108). Selfs die titel is 'n onderstebo, soos later in hierdie hoofstuk aangetoon sal word.

Op narratiewe en vertellersvlak word 'n hele aantal dinge onderstebo gekeer:

1.3.1 DIE SLAVIN SE "BEVOORREGTE" POSISIE

Al die navorsing wat oor slawerny gedoen is, alle primêre en sekondêre bronne daaroor en gevolglik al ons kennis daaromtrent, wil die "bevoorregte" status van die verteller-slavin ontken. Dis opvallend dat nie-fiktiewe en fiktiewe werke met slawerny as sentrale tema, gewoonlik die manlike slawe se haglike posisie uitbeeld, terwyl daar weinig aandag geskenk word aan die nog hagliker lot van die slavinne. Wanneer daar wel oor slavinne geskryf word, is dit veral hulle seksuele "promiskuïteit" en "matriargale neigings" wat beklemtoon word en wat hulle ware posisie eerder verbloem as belig (Angela Davis 1981: 3).

Navorsing deur swart Amerikaanse vroue, asook die enkele primêre bronne wat oor slawerny bestaan, bv. Herbert Aptheker, Eugene Genovese, John Bassingame, Herbert Gutman, Stanley Elkins, Angela Davis, Barbara Wertheimer en veral Moses Grandy se eerstehandse verslag) het aan die lig gebring dat die slavin 'n multidimensionele rol in die gesin en binne die slawegemeenskap as geheel gespeel het. Die aansienlike plek wat arbeid buite die tuiste vandag in swart vroue se lewe in beslag neem, volg 'n patroon wat gedurende die vroegste tye van slawerny tot stand gekom het. Verpligte arbeid het elke ander aspek van die vroue bestaan as slaaf oorskadu, en aangesien sowel slawe as slavinne as winsgewende werkseenhede beskou is (vgl. DIE KREMETARTEKSPEDISIE: "Vir hom (die eienaar) is ons almal eenders werkseenhede" - p.37), kon die slavinne net so goed geslagloos gewees het wat die slawe-eienaars betref het. Die slavin se rol as eggenote, moeder en huishoudster was insidenteel - sy was in die eerste plek 'n voltydse werker vir haar eienaar. Prakties, dus, was slavinne anomalieë. Uit 'n verhaal soos Harriet Beecher Stowe se UNCLE TOM'S CABIN en ander, word aangeneem dat die tipiese slavin 'n huisbediende was: kok, diensmeisie of "mammy" vir die kinders van die "groot huis". Stereotipes soos Aunt Jemima en die "Black Mammy" is veronderstel om die essensie van die slavin se rol weer te gee.

Die realiteit is egter die diametrale teenoorgestelde van hierdie mite, want net soos die slaaf, was die slavin 'n plantasiewerker. Onder die driegement van die sweep het uithou vermoë en produktiwiteit alle oorwegings van geslag oorheers. Maar die slavin het ook in ander opsigte gely: sy was die slagoffer van seksuele misbruik en ander barbaarse mishandeling wat net op vroue uitgeoefen kan word. As vrou

was die slavin inherent kwesbaar vir alle vorme van seksuele dwang, o.a. lyfstraf, verminking en verkragting. Verkragting was in werklikheid die onverbloemde demonstrasie van die slawe-eienaar se ekonomiese baasskap en beheer. Swanger slavinne is geensins vrygestel van werk op die plantasie, lyfstraf of verkragting nie.

In die lig van hierdie beknopte agtergrond, wil dit dan voorkom of die verteller-slavin se posisie 'n "onderstebo" is, heeltemal teenstrydig met alle aanvaarde en gevestigde idees omtrent slawerny. By haar verskillende eienaars het sy 'n "maklike, indolente bestaan" (20) gevoer, sy word "soos koel mos koel en sag beskut" en voel in haar eienaar se sorg "snoesig geborge" (27). Sy was die "opperste slavin" van die rykste man in die stad en het oor meer mag beskik as menige eggenote; "gemaksug kenmerk my lewe", haar bestaan was "prag en praal, skittering en opwinding" (34), sy is 'n "gelukkige bevoorregte" (55). Alhoewel dit 'n omgekeerde visie van slawerny is, verkeer die verteller in retrospeksie onder geen illusie omtrent haar posisie nie. Haar ontnugtering en vernedering wanneer sy moet verneem dat sy deel uitgemaak het van "n versameling kunsvoorwerpe...met die oog op belegging" (48), dat sy uit die binneland "geroof" is om later van die hand gesit te word nadat sy "deur opvoeding veredel" is (48), laat haar beseft: "besit en liefhê is begrippe wat mekaar vloek" (48).

Ook kan Bybelse konnotasies in hierdie bevoorregte posisie van die slavin afgelees word. Daar is byvoorbeeld 'n opvallende ooreenkoms tussen Hagar en die verteller-slavin tydens lg. se verblyf by haar tweede eienaar, die speseryhandelaar. Aangesien Sarai steriel was, het sy haar slavin Hagar aan haar man Abram as vrou gegee. Hagar het

swanger geword, "maar toe sy sien dat sy swanger was, het haar meesteres veragtelik in haar oë geword" (Gen. 16: 4). Die verteller raak ook swanger van haar tweede eienaar ("snags is dit bene oop vir die eienaar" - 21), terwyl die eienaar se "neus-in-die-lug-vrou, die ou droë een, die ou gus-een" (37) deur die verteller en haar boesemvriendin bespot word. "Toe het Sarai haar sleg behandel, en sy het van haar af weggevlug" (Gen. 16: 6). Die verteller het ook te doen gekry met slegte behandeling: "Ek gee nie om om sy huis onder toesig van sy feekserige vrou aan kant te maak, haar uitdrukkingloos te gehoorsaam...nie" (21), en ook sy vlug sodat sy by haar derde eienaar 'n heenkome vind: "Toe vlug ek voor die wind uit..." (23). Dit is ook bekend dat jong slavinne in Ou Testamentiese tye hoofsaaklik aangehou is om die besitters te vermaak, te behaag en na hul fisieke behoeftes om te sien; gevolglik is hulle as "gunsteling" behandel. Voorbeelde hiervan is koning Dawid wat in sy ouderdom 'n jong slavin nodig gehad het om hom te verpleeg, "in sy skoot te lê" en hom warm te hou (I Kon. 1: 2) - vgl. die slavin se rol by haar derde eienaar: "Ek laat die sieke tussen my opgetrekte bene nestel met sy kop teen my bors geleun" (17); ook Dawid se seun, Salomo, wat "baie uitlandse vroue liefgehad" het (I Kon. 11), baie van hulle oorspronklik slavinne wat tot gunsteling verhef is.

Hierdie "onderstebo" van slawerny en veral van 'n slavin se posisie is myns insiens 'n ironisering en satirisering van die "tradisionele" rol van die universele vrou, maar terselfdertyd 'n doelbewus verhewigde manier om die ware posisie van die slavin/vrou des te meer pertinent onder die loep te plaas.

1.3.2 DIE SLAWE NEEM DIE INISIATIEF

Op verhaalvlak is daar 'n verdere "onderstebo", nl. in die baas-slaafverhouding. Vroeg al tydens die ekspedisie verdwyn die sangabeeste omdat geen brandwag vir die nag aangewys is nie, "want ons het nog nooit" (67). Die draerslawe kom vir die verteller, self 'n slaaf, as "geesloses" voor, hulle tree "ontmenslik" op: "Eienaardig leeg is die oë, werktuiglik die bewegings asof hulle ingeboude bevele gehoorsaam" (70). Na die ontsnapping van een draerslaaf, laat die ander "gedwee toe dat die oudste seun hulle aan mekaar vasketting" (78), maar later word hulle "sonder toesig" (84) gelaat om met hulle take voort te gaan. Al hoe meer raak die ekspedisiegeselskap "aangewese op die kundigheid van die slawe en op hulle as kind verworwe veldkennis" (75) om hulle kosvoorraad aan te vul. Die slavin wonder of sy tekens van muitery by die slawe opmerk en of hulle dit dalk oorweeg om die ongewapende ekspedisieleiers om die lewe te bring (76, 77). Sy merk op dat een slaaf 'n leiers-figuur onder die ander geword het: hy dra niks meer nie, gee bevele, het voortreflike organisatoriese vermoë, toon kundigheid in die hantering van gereedskap. Vir die slavin het hy nooit as "potensiële leier voorgekom nie, maar ek moet byvoeg dat ek tot nou toe nie aan moontlike aanvoerdere onder hulle gedink het nie. Hulle was bloot slawe, die ontmandes wat die harde arbeid verrig, sonder keuse en wat die ekspedisieleiers sonder teenpraat gehoorsaam het" (84). Dit laat haar wonder of hierdie leier 'n koningseun is. Later word die slawe ook nie meer aan mekaar vasgeketting nie, maar "slaap vry soos ons", hulle waak "uit eie beweging snags om die beurt" en neem "al hoe meer selfstandig besluite" (88). J.P. Smuts (DIE OOSTERLIG, 19/10/81)

meen: "Die hele indolente bestaan wat die groep by die rivier voer en die verval van die dissipline oor die slawe dui op 'n verslapping van waardes wat die grondslae van 'n samelewing kan aantast" en stel hierdie gebeure gelyk aan die Raka-verhaal. 'n Mens kan eerder sê dat dit 'n ommekeer is van die mite dat slawe willoos, domonnosel en sonder inisiatief was. Thomas Jefferson het byvoorbeeld geskryf: "Comparing them by their faculties of memory, reason and imagination, it appears to me that in memory they are equal to the whites; in reason much inferior...and that in imagination they are dull, tasteless, and anomalous"; Keane het in 1896 geskryf: "Their inherent mental inferiority, almost more marked than their physical characters, depends on physiological causes" en Richard Burton 'n rukkie tevore: "his mental development is arrested, and thenceforth he grows backwards instead of forwards" (al drie aangehaal in Davidson, 1980: 25, 26). Om as minderwaardige behandel te word, beteken dikwels om minderwaardig te word; om verstandelik en met inisiatief te kan fungeer, beteken vir die mens dat die geleenthede daartoe hom gegun word, soos hierdie vertelling demonstreer.

1.3.3 NATUUR TRANSENDEER KULTUUR

'n Ander "onderstebo" wat in die vertelling geïdentifiseer kan word, is die magtige natuur wat oor die mens, verteenwoordiger van kultuur, die oorhand kry. Wanneer die Psalmdigter skryf: "U laat hom heers oor die werke van u hande; U het alles onder sy voete gestel: skape en beeste, dié almal, en ook die diere van die veld..." (Ps. 8), word die mens as kultuurwese se oppermag bevestig en sy heersersposisie bo

alle twyfel gestel. Kultuur bevestig hom op 'n sekere vlak van bewustheid nie net as verskillend van die natuur nie, maar ook as meerderwaardig, en hierdie verskil en meerderwaardigheid berus op die mens se vermoë om die natuur te transformeer.

Die vrou se tweedeklasstatus is toe te skryf aan die feit dat sy geïdentifiseer of simbolies geassosieer word met die natuur, terwyl die man met kultuur geassosieer word. Aangesien dit nog altyd kultuur se taak was om die natuur te onderwerp en te oortref, beskou kultuur dit as natuurlik om die vrou te onderwerp. Die vrou word gesien as nader aan die natuur as die man omdat haar liggaam en die natuurlike prokreatiewe funksies daarvan haar nader aan die natuur plaas as die man wat fisiologies volledig vry is om kultuurprojekte aan te pak. Die vrou se liggaamsfunksies plaas haar in sosiale rolle wat op 'n laer trap van die kultuurproses beskou word as dié van die man; hierdie tradisionele sosiale rolle verleen weer op hulle beurt aan die vrou 'n verskillende psigiese struktuur wat, net soos haar fisiologie en sosiale rolle, as nader aan die natuur beskou word. Simone de Beauvoir (1953) neem die fisiologiese struktuur, ontwikkeling en funksies van die vrou in oënskou en kom tot die gevolgtrekking: "the female, to a greater extent than the male, is the prey of the species" (p.60) en sy is "more enslaved to the species than the male, her animality is more manifest" (p.239). Dit is eenvoudig 'n feit dat proporsioneel meer van 'n vrou se ruimte, vir 'n groter persentasie van haar lewe en dikwels ten koste van haar gesondheid, krag en algemene stabiliteit, in beslag geneem word deur die natuurlike prosesse wat die voortbestaan van die spesie verseker. Dit wil dus voorkom dat die vrou se liggaam daarvoor verantwoordelik is dat sy gedoem word tot

slegs die voortplanting van die lewe; die man, daarenteen, het die geleentheid om sy kreatiwiteit ekstern en kunsmatig te bevestig. "In so doing, he creates relatively lasting, eternal, transcendent objects, while the woman creates only perishables - human beings" (Sherry B. Ortner, 1974: 75).

Terselfdertyd egter, kan die vrou nie geheel en al binne die natuurkategorie gegroepeer word nie, aangesien sy volwaardig mens is, bedeel met menslike bewustheid net soos die man: sy maak die helfte uit van die menslike ras, sonder wie se samewerking die hele onderneming ineen sal stort; sy dink en praat, genereer, kommunikeer, manipuleer simbole, kategorieë en waardes, neem deel aan die menslike dialoog. As gevolg hiervan, is sy net so volledig deelnemer aan die kultuur as die man. Dit wil dus voorkom dat die vrou 'n tussenposisie in die natuur-kultuur-dichotomie beklee. Hierdie "intermediêre" posisie van die vrou word in hoofstuk 3 vollediger bespreek.

In die lig van bostaande, kan 'n mens sê dat die slavin in die vertelling so 'n tussenposisie beklee en haar ambivalente kultuur-natuur-aard telkens opduik. As kultuurmens neem sy deel aan gesprekke, omtower natuurdinge tot kultuur: "ek verkies om te kook" (37) en "ek hou my besig met verfynde take...soos die berei van disse...en die keurige bedien daarvan" (26). Sy leer mooiheid ken in seepsteenbeeldjies, jadegespes, porseleinglasuur, indigobedrukte batik en sy "so lig soos asem of swaar en styf en gouddeurweef" (26). Selfs in haar gesprekke leer sy om "heeltemal anders te gesels met 'n metaalklank van ironie aan die stertkant van 'n opmerking", sy leer om haar stem "duifsoet" te maak om 'n paaierende effek op driftige gesprekke

te hê; sy leer om met oorgawe te lag en veral leer sy hoe om begeerlike te lyk (26); trouens, sy is alles wat tradisioneel van 'n vrou verwag word. As kultuurwese vind sy dit aanvanklik moeilik om haar by die natuur aan te pas en as "onnosele" moet sy in mededinging met die "kenners", natuurwesens, leef (9).

Dis egter as natuurwese dat hierdie slavin haar meerderwaardigheid oor die man bevestig en dus 'n "onderstebo" tot stand bring. As enigste vrou in die ekspedisiegeselskap, is dit sý wat 'n intermediêre posisie bekleë en bemiddelend optree tussen die twee leiers van die ekspedisie en tussen die ekspedisieleiers en die slawe; dis sý wat as die skakel in die baas-slaaf-polariteit optree; dis sý wat voedsel by die slawe moet bedel sodat die ekspedisieleiers kan leef. Hierdie tussenposisie word treffend vergestalt in: "Dan gaan sit ek met my geskenk halfpad tussen hulle (die slawe) en die vreemdeling en die oudste seun" (75). As enigste vrou is sy ook die enigste oorgeblewene van die ekspedisiegeselskap, is sy beter aangepas om die magtige natuur aan te durf en omdat sy nader aan die natuur as die man is, slaag sy tóg daarin om ten spyte van die uiterste ontbering te oorleef.

Maar omdat sy ook andersyds 'n kultuurwese is, moet sy die knie voor die natuur buig en leer om ooreenkomstig die natuurwette te leef. Haar nietigheid as kultuurwese kom tot uiting in haar angs vir die natuurelemente, haar vrees vir die bobbejane, haar amper-dood toe sy die olifante se badplek betree het en haar afhanklikheid van die natuur en natuurmensies om te oorleef. Die mens, verteenwoordiger van kultuur, kan weliswaar die natuur transformeer, maar kon nog nooit

daarin slaag om dit te tem nie.

1.3.4 'N "ONDERSTEBO" VISIE VAN VROUWEES

Die oeroue beskouing van die vrou as slegs 'n "biological aperture" en 'n "phallic receptacle" (Molara Ogundipe-Leslie, 1987: 6), word in DIE KREMETARTEKSPEDISIE bevraagteken, ontken en omgekeer, soos ook ander mites omtrent die vrou, bv. "Dat 'n vrou aangebore is om gruweldade spontaan te benader, is 'n leuen" (103). Die "leuen" van vrouwees lei onvermydelik tot die ontdekking van ander leuens omtrent die man en omtrent die mens in die algemeen. (Daar word hierop uitgebrei in hoofstuk 3.)

1.3.5 'N "ONDERSTEBO": DIE ONDERDRUKTE VERTEL

Wanneer die Afrikaanse literêre tradisie, en veral verhalende tekste waarin die onderdrukte iewers terloops figureer, in oënskou geneem word, is 'n opvallende kenmerk daarvan dat daar op arrogante, voorbarige en aanmatigende wyse namens sodanige figurante vertel en gedink word, dat hulle gedagte-wêreld vanuit die heerser/baas/besitter se perspektief gerapporteer word, dat die onderdrukker se waardebe-paling van hierdie figurante die enigste is wat as geldig dien. Die onderdrukte as fokalisator in die Afrikaanse narratiewe kuns voor 1950 is 'n rare verskynsel. Gerwel onderskei in sy studie, LITERATUUR EN APARTHEID (1983), drie hoofkonsepsies van die "kleurling" as onderdrukte wat ontstaan het as gevolg van hierdie

eensydige fokalisasie, nl. "'die jollie hotnot', beeld van die verdrietlose, koddige diensfiguur; die gekleurde as toevallige agtergrondsfiguur in 'n agrariese opset met sterk feodale trekke; 'die kleurlinge is nog kinders' waar die gekleurde as sg. volle mens voorgestel word, maar 'die geïdealiseerde kind' bly" (p.31) en noem en bespreek die werke van o.a. D.F. Malherbe, C.M. van den Heever en Mikro ter staving van sy stellings. Ná 1948 vind daar 'n effense verskuiwing ten opsigte van die fokalisator plaas, bv. in DIE KOPERKAN van Mikro waarin die gekleurde nou as 'n soort middelklasfiguur uitgebeeld word, maar waarin daar op onverbloemde wyse 'n hartstogtelike pleidooi vir apartheid gelewer word.

In die afgelope tyd is daar egter weggebreek van hierdie tradisie deurdat die onderdrukte nou self aan die woord gestel word, deurdat sý persepsies van die stelsel en die baasfiguur gegee word en deurdat sý perspektief nou aan bod kom. In DIE SWERFJARE VAN POPPIE NONGENA (1978) van Elsa Joubert is Poppie die verteller. In die "vooraf" sê die skryfster egter dat die verhaal gebaseer is op die feite wat sy ingewin het oor die lewe van Poppie en dat "niks dus bygevoeg word wat nie deur Poppie of haar gesinslede self beleef is nie". Dit is 'n kroniek van Poppie en haar gesinslede se ervarings, met min aanduiding van wat hulle werklik gedink het. Daarbenewens word Poppie se vertelling dikwels gevolg deur 'n deklaratiewe frase "sê Poppie" of "vertel Poppie", bv. die aanvangsin: "'Ons is Gordonias-boorlinge,' sê Poppie" (p.3) dui duidelik aan dat daar 'n eerstepersoonsverteller en 'n onbekende vertelinstantie teenwoordig is. Poppie is dus ek-verteller en fokalisator, maar in toenemende mate word daar deur hierdie onbekende vertelinstantie kommentaar op Poppie se situasie

gelewer, sodat dit later nie meer Poppie se fokus op en visie van die gebeure is nie maar dié van die vertelinstantie.

Dit is egter in die romans van André P. Brink dat hierdie wegbreek van die gevestigde literêre tradisie sy grootste neerslag vind en die ouer konsepsies en opvattinge in verband met kleur aan die kaak gestel word. In KENNIS VAN DIE AAND (1973) skryf Josef Malan, 'n gekleurde, in die dodesel die relaas van sy lewe. Dit is Josef se "testament" waarin hy nie net bewus is van sy geskiedenis en daaroor begaan is nie, maar waarin hy ook as 't ware 'n bestekopname van sy lewe en dié van sy voorgeslagte maak. Die onuitspreeklike ellende en lyding van sy voorgeslagte kulmineer in Josef. Hy sien geen verlossing vir sy mense nie, besef die futiliteit van die/sy vryheidstrewes en op simboliese wyse spoel hy sy geskrewe testament in die toilet af. 'N OOMBLIK IN DIE WIND (1975) is 'n historiese roman met Adam Mantoor, die vlugtelingslaaf, as een van die twee hoofkarakters. Dit is sy gedagte-wêreld wat in afwisseling met dié van die witvrou, Elisabeth Larsson, aangebied word. As gevolg van Adam se fokalisering, word die konsepsies omtrent slawe en hulle eienaars vanuit 'n teenoorgestelde hoek belig. Die roman HOUD-DEN-BEK (1982) - met 'n titel wat óók sinspeel op die feit dat slawe inderwaarheid geen seggenskap oor enigiets gehad het nie, maar dat hierdie beperking op 'n basiese mensereg hulle geensins daarvan kon weerhou om te dink nie - het 'n historiese raamwerk met die slawe-opstand van 1824 in die Bokkeveld as grondstof. In hierdie roman word die visies van die verskillende karakters, baas en slaaf, man en vrou, naas mekaar gestel en gee die wisselende perspektiewe insig in elkeen se gedagte-wêreld. Dis die slaaf, Galant, wat die opstand beplan en uitvoering daaraan gegee het,

wat as hoofkalisator aangebied word. Brink skryf egter self met betrekking tot laasgenoemde twee romans: "Dit het my bv. meermale verbaas dat die verskillende 'verklarings' deur karakters in HOUD-DEN-BEK so geredelik gelees word as monoloë, terwyl daar talle narratiewe tekens in die teks geplant is waarvolgens al dié gedeeltes eintlik van buite die storie aan die karakters 'toegeskryf' is; nog opvallender dalk in 'N OOMBLIK IN DIE WIND waarin daar nie twee 'vertellers' (Elisabeth en Adam) optree nie, maar waarin hulle ervaringswêrelde deur 'n verteller met 'n duidelike 20ste-eeuse perspektief as deel van 'n poging tot begrip gerekonstrueer word" (Brink, 1987: 136, 137).

Met betrekking tot DIE KREMETARTEKSPEDISIE, het ons moontlik hier vir die eerste keer in die Afrikaanse verhaalkuns, in die vorm van die sg. interne monoloog, die onderdrukte as verteller, sonder die inmenging van 'n verskuilde verteller of vertelinstantie, sonder 'n afwisseling van fokalisators. Miskien kan gesê word dat hierdie vertelling 'n voorganger het in die DWAALSTORIES (1927) deur Eugène Marais opgeteken. Maar, soos in die geval van POPPIE, sê die skrywer in sy inleiding: "Ek wil probeer om 'n paar dwaalstories van ou Hendrik weer te gee", wat alreeds 'n ander vertelinstantie impliseer. Aangesien die verteller-slavin in DIE KREMETARTEKSPEDISIE die enigste fokalisator is, kan hierdie vertelling as 'n ommekeer van die Afrikaanse literêre tradisie beskou word. Dis nou die slavin wat hâar konsepsies van die besittersklas gee, dis sý wat waarneem en formuleer en konkludeer. Dis dan hierdie "onderstebo" van die Afrikaanse literêre tradisie wat aanleiding gee tot 'n ommekeer van so baie van die bestaande konsepsies omtrent die vrou en slaaf.

1.3.6 DIE SLAVIN SE "ONDERSTEBO"-TAAL

'n Boeiende aspek van die teks is die slavin se taal, weer 'n "onderstebo" van gevestigde opvattinge en ons verwagtinge omtrent die soort taal wat iemand van slawestand sal gebruik. Die taal van die heersers-/besittersklas word as superieur beskou, teenoor die onderdrukte se taal wat as minderwaardig en nie adekwaat as uitdrukkingsmiddel nie beskou word. Die realiteit van die saak is egter dat die onderdrukte (in hierdie geval die slawe) die taal van hulle eienaars moes aanleer, en nie andersom nie, 'n taal waardeur hulle keer op keer verneder en ontsê is. Die gevolg was dikwels dat die taal van die heerser/besitter omskep, omvorm, herstruktureer is in 'n eie, unieke uitdrukkingsvorm, meermale kleurriker as die oorspronklike taal, soos die Engels wat in die "Deep South" van die V.S.A. gebesig word. In die geval van slawerny in Suid-Afrika, is slawe uit verskillende wêrelddele hierheen gebring, bv. uit Angola, Mosambiek, Madagaskar, Maleisië, Indonesië (Böeseken, 1977), elke groep dus met sy eie taal. Hulle gedwonge en skynbaar maklike assimilering van die besittersklas se taal weerlê weer die mite van die slawe se lae intelligensie. Ander name is selfs aan die slawe gegee omdat die besitter hulle name nie kon of wou uitspreek nie. Navorsing het aan die lig gebring dat slawe onder dwang van die sweep verbied is om hulle eie taal onder mekaar te gebruik omdat die eienaar gedurig bevrees was dat hulle sodoende 'n komplot teen hom wou smee.

Ter illustrasie van die "onderstebo"-taalgebruik van die slavin in DIE KREMETARTEKSPEDISIE, kan kortliks verwys word na twee romans met slawerny as een van die temas. In Alex Haley se roman, ROOTS, is die

aanleer van die witman se taal 'n pynlike proses vir Kunta Kinte, pynlik vir hom omdat sy hele agtergrond en kultuur waarop hy so trots is, daardeur misken word. In hierdie roman word die dialoog tussen die slawe dan ook weergee in die aangeleerde witmanstaal, aangeleer deur blote assosiasie en sonder enige formele lesse daarin. Terwyl daar op narratiewe vlak heelwat parallelle is tussen die vertellers in THE COLOR PURPLE (1983) van Alice Walker en DIE KREMETARTEKSPEDISIE (o.a. albei vertellers is 'n vrou; een is die afstammeling van slawe, die ander 'n slaaf; albei voer 'n interne monoloog; albei is misbruikte vroue; albei se kinders word op onmenslike wyse van hulle weggeneem, ens., ens.), is 'n opvallende verskil die taalgebruik. Celie in THE COLOR PURPLE se interne monoloog geskied in die vorm van briewe aan God waarin sy die dialek van die Diep Suide gebruik, terwyl die verteller in DIE KREMETARTEKSPEDISIE in die taal van die heersersbesitter "vertel", heeltemal onversoenbaar met die status van die slavin; dis nie 'n dialek daarvan nie, dis in die sg. algemeenbeskaafde vorm van die besitter se taal.

Hierdie besondere taalgebruik is vir Gerrit Olivier (RAPPORT, 24.01.82) psigologies te verklaar, aangesien dit die leser se gevoel versterk dat die slavin, ten spyte van haar hartstogtelike en skerpsinnige analyses, nie haar grense kan deurbreek nie en sy haar eie vakuum met haar woorde vul. Die taal is geen werklikheid nie, selfs nie 'n afspieëling van 'n versonne werklikheid nie. Ook met betrekking tot die taalgebruik, meen J.P. Smuts (DIE OOSTERLIG, 19.10.81) dat "dit wil lyk of 'n mens hier met 'n personasie te make het wat op grond van 'n mities-simboliese waarde gekies is en dat 'n psigologies-realistiese toetsing van die figuur binne die bepaalde

konteks dus nie van primêre belang is nie".

Omdat die "storie" in DIE KREMETARTEKSPEDISIE deur middel van 'n interne monoloog aangebied word, kan jy verwag om hier te doen te hê met die illogiese, ongrammatikale en hoofsaaklik assosiatiewe patrone van die menslike gedagte. Dis 'n verkenning van die prespraakvlak van die bewussyn, wat ten doel het om die psigiese samestelling van die karakter te openbaar. Ons kry 'n blik in die slavin se binneste sonder enige tussenganger; dis 'n weergawe van haar bewussynsinhoude nog voor dit geformuleer is vir bewuste spraak. Die tekswoorde is die fyn geordende herskepping in taal van hierdie interne monoloog.

Die vraag ontstaan ook in hoeverre mens in taal dink en of 'n bewuste taal nodig is vir gedagtes. Piaget, byvoorbeeld, postuleer dat taal voortvloei uit gedagtes, en nie andersom nie. Hy erken dat, in die lig van taal se enorme omvang en kapasiteit om abstrakte idees te verteenwoordig, taal miskien nodig is vir die hoër vlakke van logiese denke, maar glo dat niemand 'n verbale naam aan enigiets kan gee sonder dat hy eers die onderliggende konsep daarvan bemeester het nie. Terwyl taal inlig en die denke buigsamer maak, kan dit nie beskou word as iets wat gedagtes genereer en in 'n bepaalde rigting stuur nie. Noam Chomsky het in 1972 beweer dat taal en denke onafhanklik van mekaar is en onafhanklik van mekaar ontwikkel (Pamela Sharratt, 1987). In die lig van die stelling dat "an intimate relation between language and the human mind" bestaan (Saussure, aangehaal in Culler 1976), kan 'n mens ook die afleiding maak dat die menslike gedagte in enige taal en enige vorm van taal uitgedruk kan word.

Die slavin se liriese, verhewe taalgebruik is 'n ironisering van die besittersklas se taal, want alhoewel hulle die slawe "besit" het, was dit nooit vir hulle moontlik om die slawe se geestesgoedere, waaronder taal, te besit nie. Vgl. "Van heinde en verre kom ons, allerlei tale praat ons, maar hier kom ons oor die weg met die radbraak van die inheemses se taal en maak ons hom ons eiesoort werkerstaal" (21). Hieruit is dit reeds duidelik dat die taal wat sy as slaaf gedwing word om te gebruik en die "taal" waarin sy dink, verskillend is; dit is ook duidelik dat die besitters se taal slegs 'n "werkerstaal" is en nie adekwaat vir die verhewe dinge van die gees nie. Die besitters se taal word deur elke nuwe "besending" slawe verwerp deur hulle stilswe: "In my werkerstaal heet ek hulle saggies welkom en spreek ek vertroostinge uit, maar niemand hoor my of verstaan my blykbaar nie" (33). As 'n mens dit in gedagte hou dat die slawe hoofsaaklik swart was, kan die taalgebruik in die roman ook gesien word as 'n ironisering van die veronderstelling dat swartes se taal minderwaardig is.

Verder kan die taalgebruik beskou word as 'n ironisering van die man se taal. Die taal is, volgens Dale Spender, "literally man made and...it is still primarily under male control" (Spender 1985: 11). Dis hierdie monopolie van die taal wat een van die maniere is waarop mans hulle eie meerderwaardigheid en gevolglik die onsigbaarheid of "ander" aard van die vrou verseker het. Hierdie meerderwaardigheid van die man word geperpetueer terwyl die vrou voortgaan om die taal wat sy geërf het onveranderd te gebruik. Die taal van vroue word getipeer as eufemisties, swak, triviaal, oneffektief, tentatief, huiwerig, hiperbeleef en gekenmerk deur skinder en brabbeltaal: "In a society

where women are devalued it is not surprising that their language should be devalued, but few have suggested (apart from feminists) that this might be the function of judgments based on sex and not on language" (Spender 1985: 10). Gilbert en Gubar (1985) meen dat as taal 'n kulturele kunsgreep is waardeur die natuur beide gedistansieer en gedefinieer word, dit dan wil voorkom of die werkinge daarvan die fisiese verskille beliggaam waardeur elke mens die fundamentele seksualiteit van sy/haar natuur konfronteer (p.515). Julia Kristeva stel dit só: "Sexual difference - which is at once biological, physiological, and relative to production - is translated by and translates a difference in the relationship of subjects to the symbolic contract which is the social contract; a difference, then, in the relationship to power, language and meaning" (Kristeva 1981: 21). Nelly Furman, soos trouens menige ander feminis, vind Lévi-Strauss se nou berugte stelling van die vrou as beide 'n persoon en 'n teken, aanvegbaar: "Lévi-Strauss's contention that woman is both a person and a sign, a human being and a depersonalized, subjectless structure, clearly indicates that the discussion of woman's relationship to language - of woman and/in language - will take different paths according to whether woman is understood as being a person or a sign" (Furman 1985: 61).

Na aanleiding van bogenoemde uitsprake, wil dit voorkom of die taalgebruik in DIE KREMETARTEKSPEDISIE inderdaad 'n ironisering van die man se taal is. Die verskillende aard van die vrou word nie ontken nie; vgl. byvoorbeeld die slavin se waarneming wanneer hulle op hulle tog na die stad van rooskwarts vroue sien bou: "Geen reghoeke hier maar sagte kurwes in aansluiting by die aarde se kurwes. So bou

vrouens" (67), maar die sg. meerderwaardigheid van die man se taal word keer op keer aan die kaak gestel. Aanvanklik probeer die slavin die man se taal emuleer: "Ek leer heeltemal anders gesels met 'n metaalklank van ironie aan die stertkant van 'n opmerking" (26), wat sinspeel op die onpersoonlikheid van die man se taal en terselfdertyd die ironie van haar "veredeling deur opvoeding" impliseer. Soos die papegaaï se taal, dop die man taal om "sodat die betekenis uitval en niks gesê kan word nie" (29). Die man as kultuurwese is 'n algehele antitese daarvan in sy taal: "So rustig en verfynd as wat hy daar sit en praat, so barbaars die blote taal wat hy gebruik. Kap, steek, vermink, skop, bekruip" (102). Mans se gesprekke gaan "om seeslagte...om veldslae, om wapenrusting, kaping, om roemryke seges en verdeling van buite, lospryse en afpersing, strooptogte, strafekspedisies" en raak "uitermate spytig en sarkastiese oor ander se teorieë" (102). Hierdie veroweringsdrang is nie net beperk tot oorlogvoering nie, aangesien hulle gesprekke ook die verowering van die vrou insluit: "...die digters se sarkastiese opmerkings oor vrouens in die algemeen" is 'n "gesofistikeerde afkraak" en 'n "oppervlakkige vertoon van wellus" (50). Terwyl mans "ontledend beskryf" (50), is hulle terselfdertyd geneig tot "ontwykende verduidelikings" (48). Nadat sy die man se taal haar lewe lank gebruik het, besluit die slavin in retrospeksie dat die man se taal negatief en 'n rammeltaal is: "Nou het ek name vir alles: slaaf, ontmanning, handel, kusstad, see, dwangarbeid...Ek het die name en word nie na geluister nie. Niks kan ek met die name aanvang nie. Hulle is rammelaars maar" (98).

1.3.7 'N "ONDERSTEBO"-STRUKTUUR

In die verhaalkuns kan 'n kernstorie op simplistiese manier beskryf word as iets wat met iemand gebeur op 'n sekere plek, in 'n sekere tyd onder sekere omstandighede. Hierdie "storie" word dan op 'n bepaalde manier vertel wat byvoorbeeld 'n chronologiese of heeltemal achroniese vertelproses kan behels, en omdat die "iets (wat) gebeur" 'n hele reeks gebeure impliseer, volg dit dan ook dat hierdie reeks gebeure nie op presies dieselfde moment kan plaasvind en dus nie op presies dieselfde tydstip beskryf kan word nie; vandaar die verdeling van die verteltekste in dele, hoofstukke of minstens tipografiese breuke om 'n verandering van omstandighede aan te dui. Verder het dit ook gebruiklik geword om aan die "iemand" 'n eienaam te gee, aan die plek 'n fiktiewe of werklike naam en die gebeure in 'n bepaalde herkenbare tyd - hede, verlede of toekoms - te situeer. Omdat daar sonder karakters nie 'n "storie" kan wees nie en omdat karakters op verskillende maniere met mekaar kommunikeer, waaronder verbale dialoog, is dit ook so dat die dialoog gewoonlik met behulp van aanhalingstekens of anderskryftekens soos die aandagstreep aangedui word.

As 'n storie dan gedefinieer kan word as: "iets gebeur met iemand op 'n sekere tyd en plek" (Brink 1987: 38), kan 'n mens sê dat daar in DIE KREMETARTEKSPEDISIE 'n storie vertel word, dat die "iets" wat met die slavin gebeur 'n hele reeks gebeure is en dus 'n verdeling van die verteltekste in hoofstukke of seksies genoodsaak. Wat onmiddellik opval m.b.t. die uiterlike struktuur, is dat daar geen afdelings, hoofstukke of selfs tipografiese breuke is nie, die tradisionele aanhalingstekens ontbreek wanneer iemand se direkte woorde gerapporteer word. Op

verhaalvlak het geen karakter 'n eienaam nie: dis "die vreemdeling", "die oudste seun", "my weldoener", "die speseryhandelaar", ens.; die verteller self bly naamloos, soos ook die plekke waar die gebeure hulle afspeel en slegs uit teksgegewens is daar vae aanduidings van tyd en plek. Name van mense en plekke en 'n herkenbare tyd is egter insidenteel, soos later aangedui sal word. Wat die vertelproses betref, kan dit nie meer achronies wees as wat dit in hierdie vertelling voorkom nie. Selfs die aanvangsinne van die vertelling: "Dan met wrewel...Dan met spot" (5) is al 'n aanduiding dat daar nog vóór die verteltekst begin, iets gebeur het, as in aanmerking geneem word dat 'n woord soos "dan" 'n voorafgaande stelling of gebeure veronderstel. Hierdie aanvang plaas die gebeure in die middel van êrens, net soos die kremetart die middelpunt van die verteller se onmiddellike ruimte is en net soos die kern van haar gedagte- en ervaringsreise die self is.

Brink (1987: 126) merk op dat die verdeling van 'n verteltekst in dele, boeke, hoofstukke, seksies, subseksies gewoonlik te doen het met die dubbele duiding van ruimte en tyd. Dit wil dus sê dat die verteltekst van DIE KREMETARTEKSPEDISIE wat as "n onverdeelde 'blok' van begin tot einde" aangebied word, 'n opheffing van ruimte en tyd beteken. Dit is heeltemal verenigbaar met die interne monoloog, die gedagte- en ervaringsreise van die slavin. Gedagtes is nie netjies afgebaken in dele, hoofstukke of seksies nie; gedagtes vind nie tussen aanhalingstekens plaas nie; dis nie chronologies, logies of grammatikaal nie; is nie tyd-, plek- of werklikheidsgebonden nie; onder hewige emosionele spanning is gedagtes ongeorden; die mees fantastiese verbeeldingsvlugte kan in die gedagtes onderneem word;

herinneringe word opgehaal sodat die tydsverloop 'n hele leeftyd kan duur, soos in die geval van die slavin se reise; in die gedagtes is 'n agternaperspektief moontlik wat 'n hele nuwe visie van ervaringe meebring.

Die naamloosheid van die verteller asook van die ander karakters, het eerstens betrekking op die ontkenning van die begrip "besit", soos in die marxistiese filosofie gepostuleer word - sy besit niks, nie eens dit wat as jou eie en slegs joune beskou word nie, nl. 'n eienaam: "Ek sê my eie naam hardop en my eie naam beteken niks" (63). Tweedens maak die naamloosheid van die verteller 'n sosio-politieke stelling. Dit hou verband met die gebruik van die slawe-eienaars om die geboortename van die slawe te verbied en self ander name aan hulle te gee, soos Aob wat Adam Mantoor ('N OOMBLIK IN DIE WIND) en Kunta Kinte wat Toby (ROOTS) deur hulle onderskeie eienaars "gedoop" is. Daardeur word die individu nie net van sy identiteit gestroop nie, word sy individualiteit nie net ontken nie, word die slawe-eienaar se algehele heerskappy en "besit" nie net bevestig nie, maar word die slaaf se herkoms, sy kultuur, sy hele wese op arrogante, aanmatigende wyse deur die besitter misken.

Derdens hou hierdie naamloosheid verband met "the death of character" (Rimmon-Kenan 1983: 29). Aan die hand van die Balzac-verhaal, SARRASINE, kom Barthes tot die gevolgtrekking: "What is obsolescent in today's novel is not the novelistic, it is the character; what can no longer be written is the Proper Name" (Barthes 1974: 95). Hy gaan voort deur te sê dat wanneer ons van 'n karakter met 'n eienaam praat, ons eintlik van sy figuur en nie van sy persoon praat nie, "an

impersonal network of symbols combined under the proper name". Ons onderneem nie 'n ondersoek in die karakter nie, maar ontwikkel konnotasies; ons soek nie na die waarheid omtrent die karakter nie, maar na die "systematics of a (transitory) site of the text" (p.94). H  l  ne Cixous (1974: 387) s  : "So long as we do not put aside 'character' and everything it implies in terms of illusion and complicity with classical reasoning...we will remain locked up in the treadmill of reproduction". Sy bevraagteken die stabiliteit en eenheid van die self, want die "ek", volgens haar, is "always more than one, diverse, capable of being all those it will at one time be, a group acting together, a collection of singular beings that produce the enunciation". Volgens Culler (1975: 230) beskou die strukturaliste die volgende idee van karakter as 'n mite: "the most successful and 'living' characters are richly delineated autonomous wholes, clearly distinguished from others by physical and psychological characteristics". In verband met die naamlose karakter s   Brink dat ons sou kon praat van "'n bewuste strategie wat gebruik word om die gewig van die karakter meer opvallend in die rigting van die 'mitologiese' (of die 'algemene', of die 'universele') te verplaas" (1987: 75). Hy is dit eens met Cixous dat "ek" (of "jy" of "sy" of "hy", ens.) alreeds as versamelpunt van eienskappe fungeer.

Ons kan dus s   dat die verteller in DIE KREMETARTEKSPEDISIE as gevolg van haar naamloosheid 'n simboliese, mitologiese, universele en algemene waarde het - dit is die slavin se verhaal, maar dit is ook die verhaal van 'n vrou, die vrou, die vrou as slaaf, die universeel onderdrukte. Daarbenewens kan mens ook s   dat hierdie naamloosheid die slavin se tussenposisie beklemtoon. Sy het, na alle

waarskynlikheid, 'n geboortenaam gehad, moes dit prysgee vir 'n slawenaam en verkies nou om naamloos te bly, want nóg haar geboortenaam, nóg haar slawenaam het betekenis: "...en my eie naam beteken niks" (63).

Ook die vertelproses is 'n "onderstebo" en dis veral die tydsgedimensie waarmee daar rondgespeel word. Na die ontdekking van die krale, probeer die slavin die tyd bepaal met behulp van die krale, haar "vasberade poging tot dagtekening" (5), maar kom gou tot die besef dat tyd krale word en "dus rommel" (7). Die manier waarop sy met die krale werk, relegeer tyd tot ruimte (bv. 10-11, 13). Die achroniese aard van die vertelling spreek reeds uit die woorde: "Reg aan die begin is tyd nie want daar is geen tyd om aan opeenvolging te wy...nie" (10). Op verhaal- sowel as vertelvlak word daar 'n stryd met tyd gevoer: "...ek is gereed om my stryd teen tyd voort te sit. Eindeloos rondomtalie baklei ons. Ek kry hom nie opgedeel en gesegmenteer sodat ek 'n patroon kan vorm en hom kan beheer nie, my vernuf met die krale ten spyt...Ek kan tyd nie van my afskud nie. Hy hurk gedurig voor my boom. Alles wat was in my lewe is altyd by my, tegelykertyd, en die gebeurtenisse wil nie mooi die een agter die ander in 'n ry staan nie. Hulle haak bymekaar in, skuif rond, spat uitmekaar, dring hulle op of probeer wegsluip uit my geheue...Dit is maklik, maar nie die tyd wat van my gemaak het wat ek is en wat binne-in my met 'n ander ritme leef nie" (64). Hieruit kan 'n mens aflei dat die tradisionele begrip van tyd totaal omvorm word. Soos by veral die twintigste-eeuse Europese skrywers, word die "tirannie van die verbygaande tyd besweer deur 'n doelbewuste opheffing van die gewone horlosie- of kalendertyd. Hede, verlede en toekoms skuif deureen en

relatieweer mekaar" (Ia van Zyl 1982: 76). Die idee van tydsprogressie, soos Brink opmerk, word heeltemal afgeskaf en dus beroof van sy essensie. Die gebruik van die krale was 'n manier "om die gevaar van tydloosheid deur ordening te weer" (14), maar dit was "net 'n bietjie oorskot" wat haar niks gebaat het nie.

1.3.8 ANDER ONDERSTEBO'S

Ander onderstebo's wat op verhaal- en vertelvlak voorkom en aandag verdien, word elders in hierdie studie behandel. Hulle is kortliks:

- (1) Die omgekeerde geboorte (hoofstuk 2 onder geboortemotief)
- (2) Besitting omgekeer tot niks (hoofstuk 3)
- (3) Epiek omgevorm tot liriek (hoofstuk 1, paragraaf 1.2.6)

1.4 "DIE"

As determineerder is die lidwoord "die" betrokke by naamwoordelike semantiese funksies soos bepaaldheid en generisiteit en skep dit 'n intieme verband tussen bepaaldheid en verwysing. Die lidwoord word gewoonlik gevolg deur 'n substantief, bv. die vrou, die boom. Twee begrippe wat ten opsigte van bepaaldheid 'n belangrike rol speel, is uniekheid en bekendheid. Die naamwoordstuk in 'n sin soos "Die vrou het 'n ekspedisie onderneem", is bepaald omdat dit na 'n unieke referent verwys, d.w.s. 'n referent wat die enigste eksemplaar is van 'n klas. In hierdie sin slaan "die vrou" op 'n unieke vrou, en wel uniek met

betrekking tot die situasie; daar is talle ander vroue, maar hulle is nie vir die situasie van hierdie sin ter sake nie. Bekendheid het te doen met die onderskeid tussen ou en nuwe inligting en is heg verweef met uniekheid. In die sin hierbo is "die vrou" 'n bepaalde naamwoordstuk met bekende referente. By die generiese gebruik van die lidwoord en naamwoord, gaan dit om klasse en nie eksemplare nie. In 'n sin soos "Die vrou is 'n onderdrukte wese", het die lidwoord generisiteit omdat daar nie na een spesifieke vrou verwys word nie, maar na 'n klas, die vrou in die algemeen.

In die geval van DIE KREMETARTEKSPEDISIE verwys "DIE" na 'n bepaalde ekspedisie wat, met behulp van die bepaler van die kompositum, na geen ander ekspedisie kan verwys nie; hierdie titel wat 'n naamwoordstuk is, verwys dus na 'n unieke referent. Sou die titel byvoorbeeld 'N KREMETARTEKSPEDISIE gewees het, sou die onbepaaldheid van die lidwoord veroorsaak het dat daar na enige van 'n aantal sodanige ekspedisies verwys kon word, m.a.w. die ekspedisie sou sy uniekheid dan moes inboet. As die lidwoord, bepaald of onbepaald, heeltemal weggelaat sou word, nl. KREMETARTEKSPEDISIE, sou die konsep 'n breër omvang aangeneem en vaer geword het en nie die essensie van die vertelling behoorlik kon saamvat nie. Ander determineerders soos "dié", "hierdie" of "daardie" het 'n ander semantiese funksie, nl. aanwysing of demonstrasie, en druk nabyheid of verwyderdheid ten opsigte van plek uit.

1.5 GEVOLGTREKKING

Aan die begin van die hoofstuk is 'n aantal vrae gestel met betrekking tot die betekenismoontlikhede van hierdie problematiese titel en daarna is getrag om 'n moontlike verklaring daarvoor te vind. Die gevolgtrekking waartoe ek kom, is die volgende:

1.5.1 Alhoewel daar in die titel na een bepaalde ekspedisie - aangedui deur die bepaalde lidwoord en versterk deur die enkelvoudsvorm van die daaropvolgende naamwoord - verwys word, kom die titel enersyds misleidend voor, aangesien daar in die vertelling van 'n hele aantal ekspedisies, fisies sowel as geestelik, sprake is.

1.5.2 Andersyds is die titel 'n juiste samevatting van die essensie van die vertelling, aangesien daar inderdaad na 'n enkele, besondere, unieke en eenmalige ekspedisie verwys word, waarin daar so baie ander "ekspedisies" verstrengel geraak het dat die een nie van die ander los te maak is sonder om die geheelbeeld te skaad nie. Die ekspedisie kan vergelyk word met 'n stuk geweefde stof wat, as òf die skering òf die inslag verwyder word, nie meer geweefde stof sal wees nie, of as slegs één draad van die skering of inslag verwyder word, dit 'n opvallende defek sal toon. Ook die vertelproses sluit by hierdie verstrengeldheid aan en dis veral die sirkelvormige aspek van retrospektiewe tyd wat hier so effektief aangewend word. Brink praat byvoorbeeld van die groot "kolk in die tyd" waarin daar ook telkens "kleiner kolke gevorm word waardeur hele brokke van die narratiewe verlede telkens in die tydsirkel van die hede ingetrek word" (1987: 94). Sy analogie van hierdie proses met 'n dier wat in 'n vangriem

gevang word, is by uitstek op DIE KREMETARTEKSPEDISIE van toepassing.

1.5.3 Die bepaalde lidwoord DIE tesame met die bondigheid van die kompositum KREMETARTEKSPEDISIE, in teenstelling met 'n titel soos byvoorbeeld DIE EKSPEDISIE NA DIE KREMETART, veroorsaak so 'n noue verbondenheid tussen "kremetart" en "ekspedisie" dat die een sonder die ander nie bestaansreg het nie, want die kremetart vorm die beginpunt van die vertelling maar ook die eindpunt van die verteller se reis. Weer haal ek Brink in dié verband aan: "...al haar ervaringsreise eindig uiteindelik in die kremetart; tegelyk is die kremetart die uitgangspunt vir al haar gedagtereise" (1987: 94).

1.5.4 "Kremetart" hou nie slegs verband met die begin- en eindpunt van die verteller se "ekspedisie" nie, maar dis ook die onderstebovoorkoms daarvan wat reeds op 'n ironisering dui, en wel van bestaande mites, stereotipes en gevestigde idees, soos ek probeer aantoon het.

1.5.5 Die titel is self 'n "onderstebo", aangesien "ekspedisie" te make het met 'n ondersoek na buite, uitwaarts, weg van die beginpunt af, terwyl die verteller se "ekspedisie" meer na binne gerig is, 'n "impedisie", sou 'n mens kon sê. In die lig van die feit dat "ekspedisie" se etimologie ook met bevryding te doen het, slaan die titel terselfdertyd op die vryheid en inhibisieloosheid waarmee die "ekspedisie" aangepak word, ten spyte van die boeie van slawerny en van vrouwees.

1.5.6 Ten slotte is die titel 'n demonstrasie van die vertelling se ambivalensie: dis 'n enkele ekspedisie maar ook 'n aantal ekspedisies;

dis 'n uitwaartse verkenning én 'n inwendige soektog; dis 'n begin en 'n einde; dis 'n misleidende maar ook juiste titel; die titel is juis maar ook ironies.

1.6 VOETNOTE

1. Prof. Axelson van Kaapstad wat in opdrag van die Portugese ambassade navorsing oor die Portugese ontdekkingsreise van die 15de eeu gedoen het ter voorbereiding vir die 500ste herdenking van Dias se geskiedkundige vaart in 1488, het gesê dat hy nêrens enige getuienis kon vind met betrekking tot die kleur van die seile wat hierdie seevaarders gebruik het nie. Hy meen dat die "geel" kleur daarvan miskien te wyte is aan die uitwerking van see, son en wind en dat die oorspronklike kleur wit was. Die "rooi tekens" is egter beslis die rooi kruise (Kruis van Avis) wat hulle op hulle seile geverf het in aansluiting by hul opdrag om die Christendom te versprei.
2. Die lied is 'n vertaling van 'n ou Swahili-lied en word deur Breytenbach in sy gedig gebruik om aan te toon dat die ou romantiek van die kUSDorp Bagamayo agter die genadelose werklikheid van vandag verskuil lê.
3. In hoofstuk 3 word daar verder ingegaan op die ontkenning van die begrip "besit".
4. Terwyl Alex Haley se roman feit en fiksie op 'n merkwaardige manier kombineer, is die feitelike inligting 'n gevolg van sy noukeurige navorsing, soos afgelei kan word uit sy "Acknowledgements", o.a. van die "griots" se bydrae:

"Finally, I acknowledge immense debt to the griots of Africa - where today it is rightly said that when a griot dies, it is as if a library has burned to the ground. The griots symbolize how all human ancestry goes back to some place, and some time, where there was no writing. Then, the memories and the mouths of ancient elders was the only way that early histories of mankind got passed along...for all of us today to know who we are.

Alhoewel mondelinge oorlewering nie altyd baie getrou is nie, is daar geen rede om te twyfel aan die outentisiteit van die "griots" se mededelings i.v.m. die kremetart nie.

HOOFSTUK 2"EK-SPEDISIE"2.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is verwys na die meerduidige aard van "ekspedisie" wat terselfdertyd slegs één ekspedisie is, nl. 'n ekspedisie in die self, 'n introspeksie, 'n geestesekspedisie, 'n "ekspedisie" of 'n "impedisie", as 'n mens dit so sou kon noem; 'n enkele ekspedisie, dus, waarin ander ekspedisies voor die gees geroep of onderneem word ten einde "hele brokke van die narratiewe verlede in die tydsirkel van die hede in te trek" (Brink 1987:94). Aangesien die verlede dan telkens opgeroep word, is dit te verwag dat hierdie "ekspedisie" retrospektief sal plaasvind, wat weer in die roman in die vorm van retrospektiewe tyd of, om Genette se term te gebruik, in die vorm van analeps aangebied word. Soos reeds in die vorige hoofstuk aangedui, het "ekspedisie" ook die betekenis van 'n uitwaartse beweging; die ekspedisie(s) deur die verteller is dus uitwaarts ten einde groter duidelikheid in haar innerlike ekspedisie te verkry, 'n agternaperspektief wat 'n nuwe visie meebring en vorige persepsies en konsepsies dikwels omkeer om sodoende nuwe insigte te bring.

Aangesien die slavin se "ek-spedisie" 'n uitwaartse beweging is, kan dit ook in terme van 'n reis beskryf word, waarvan die reis na die stad van rooskwards maar net 'n uiterlike manifestasie is. Haar lotsbestemming is 'n reis wat deur die tyd eerder as deur die ruimte

plaasvind. Uit 'n geestelike oogpunt gesien, is die reis nie 'n beweging deur die ruimte nie, maar die uitdrukking van 'n dwingende behoefte aan ontdekking en verandering onderliggend aan die werklike beweging en ervaring van die fisiese reis. Hierdie reis is 'n rekonstruksie van die verloop en rigting van haar lewe as geheel. Die tipiese of argetipiese eienskappe van die lewe word afgebaken of simbolies voorgestel as 'n bewuste reis vanaf kindwees tot volwassenheid en uiteindelik tot die ouderdom en die dood. Dit is nie 'n fantasering in haar gedagtes nie, hierdie simboliese reis is nie 'n produk van haar verbeelding vol groteske gebeure nie, maar die werklike, lewende stuwings van haar lewenservaringe. Selfs die fisiese reis na die stad van rooskwarts neem simboliese dimensies van waarde en betekenis aan. Soos die mitiese reise met al hulle monsteragtige konfrontasies, is die verteller se geestesreis ook gevul met konflikte, keerpunte, oorgange en onoorkomelike struikelblokke.

Om te reis, is primêr om te soek. Reise, dwalinge, ekspedisies, soektogte en geestesreise word geïnspireer deur verlange, die mens "reis" in sy soektog na iets wat verlore geraak het of iets wat hy nog nooit gehad het nie. Die struikelblokke op hierdie reis mag die kontradiksies en ontevredenheid in die soektog verteenwoordig. Vgl. "Op die baie paadjies van my geheue verrys daar dreigende gedaantes wat elke terugblik versper" (7), en hierdie "gedaantes" of struikelblokke is "in die gestalte van iets mensliks of soms soos 'n hoek van 'n harige muur of 'n rollende hutopening wat my probeer in- en wegsleep...soms ook 'n stil wanstaltigheid van afwagting" (7, 8). Haar "speurvernuf (word) dikwels gefnuik en die spoor loop in (haar) binneste dood" (8). Maar die soektog is alte dikwels na iets

ontwykends wat buite die grense van die bewuste wêreld bestaan, dit is 'n reis "na die grense van die gees" (59), dit is 'n ontwykende deel van die self wat in bewustheid verlore geraak het; daarom moet daar afgedaal word in die onbewuste om hierdie ontwykende deel van die self te vind. Dit is dan ook geen wonder dat die slavin haar so dikwels van die slaap bedien nie (vgl. 2.3.1). Of dit mag die lewende kontak tussen die mens en die natuur wees wat verlore geraak het en waarna daar gesoek word.

Dit voel vir die slavin asof hierdie "ek-spedisie" "n leeftyd was en nog steeds duur, steeds voortgaan" (7), maar sy "het gesoek en gebaan en gevind" (8). Ironies is dit dat sy lewensmiddele soos kos en water kon vind, in plaas van haar ontwykende gees; terselfdertyd het sy ander lewenswaarhede "gevind": "Gevind: allerlei soorte veldkosse en gevind ook dat ek dit in mededinging met die dier pluk, uitgraaf, optel, dat bome nie vir my bot en bloei en vrug dra nie, nie om my honger te stil nie, dat knolgewasse en veselwortels nie vir my onderaards swel nie, en nie om my te behaag drup die huilboerboon sy nektar nie, en nie om my te laaf staan die platdoring op strategiese punte in die middel van 'n skadukol nie, en nie om my plesier te doen hang die gevlekte orgidee uit nie, nie vir my slaan beginsomer die krinkhout tente van geur op nie" (8, 9). In haar soeke na die self en in haar reis in die self, besef die slavin: "...wat op die pad terug lê, het eenmalig gebeur en wat in watter rigting ook al na die ander kant lê, is, bitter besef, nie vir my beskore om op my eie aan te durf nie" (43). Sy dink aan die woorde van haar "ewigvarende, ewigreisiende, immerbekorende vreemdeling": "Ek hou nie op soek nie...Ek verken graag. Ek ontsluit graag. Ek kan nie van die mens

begeesterd raak nie, maar ek hou nie op toets nie en ek hou nie op soek nie" (43). In teenstelling hiermee sien sy die reis "as 'n verwarring wat ek moes deurmaak, dan probeer ek dit nie uitpluis of sin daarin soek nie" (63). Op die plato, "na 'n grondige ondersoek", vind sy net "wind en wind se agtergrond, die stilte...die hoeder wat alles uitgewis het" (96) en sy wonder: "Waarvoor oopkrap, opdiep, blootstel, bespiegel en aflei?" (96). Sy onderneem uiteindelik 'n laaste reis, "duik ek in donker water en roei met my vlerke die anderkant in na waar in sakkende stilte ek my nie meer weet te help nie" (110).

Hierdie reis of "ek-spedisie" is ook verteenwoordigend van die soeke wat in die duisternis van die profane wêreld begin en na die lig uitreik. Dit is 'n argetipiese pelgrimstog of 'n soektog na 'n uitweg uit die doolhoof van die raaisels van die menslike bestaan, die reis is 'n soeke na oplossings en die sin van die menslike eksistensie. Die slavin se angs, haar vreemdelingskap en toenemende vervreemding, die vryheid of gebrek daaraan om haar eie besluite te neem, wanhoop, sterflikheid en dood, is die weerspieëling van die pynlike bewustheid van die inherente tragiek van die menslike kondisie; terselfdertyd is haar "ek-spedisie" ook 'n poging om haar vry te maak van die vrese en frustrasies wat haar hele bestaan oorheers.

2.2 KRINGE

'n Mens word dadelik getref deur die kringvormigheid van die verteller se "ek-spedisie", die sirkelvormige aard van die narratiewe gegewens gesteun deur 'n groot aantal kodes en motiewe - dikwels self

sirkelvormig - wat deur die vertelling sirkuleer, die sirkelvormige aspek van retrospektiewe tyd en die sikliese aard van die bewegings in die roman.

Volgens Tom Chetwynd (1987:173) is die simboliek van die sirkel verwant aan die baarmoeder (vgl. die geboortemotief), wat weer die fundamentele matriks van alle oorsprongsimbole bly en die beginsel van die gesins- en sosiale lewe vorm. Verder is die sirkel verwant aan water en die innerlike lewe (vgl. die verteller se "watergees"); dit integreer die hele psige en het te make met die dinamiek van beweging, die tydsiklus in beide die bestaan en in die psige. Volgens Cirlot (1962:46) is die sirkel sinoniem met omtrek, wat weer op sy beurt sirkelvormige beweging simboliseer. In die Jungiaanse filosofie stem die sirkel ooreen met die fundamentele staat van eenheid. Die bekende simbool van die Yang-Yin in die Sjinese filosofie (nl. 'n sirkel wat in twee gelyke dele verdeel word deur 'n S-vormige lyn oor die middellyn, die een deel wit (Yang) met 'n swart kolletjie daarin en die ander deel swart (Yin) met 'n wit kolletjie) dui aan dat daar altyd iets van die vroulike in die manlike is, en omgekeerd. Die S-vormige lyn self is 'n simbool van beweging of kommunikasie en impliseer die idee van rotasie, dus 'n dinamiese en komplementêre karakter. Die verwantskap tussen die sirkel en die sfeer is 'n simbool van die A1.

Die verteller is uit die binneland geroof, uit 'n "soele woudkom" (49), onder dwang na 'n hawestad aan die Ooskus gebring en weer onder dwang terug na die binneland geneem waar sy haar dood tegemoet gaan; die kremetart, die beginpunt van die vertelling, is die uitgangspunt vir al haar gedagtereise, en al haar ervaringsreise eindig uiteindelik in

die kremetart, die eindpunt van haar reis; daar is die ewige kringloop van die seisoene: "Winter is dit weer. 'n Somer, 'n winter, 'n somer, 'n winter hier deurgebring" (108) wat haar "vasberade pogings tot dagtekening" (5) met behulp van die krale heeltemal neutraliseer ter bevestiging van die natuur se mag. Die onverbiddelike kringloop van geboorte en dood sirkuleer deur die vertelling, soos die beelde van die wit skulp en die swart skulp, diametrale teenoorgesteldes wat ook 'n kring impliseer. Die ivoorarmband, self 'n kring, is 'n voorbeeld van hoe die mens die natuur transformeer tot kultuurobjek, maar wat van die natuur geroof is, moet aan die natuur teruggegee word om "die harmonie te herstel" (62). Die opkoms en verkrummeling van beskawings, soos "keisers en kwepers ryp en val" (Toon van den Heever: "Berusting"), toon ook hierdie kringvormigheid: "Hier is gekom en gegaan, weer gekom, gegaan, droef tot in alle ewigheid" (86). Dag en nag, droom en werklikheid, slaap en wakkerwees, is teenpole wat ook 'n kring impliseer. Dan is daar ook nog die verteller se sirkelvormige bewegings, vanaf die kremetart en terug daarheen, haar paadjies wat om die boom uitstraal. Haar ontwikkeling vanaf ellendeling tot "bevoorregte gunsteling" word op die ekspedisie na die stad van rooskwarts 'n regressie in 'n teenoorgestelde rigting, vanaf gunsteling tot ellendeling.

Water, wat nie net die vervloeiendheid van die lewe voorstel nie, maar ook primordiale lewenselement is, hou verband met 'n kring en die talle verwysings na die verteller se "watergees" is nie toevallig nie. Dit is opvallend hoe die verteller aangewese is op die lewenselemente: "Ek sê hardop die naam van die boom, die naam van water, van lug, vuur, wind, grond, maan, son en alles beteken wat ek hulle noem" (63).

Hulle vertrek byvoorbeeld van die een see na 'n ander see. 'n Verdere kring vind vergestaltung in die verteller se opgekrulde posisie in die kremetart aan die begin van die verteltekste en haar posisie met "ingevoude vlerke" aan die einde van haar lewe en van die tekste. Die "ingevoude vlerke" suggereer 'n papie, dus terug na geboorte en na die sikliese lewe. Die toenemende inkrimping in die vertelling, totdat net die kremetart oorbly en daarbinne die slavin wat haar "vlerke invou", het ook te make met die sirkelvormigheid van die vertelling.

Verdere eksplisiete en implisiete verwysings na kringe/sirkels sluit by hierdie sirkelvormigheid van die narratiewe gegewens aan. Die slavin reis "in kringe om een plek" (7) by die kremetart, maar dit het ook te make met haar herinneringe wat "n leeftyd was en nog steeds duur, steeds voortgaan" (7). "Allerlei paadjies na niks straal uit" (8) om haar woonplek, die kremetart, die middelpunt van haar ruimte en bestaan, en haar soektog kring al wyer en wyer uit. Sy dwaal in die veld rond, "soos reg aan die begin toe ek hier gekom het" (10), "...en dwaal ek weer rond soos reg aan die begin" (108), wat ook weer 'n kring impliseer, 'n kring van begin en einde, verhewig deur die tekstuele plasing van hierdie openbaring. Haar denke kan sy "rond soos 'n kleipot vorm en waterkoel presiseer" (10) wanneer die oomblikke van "leeg wees" (11) hulle voordoën. As sy kon skryf, sou sy die boom "bekrap" met haar geskiedenis, "in singelende lyne skryf ek om en om jou...voort rol die gedagtes, om en om jou stam..." (28). Selfs haar vrees het hierdie sirkelvormige aard, want op haar "dwangreis" was "vrees die begin- en vrees die eindpunt" (33).

In die kremetart word sy "reg rondom ook maar deur horison ingeperk"

(43) en sy wonder of 'n mens dan nooit jou grense deurbreek nie. As sy al die landskappe wat voor haar oë gekom het, in 'n kring om haar pak, sal dit "bepaald 'n wyer horison gee" (43) en hoe verder sy reis, hoe wyer moet hierdie horison word, maar eintlik het "alles tot wat 'n boom bepaal, gekrimp" (43). Sy reis "al in die rondte al om die kremetart" (43) en wil hom nooit uit die oog verloor nie, omdat haar verlede 'n eenmalige reeks ervarings was en haar toekoms nie alleen aan te durf is nie. Die kringloop van geboorte en dood word treffend uitgebeeld wanneer sy oor die dood van haar weldoener-eienaar se jongste seun besin: "Twee sterfgevallen tussen nuwemaan en volmaan. Hoe lank is die lewe van 'n mens? Van knipoog tot knipoog van die weerlig. Van die voller swel van die druppel tot sy val. So lank is die lewe van die mens. Van skuif tot skaakmat" (45). Ook met betrekking tot geboorte en veral die geboorte van haar kinders, besef die slavin dat sy nooit ouma sal word nie omdat haar kinders van haar weggeneem is sonder dat sy die voldoening gesmaak het om hulle volgroei te sien: "Vir my is daar geen voortsetting, geen skakels terug of vorentoe nie" (54).

Deur haar ivoorarmband, self 'n kring, aan die donker seekoegat te offer waar die heerser van die krokodille woon, bevestig sy die kringloop van lewe en dood. Haar stryd teen die tyd is 'n "rondomtalie" en sy kan hom nie "opgedeel en gesegmenteer" kry om beheer oor hom te kry nie (64) en sy word meer en meer bewus van die onverbiddelike verloop van die tyd: "Dag en nag gaan heen. Somer en winter, nog 'n somer en hier kom winter weer" (64). Die aarde se kurwes of rondige word gereflekteer in die manier waarop vroue bou en is terselfdertyd 'n bevestiging van die vrou se groter bewustheid van

die sirkelvormigheid van die lewe. Wanneer hulle op die bouvalle en die rotstekeninge afkom, word sy weer eens bewus van die sikliese aard van die mensegeskiedenis, van die opkoms en vernietiging van beskawings, groots sowel as dié wat nie die wêreld se aandag getrek het nie. Die mens se geloof in die hiernamaals om sy vrees vir die dood te besweer, is "siklusbeloftes en beloftes van opstanding, beloftes van 'n paradyslike hiernamaals..." sonder enige substansie (100).

2.3 KODES

Die slavin se "ek-spedisie" kan in twee breë kategorieë verdeel word, nl. haar uitwendige ervaringsreise en haar gedagtereise. Hierdie reise is nie net siklies van aard nie, maar ook so nou met mekaar verweef en ineengestremgel dat die een nie sonder die ander bespreek kan word nie. Haar verskillende reise word deur 'n groot aantal kodes be-teken, wat letterlik die funksie van kenprosesse, selfkennis-prosesse vervul, asook van sisteme waarin betekenis opgekrop word. Dit is opvallend hoe hierdie kodes op een of meer maniere aan mekaar gekoppel is, hoe die een die ander steun, hoe die een oor die ander skuif en 'n aaneenskakeling, soos die skakels in 'n ketting, veroorsaak. In die bespreking hieronder sal daar dus noodwendig 'n mate van oorvleueling wees.

2.3.1 SLAAP EN DROOM

Van al die kodes in die roman, moet die slaap-en-droomkode voorrang geniet, aangesien die droom self die reis is waarin en waardeur die

slavin haar ervarings- en gedagtereise onderneem.

Van die vroegste tye af is die noue verwantskap tussen slaap en die dood in die kunste, mitologie, godsdiens, folklore, sielkunde en filosofie raakgesien. Vergelyk byvoorbeeld in die letterkunde: "By him lay heavy slepe, the cosin of death" (A MIRROR FOR MAGISTRATES - Thomas Sackville 1554); "The cave of Death's half-brother, Sleep" (ILIAD XIV); "Shake off this downy sleep, death's counterfeit" (MACBETH II, i) en

To die -, to sleep, -
 No more; and by a sleep to say we end
 The heart-ache and the thousand natural shocks
 That flesh is heir to, - t'is a consummation
 Devoutly to be wish'd. To die, - to sleep; -
 To sleep! perchance to dream: - ay, there's the rub;
 For in that sleep of death what dreams may come,
 When we have shuffled off this mortal coil,
 Must give us pause: there's the respect
 That makes calamity of so long life

(HAMLET, PRINCE OF DENMARK III, i)

In DIE KREMETARTEKSPEDISIE word daar ook 'n verband tussen slaap en die dood gelê, want die verteller het aan die begin geslaap "om die geknaag in (haar) te dood" (5); haar slaap was weens hongeruitputting yling, byna 'n koma (92); as sy die gif uitgedrink het, sal sy "toegang tot 'n nuwe soort droom...verkry" (91), nl. die dood; sy sal die afskeidsgif drink "in die voedende wete dat droom na droom lei" (100) en slaap is "'n kleiner dood" (90).

Nadat Macbeth die moord op Duncan gepleeg het, beseft hy dat hy nooit weer die slaap van die onskuldige sal slaap nie, "Macbeth doth murder sleep", en hy gaan voort om die heilsaamheid van slaap wat hy deur sy

daad verbeur het, te besing:

the innocent sleep;
Sleep that knits up the ravell'd sleeve of care,
The death of each day's life, sore labour's bath,
Balm of hurt minds, great nature's second course,
Chief nourisher in life's feast.

(MACBETH II, i)

Inderdaad. Vir die slavin is slaap al hierdie dinge; dit is ook 'n natuurlike liggaamsfunksie, rus, vergetelheid, ontvlugting en uiteindelik die dood. Maar in hierdie vertelling beteken slaap en droom baie meer as dit - dit beteken "om na buite te droom want die sewende sintuig is die slaap" (5). Hierdeur, reg aan die begin van die verteltekst, word die slaapkode al bevestig en 'n verdere ekspedisie in die vooruitsig gestel, nl. 'n afdaal in die onbewuste deur middel van die droom om die versluisde deel van die psige te ontdek en na die bewuste oppervlak te bring; dus om groter duidelikheid en insig in haar bestaan te verkry. Dit word dan inderdaad 'n "ekspedisie".

Tog is droom hier nie slegs die soort droom wat 'n mens in jou slaap ervaar en waaraan Freud en ander allerhande moontlike en onmoontlike verklarings heg nie; nòg is dit die soort droom wat met 'n ideaal te doen het. Die slavin "droom na buite" (5, 100), terwyl 'n mens in jou slaap na binne droom. Wat hier op paradoksale wyse plaasvind, is dat sy haar verlede wat "eenmalig" was, keer op keer voor haar laat afspeel sodat sy die gebeure en ervarings in 'n ander perspektief kan sien, 'n perspektief gestroop van illusie en emosionele betrokkenheid. Dit is 'n nugter, koel evaluering van haar lewe, dit is 'n byna kliniese ontleding daarvan, wat deur tydruimtelike afstand enersyds groter objektiwiteit verkry en andersyds dwaling meebring, soos die orde en

frekwensie van die gebeure in die teks illustreer.

Dat slaap en droom 'n reis is, word al vroeg in die vertelling bevestig. Tydens haar slawebestaan, in "die geskarrel om te oorleef" (10), kon die slavin geen tyd aan opeenvolging wy of haar lewe in kategorieë verdeel nie. Aan die begin van haar verblyf in die kremetart was sy nog "verstrik in deurmekaar gedagtes" (5) en kon sy nog nie haar gedagtes orden nie: "Alles wat was in my lewe is altyd by my, tegelykertyd, en die gebeurtenisse wil nie mooi die een agter die ander in 'n ry staan nie. Hulle haak bymekaar in, skuif rond, spat uitmekaar, dring hulle op of probeer wegsluip uit my geheue. Ek het moeite met hulle in die kraal van my geheue" (64). Met verloop van tyd kan sy haar egter "die luukse van indeling veroorloof asook 'n oordeelkundige toepas van ou en nuutverworwe kennis". Sy kan besin oor wat sy doen, sy kan haar gedagtes laat gaan "aaneen en gelykmatig, sonder golwing of karteling", sy kan haar denke "rond soos 'n kleipot vorm en waterkoel presiseer" (10). Haar ervarings- en gedagtereise is dus moontlik deur "na buite te droom". Daarom kan sy ook sê: "...nou besef ek dat droom en wakker wees mekaar nie vloek nie, maar verlengings van mekaar is en inmekaar vloei, mekaar verryk, aanvul en draaglik maak..." (90).¹

Slaap was aanvanklik nodig vir haar uitgeputte fisiese en geestelike toestand: "Blakerende sonskyn beginwinter, maar ek bly slaap in die groot boom se buik. Ek bly slaap van hongeruitputting, ylend en stadig aan die uitdor, te kragloos om van woonplek te verander, na beter weivelde te verhuis..." (92). Sy, die "ontoegeruste dom beskaafde" (34), het nie geweet hoe om soos die natuurwesens te

oorleef nie en sy raak "uitgeteer en afgestomp" (35). Sy het in 'n ylende toestand verkeer: "...ek slaap nou meestal, ek slaap op die deinende kleure, hulle berei rus in hulle onrustigheid..." (35). In die leegte van haar bestaan was "slaap die digte oplossing" (13). Maar nadat sy die "paradyslike weligheid" van haar omgewing ontdek en verken en die "klein mensies" tot haar redding gekom het, is slaap nie meer slegs 'n natuurlike liggaamsfunksie nie: "Dit is nie meer toeval nie en lankal nie meer ontvlugting nie dat ek my so dikwels van slaap bedien. Ek maak my wys ek leef dan eers" (5). Dit is net in slaap dat sy volledig weet wie sy is, want haar drome is nie onwillekeurig soos in die normale slaap nie: "...ek heers oor my droomtyd en bewoon my drome tevrede. Vir myself is ek nodig dan" (9, 10).

Die herinnering aan die angs en verskrikking van haar slawebestaan is so afgryflik dat sy dit op die een of ander manier draagliker moet maak, t.w. deur te droom. Sy weet dat sy "vrees en verskrikking in en deur (haar) drome besweer en dat (sy) so die naamlose, die vormlose skadeloos stel" (33). Dit is dan deur "na buite te droom" dat hierdie skrikwekkende deel van haar lewe in 'n mate getemper word en sy dus staande kan bly in 'n onherbergsame omgewing. In haar verlede het sy tevergeefs om erkenning van haarself gesoek; dit is slegs in en deur haar drome dat sy haar eiewaarde kan vasstel en daarom ook haar angs te bowe kan kom.

Omdat haar drome sinoniem met haar ervarings- en gedagtereise is, het dit ook te make met die droom van die ekspedisieleiers, nl. om die stad van rooskwarts te bereik. Met hulle vertrek uit die kusstad op soek na hierdie lugspieëling van 'n stad, "het geeneen van ons gemerk

dat ons 'n droom binnegaan nie. So bedrieglik is slaap se avonture" (91), 'n verwoording van die fantastiese aard van die hele onderneming. Daarom kan sy sê: "Ek droom van daardie rooskwarts. My drome is volgeprop van rooskwarts. Ek kan skaars tussen die bonkige stukke beweeg. Die vloere van my drome is rooskwarts, die suile en die plafon van my drome. Ek loer tussen rooskwarts uit na die res van die wêreld. Ek trek my terug in rooskwarts en knik tevrede" (52) en "ek...slaap wanneer loomheid my ledemate swaar maak. En ek droom ek knik deur rooskwarts" (14). 'n Mens hoef nie te wonder waarom haar drome "volgeprop van rooskwarts" is nie. As gevolg van die ekspedisieleiers se "winsmotief" het sy op hierdie "onafsienbare lang tog" beland, is aan haar lot oorgelaat en moes haar in 'n vyandige omgewing probeer handhaaf; daarom word die rooskwarts 'n herhalende droom wat die skyn van vervulling aan 'n ander droom gee.

In die droom, soos "in 'n klein dood", ontmoet jy "die goeie en die bose...", die onafskeidelike paar, die tweeling wat die dood trotseer" (90). Hieruit is dit duidelik dat die slavin 'n gebalanseerde "ekspedisie" onderneem waarin sy die tydloosheid van die goeie en bose erken. Droom is dus vir die slavin 'n openbaring en 'n manier om groter insig in die werklikheid te verkry. Daarbenewens, in haar bestaan sonder menslike kontak, vul haar drome haar en help haar "die tyd eet" (90). Sy beskou die kremetart as "n droom wat bewaarheid is" (90), aangesien dit haar die geleentheid bied om te besin, haar verlede in oënskou te neem, haar toelaat om vir die eerste keer in haar lewe self te dink en haar eie besluite te neem. Haar verlange na menslike kontak dwing haar om in 'n droom te leef waarin sy dikwels haar toevlug tot die stad van rooskwarts neem, want daar wandel sy saam met baie

ander mense soos sy (99).

Droom, dan, is myns insiens weer eens 'n onderstebo - dit is die nagmerrie van haar bestaan wat in retrospeksie so onwerklik voorkom dat sy nie anders kan as om dit met 'n droom te analogiseer nie. Dit is dan ook daarom dat droom en werklikheid soms nie van mekaar te onderskei is nie, soos die klein mensies wat vir haar soos "droomgestaltes" (90) voorkom. Droom is, volgens Ernst Lindenberg (BEELD, 09.11.81), "'n kern van waarheid, gestroop van illusies, waarheen die vermoeide gees terugkeer om die dood te aanvaar as 'n finale ekspedisie", of, volgens Shakespeare: "...the dread of something after death, the undiscovered country, from whose bourn no traveller returns..." (Hamlet, III, i).

2.3.2 ROOI EN BLOED

Dit is nie toevallig dat die kleur rooi so prominent in die vertelling voorkom en dat daar minstens veertig eksplisiete en implisiete verwysings na rooi en bloed is nie. Simbolies word rooi geassosieer met bloed, die lewe, sonsopkoms, viriliteit, vrugbaarheid en in Christelike verband met die Opstanding. As een van die warm kleure, hou dit ook verband met die prosesse van assimilasië, aktiwiteit en intensiteit. Dit is die kleur van die polsende bloed en van vuur en dus ook van purifikasie; dit is die kleur van die stuwende emosies, van hartstog en van liefde, maar hou ook verband met gevaar, wonde en sterwensnood.

Al die tradisioneel positiewe simboliese betekenisse en tekenwaardes

van die kleur rooi kry in hierdie vertelling negatiewe konnotasies. Byna al die verteller se ervarings is bloedig, wreed en gewelddadig; haar bloeddeurweekte geskiedenis sluit byna elke soort gruwel in waaraan die mens hom al skuldig gemaak het, want bloed en rooi word in hierdie vertelling moord, selfmoord, ontmanning, premature ontmaagding wat op verkragting neerkom, barensnood, vrugafdrywing, oorlog en al sy gepaardgaande gruwels, lyfstraf, foltering, usurpasie, uitbuiting.

Die slavin se kinderjare vóór haar gevangeneeming skyn 'n gelukkige en vreedsame tydperk te gewees het. Haar vroegste herinneringe is "van hutte en moeder en veiligheid in 'n mistige soel woudkom" (49). Sy het die veiligheid en beskerming van 'n gelukkige gesinslewe geken, die liefde en warmte van 'n moeder, vrolikheid wanneer daar fees gevier is en die skone rustigheid van haar omgewing: "Moeder sien ek voor my, vader, boeties, sussies. Ek sien hutte en baie hoë bome met stamme geplooi soos uitswaaiende rokke en 'n gewelf van groen. Moeder sien ek weer. Warmte en sagtheid, 'n slankheid, lang borste met stewige tepels" (98).

In teenstelling hiermee, is daar een bloedstreep dwarsdeur haar lewe vanaf haar gevangeneeming: "...ek het die pop by my gehad toe almal uit hulle hutte gevlug het die digte kreupelbos in, my ma het my aan die arm gepluk maar sy is doodgemaak, haar kop is oopgekloof en ek is uit haar greep geruk en ek is saam met ander vrouens op 'n hoop geja" (98). Haar ervaring van en haar gedagtes aan haar gevangeneeming word op treffende wyse gekombineer: "...klein gevang, nog nie besnede nie, juis daarom gesog en gevang. Tussen gillende vrouens en ou mans, tussen die lyke van weerbare mans wat tot die dood toe geveg het of

nie betyds kon vlug nie, tussen die brandende hutte, die omgestampte kraalheining, die vernietigde kafferkoringhouers, in die ruie gras wat geen skuiling bied nie, vergeefs agter 'n breë stam getrek deur iemand wat jou wou red, dit is vergeefs. Dit is 'n vergeefse angsgeskreeu. Dit is 'n klein opskudding in die wye woud. Dit trek nie meer aandag as die lawaai van 'n trop ape nie. Na die onderbreking gaan die voëls aan met kwetter. Die aarselende bongo betree die oop kol, snuif versigtig die reuk van as en ontbinding en gewelddadigheid en angssweet, en maak 'n regsomkeer, maar geruisloos. Dit reën. Slik en modder bly, swart poele van verrotting, van 'n verskonke geskiedenis. Hoe groot sug die storms. Hoe hoofs swaai die bome. Styg die son. Wentel die sterre" (38).

Saam met die vrouens is 'n hele klomp mans gevange geneem, en weer is daar bloed en geweld: "Die mansgevangenes is aangekeer en iets is met hulle gedoen" (98). Die "iets" waarvan sy as kind geen kennis gedra het nie, die ontmaning van die slawe, was die bloedige, brutale wyse waarop alle opstand in die slawe geblus en hulle "ontmenslik" is. Die dwangreis na die kusstad "al met die slaweroete langs" (68) was verskriklik, vol ontberinge en nie minder gewelddadig nie: "Ons het gereis en gereis...en verder gereis en gereis..." (98), dit was "'n reis van verskrikking" (53) en op die slaweroete het die verwronge rotse vir die verteller na "angsuitings" (68) gelyk. Sy onthou hierdie roete as "'n vreemde, grillige landskap. Grys. Grys newels. Klippe. Korsmos. Nat en grys" (68). Wanneer 'n nuwe besending slawe in die kusstad aangekom het, kon sy haar voorstel hoe hulle reis moes verloop het, aangesien sy dieselfde deurgemaak het: "die gekettingdes...die gesigte verwring soos die ysternekboeie hulle

skaaf"; sy wonder hoeveel slawe op pad "van uitputting so verswak het dat hulle as ondienlik agtergelaat is, en hoeveel aan moeraskoors beswyk het, en hoeveel opstandig geraak en doodgemaak is" (31, 32).

Haar aankoms in die kusstad en haar slawebestaan sit hierdie bloedige geskiedenis voort. Sy word op die slawemark verkoop, bitterjonk, merkloos, glad en heelhuids: "Ek was die benyde onbesnedene.² Ek was die begeerde. Ek was te jonk om hoegenaamd om te gee wat nog te sê besef. Ek was kind. Ek was so kind, so kind" (12). Haar jonkheid en kinderlikheid spreek uit die feit dat sy nog op die ouer slavinne se skote gesit en hulle haar aangeneem en "bemoeder" het. In die lig hiervan, word dit des te meer gruwelik en gewelddadig dat sy as kind deur haar eerste eienaar ontmaagd is: "Hy koop die jongstetjies op die mark. Hy breek hulle soos 'n mens jong peule breek...Hy koop die jongstetjies. Hy breek die sagte vlies soos 'n waterblasie. Jy is die oopgespalkte uit wie daar bloed vloei" (38, 39). Hy is "die jags man wat my gekoop het om my te ontmaagd" (49). Dit stem ooreen met die navorsing wat oor slawerny gedoen is. Behalwe dat daar van jong kinders, seuns en dogters, verwag is om grootmensearbeid te verrig, is jong dogters ook beskou as instrumente wat die groei van die slawearbeidsmag kon waarborg: "They were 'breeders' - animals, whose monetary value could be precisely calculated in terms of their ability to multiply their numbers" (Davis 1981:7). Die verteller was "kind nog toe ek 'n kind in my gedra het" (12), "moederkind was ek" (39). Hierdie geboorte van haar eersteling, met haar liggaam nog nie ten volle geryp en ontwikkel vir die trauma van geboorte nie, kan nie anders as om bloedig en gewelddadig beskou te word nie: "Niemand kon of wou my vertel na wie ek geroep het toe die kind se skedel uit my te

voorskyn kom nie. Dit was 'n skreeu terug na my geboorteplek. Daar het dit gegalm. Daar galm dit" (40). Vir haar eienaar bestaan sy nie meer nie, sy is uitgedien, want hy het sy doel bereik: hy het 'n kind ontmaagd en kan nou twee "gebruiksartikels", die slavin en haar kind, in plaas van een verkwansel.

Haar tweede verkwanseling op die markplein sit hierdie bloedige geskiedenis voort. "Ek was 'n verinneweerde speelding, my bondeltjie baba en ek apart voor gebie en afsonderlik verkwansel" (40). "Since slave women were classified as 'breeders' as opposed to 'mothers', their infant children could be sold away from them like calves from cows. One year after the importation of Africans was halted, a South Carolina court ruled that female slaves had no legal claims whatever on their children. Consequently, according to this ruling, children could be sold away from their mothers at any age because 'the young of slaves...stand on the same footing as other animals'" (Barbara Wertheimer, aangehaal in Davis 1981:7). Daar op die markplein moet sy ure lank in die bakkende son staan en op vernederende wyse deur die verskillende voornemende kopers geskrutineer en anatomies ondersoek word. Wanneer haar kind en al die ander slawe verkoop is en sy alleen oorbly, is haar degradasie so groot dat sy selfmoord sou pleeg as dit enigsins moontlik was: "Ek skreeu na binne. Kon ek my maag oopsny, my derms uitryg. Ek soek 'n mes. Kon ek myself uit myself uitspu. My hart stol" (41). Haar gebrek aan selfwaarde, haar negatiewe gevoelens omtrent haarself, haar desperaatheid en die algehele mislikheid van haar bestaan word saamgevat in: "Haatlike. Jy is walg soos ek. Kom stig jou onheil in my. Ek is boos en gevaarlik. Ek is gedroogde aappramme en vars glibberige beesooeg en afgetrekte mensvel en gif van

die dodelike seeslak met die suigmond. Ek is haat en haat se mombakkies. Ek is wanskapig. Daar is 'n slang in my bloed. Ek drink my eie bloed. Ek skop in my floute. Ek spartel" (41). Nadat mans soos meisies gesing het om die geeste te besweer, en timbilaspelers uit die hele stad vergader het om haar opstand te blus en die gôraspeler op sy enkelsnaar getik het om haar verkoop te kry, word sy uiteindelik "vir 'n belaglike bedraggie van die hand gesit" (41). Maar haar nuwe eienaar koop terselfdertyd 'n hoenderhaan, wat bewys is dat sy ook maar net 'n gebruiksartikel is.

Haar slawebestaan word selfs bloediger. Haar tweede kind is doodgebore, sy het "n doodgeborene, 'n naelstringverwurgde, eiehandig in 'n ou stukkende doek soos 'n pakkie opgerol en weggedra van ons slawe se kraamhut" (103). Dit is duidelik dat slavinne in hul barensnood nie die bystand van vroedvroue of selfs van ander slavinne gehad het nie. Toe sy haar derde kind verwag, oorweeg sy vrugafdrywing. Liewer dit, as die foltering van weer weggeskeur te word van haar kind. By haar verskeie eienaars is sy ook getuie van ander bloedige gruweldade: voete wat afgekap word wanneer 'n slaaf/slavin probeer ontsnap (22); die tong wat uitgesny word as 'n slaaf van sy eienaar sleg praat (21); die gekreun van slawe wat gestraf word (103) en "Ek het self die oop rou hale oor die blaaie van party van sy slawe sien lê" (56); van ontmandes wat liever dros as om hierdie foltering deur te maak (22). Sy wens selfs dat sy een van hierdie ontmandes kon wees om die vernedering van seksuele uitbuiting vry te spring (21). Dit is geen wonder dat sy "die stank van bloed" (20) assosieer met "dié reuk van smeulende vrees" en elke keer dat sy verby die slagpale stap, vrees en doodsgedagtes hulle van haar meester maak nie (20, 47).

Tydens haar slawebestaan en die reis na die stad van rooskwarts maak sy telkemale kennis met die dood, meermale bloedig, wreed en gewelddadig. Dood is die groot gelykmaker en maak geen onderskeid tussen besitter en besitte nie; ook die aard van elkeen se dood is bewys daarvan dat die dood geen status ontsien nie. Dit maak 'n travestie van die vreemdeling se verklaring dat die dood nie 'n "gemeenplaas" is nie. Die verteller se weldoener sterf weliswaar nie gewelddadig nie, maar sy fisiese en geestelike aftakeling en sy worstelende sterwensnood, wanneer hy "die fyn web wat die dood om hom spin", probeer skeur, getuig van die wreedheid daarvan. Sy uitgeteerde liggaam, die doodsangs, sy krampagtige rukbewegings, "arme skepsel wat sy rykmanslewe onverbiddelik...uithyg" (17), is maar enkele aanduidings dat selfs die stad se rykste man die mens se uiteindelijke lotsbestemming ook maar op wrede wyse sal bereik. In haar weldoener se testament word sy bemaak aan die jongste seun, teenoor wie sy 'n besondere toegeneentheid voel. Ook hy sterf kort daarna, struikel op 'n skerp koraalrif en verloor sy balans. Ook hy worstel met die dood: "Hulpeloos het hulle moes toekyk hoe hy hom op die strand waarheen hulle hom geabba het, onbeheersd neergooi en skop en hoe die skuim by sy mond uitkom, en hoe hy toe stil word, weer heerlik na die kort kranksinnige tussenspel wat hom van die lewe na die dood gehelp het, weer in die dood so volkome en onaangetas as wat hy in die lewe was..." (46). Die parallel tussen sy dood en dié van die hamerkophaai is opvallend: "Soos 'n baba wat op sy maag gelê is en wat sy ruggraat krom en hom probeer orent krul, so het die hamerkophaai geworstel" (34).

Op die ekspedisie na die stad van rooskwarts kom hulle by 'n vol rivier

wat oorgesteek moet word. Een van die slawe word beveel om in te gaan sodat hulle kon vasstel hoe diep die rivier se water was en hy moes sy lewe inboet. Dat die ekspedisieleiers blind vir die tekens was - "Van die wilgers steek net die kruine uit" (79) - is weer eens 'n bewys van hulle minagting vir die lewe van ander of moontlik magsvertoon. In die bosse kom hulle op selfmoorde af. Baie betekenisvol is dit dat die slagoffers vroue is wat as gevolg van stamgebruike tot selfmoord gedryf is: "...ou vrouens wat gelyk het asof hulle ons uitskel. Uitgeworpenes ook. Kinderloses of dié wat van hekserij beskuldig was en verstoot was omdat hulle nie kon bewys dat hulle nie die geheimsinnige vrektes onder die vee ontketen en die misoeste veroorsaak het nie" (90). Verder is daar die vreemdeling se "triviale dood in die hartjie van die woesteny" (61). Die "anderverorberende mens" (62) word self opgevrete en as krokodilmis uitgeskei. 'n Mens kan aanvaar dat die oudste seun en die slawe ook een of ander gewelddadige dood gesterf het.

Tydens haar verblyf in die kremetart, ervaar die slavin die verskriklikste oorlog tussen die klein mensies en "hulle wat kom uitmoor het" (104). Die bloedigheid en gewelddadigheid waarmee hierdie slagting gepaard gegaan het, word slegs oortref deur die verskrikking wat sy moes gadeslaan ná die geveg: sy sien "die gevrete lyke", uitgepikte oë, "gemorsde ingewande", sy sien hoe die lyke "deur jakkals en hiëna en aasvoël uitmekaar geskeur en rond en bont gesleep" is, sy sien die swerms brommers wat "groen kolle soos gevaarlike blomme" op die ontbindende lyke vorm (105).

Hierdie bloedige geskiedenis eindig ook op gewelddadige wyse, wanneer

die slavin 'n Sokratiese gifdood sterf.

Wat die kleur rooi betref, verdien die vreemdeling spesiale vermelding. Wanneer die slavin hom die eerste keer sien, is hy "vreemdeling in msasarooi klere" (15, 16) en roep in die herinnering die Kardinaal in DIE HEKS van C. Louis Leipoldt:

ELSA. Vandag toe ons voor die regters was, het daar 'n stem na my gekom - 'n stem uit die lang verlede, 'n dooie stem; en dit het ons verdoem. Jy het dit gehoor, Janetta. 'n Stem, so sag as dié van 'n engel, maar so genadeloos as die laaste basuin...

JANETTA. Die stem van die priester, Moeder? Hulle noem hom Kardinaal; hy was geklee in rooi.

ELSA. Ja, 'n Kardinaal...Hy was in rooi geklee, soos die duiwel in die komedie.

(Toneel 2)

Ook in THE TRAGICAL HISTORY OF THE LIFE AND DEATH OF DOCTOR FAUSTUS van Christopher Marlowe, verskyn Mephostophiles en Faustus vermom in (rooi) kardinaalsdrag voor die Pous:

MEPHOSTOPHILES. Now tell me, Faustus, are we not fitted well?

FAUSTUS. Yes, Mephostophiles, and two such cardinals
Ne'er serv'd a holy pope as we shall do

(reëls 162-164)

Hierdie twee dramas illustreer hoe daar onder die kleed van vroomheid dikwels die demoniese skuil. Terwyl die rooi kardinaalskleed die epitomie van heiligheid, vroomheid en kuisheid is, is dit terselfdertyd in beide dramas as 't ware die duiwel-in-kardinaalsdrag.

In die vreemdeling vind ons hierdie selfde dualisme. Dat sy klere dieselfde kleur is as dié van die blare van die pragtige msasaboom en

dat daar in Zimbabwe die uitdrukking, "the msasas are turning", gebruik word om die lente aan te kondig, skep die indruk dat hierdie vreemdeling die goeie en mooie voorstel, maar by nadere ondersoek is hy die baarlige duiwel. Hy is inderdaad alles wat 'n beskaafde mens veronderstel is om te wees: hy is belese, bereis, redenaar, kunskenner, spitsvondig, geestig, selfversekerd, op hoogte van sake, connoisseur, raconteur, verfynd. Hy toon belangstelling in die welsyn van die slawe, al is dit net om "redenasies op te bou om ander latere argumente te weerlê met eie ter plaatse ingewinde inligting" (20), hy gee die skyn van menslikheid en sy behandeling van die slavin kom uiters ridderlik voor.

Maar sy beskaafdheid is 'n dun lagie vernis - daaronder skuil wreedheid, bloeddorstigheid, gewelddadigheid, inhaligheid en 'n algehele onverskilligheid teenoor die lewe van ander. Hy sê: "Ek roof geld, ek roof nie mense nie. Ek roof op die oop see. Ek roof voordat ek geroof word, voordat ek buit word" (49). Hy probeer hom verontskuldig deur te beweer dat hy nie mense roof nie, maar hy is niks beter as die slawejagters nie. Deur geld te roof, roof hy die lewensmiddele van sy slagoffers en pleeg dus by implikasie 'n soort moord. Sy rooftogte is ongeprovokeerd en spreek van inhaligheid. Hy erken self: "Ek is so gulsig" (101). Sonder enige gewetenswroeging roof hy selfs van die dooies: "Hy haal een van die snoere af wat hy om sy nek dra, 'n goue ketting met 'n yslike bloedsteenhangar soos 'n tor daaraan, kunstig gegraveer sodat dit lyk op 'n liewenheersbesie, net wreder en groter" (101), moontlik 'n antieke Egiptiese skarabee en moontlik geroof uit een van die heilige grafte van die farao's, aangesien hy erken dat dit geroof is van die nek "van 'n dooie man wat

nog leef" (101).

Sy barbaarsheid spreek nie net uit sy taal nie - vgl. "So rustig en verfynd as wat hy daar sit en praat, so barbaars die blote taal wat hy gebruik. Kap, steek, vermink, skop, bekruip" (102) - maar ook uit elke handeling wat hy verrig. Hy noem oorlog "die opperste winsspeletjie" (102), d.w.s. hy gee nie om om al die gruwels van oorlog te pleeg vir eie gewin nie. In die seeslagte waarin sy vloot dau's betrokke was, het hy self doodgemaak, sy hele lewe is geweld en bloedvergieting: "Hy het beseerdes oorboord sien tuimel, afgekapte ledemate sien dryf, bloed en stornis in die water wat die haaie van heinde en verre lok en hy het gehoor hoe die armsalige drenkelinge hul brullende teen die gevaartes se skeurende happe verweer, en verniet" (102). Hierdie gesprekke oor bloed en geweld vind plaas in "die besonder ingewikkeld saamgestelde aroma van beskaafdheid" (103).

In sy omgang met die slavin pleeg hy weliswaar nie fisiese geweld nie, maar die emosionele geweld wat hy haar aandoen, is weer eens bewys van sy uiterste gevoelloosheid en onverskilligheid teenoor ander. In geen onsekere terme nie laat hy haar verstaan wat haar posisie is, dat sy eintlik bevoorreg en dankbaar behoort te wees vir haar "maklike bestaan...in 'n gul huis" (20). Hy beskryf haar "ontledend" en orden haar "soos 'n voorwerp in 'n bestel" (50). Op neerbuigende wyse maak hy haar daarop attent dat sy eintlik gevlei behoort te voel omdat haar weldoenereienaar selde "minderwaardige materiaal" gekoop het, dat hy sy slawe as "n versameling kunsvoorwerpe" beskou het met die oog op belegging, sodat hy hulle teen 'n wins van die hand kon sit nadat hy hulle "deur opvoeding veredel het" (48). In die vreemdeling se

kommunikasie met die slavin, word die geweld van taal, die "symbolic violence" daarvan, geïllustreer (sien hoofstuk 3). Vir die slavin was daar "geen keuse as om hom te volg nie" (44), sy moet hom vergesel, want sy was "sy pas aangeskafte jongste besitting" (58); sy is "n gedrewe van omstandigheid na omstandigheid" (44). Die vreemdeling se minagting vir ander kulture en dus by implikasie sy minagting vir die slavin, spreek uit sy gevoellose vernietiging van die rotstekeninge (86).

Die slavin erken dat sy hom liefgehad het, "hierdie man vir wie ek met my hele liggaam omhels en hom in my laat kom het slag op slag om heeltemal vol te word van hom, heeltemal krampagtig vol en ryk en vervuld, drywend, saadversadig, hom selfvoldaan deel van my gemaak het..." (50). Maar terugskouend verkeer sy onder geen illusies omtrent hierdie "reisiger deur (haar) lewe" (15) nie: "Vervloek die dwallig wat hy hierheen gelei het...aan wie se lippe ek gehang en vir wie ek slaafs gehoorsaam het, blind van beheptheid, oorstuur, my sinne kwyd. Vervloek hy wat 'n skouspel van ons opoffering gemaak het en die mooiheid van begrip aan ontbering wou verleen, die mooi nuttelose selfkennis wat hom doodgemaak het, o die praatjies, die praatjies, die alwetendheid, die allesondersoekende besinning wat niks kon verklaar nie, sommer glad nie die verraad van kameraad en gevolg nie. O! die magteloosheid van beredeneerdheid" (15). In haar drome van die stad van rooskwarts, merk sy die vreemdeling ook daar op, "maar speur geen behoefte aan sy geselskap nie" (99).

Die feit dat hy deurgaans "die vreemdeling" genoem word, het implikasies vir die probleme van die menslike bestaan. Hy is 'n

reisiger deur die slavin se lewe en deur ander s'n, hy is die vervlietendheid self. Selfs hulle seksuele verhouding, die intiemste vorm van kommunikasie, kan nie daarin slaag om die vreemdheid en verskillendheid van hulle wêreld te oorbrug nie. In die binêre opposisies van besitter en besitte, het en nie-het, heerser en onderdaan, man en vrou, is daar 'n toenemende vervreemding wat kulmineer in die slavin se duideliker insig in haar ên sy vreemdelingskap. In die kusstad soek sy na hierdie vreemdeling op wie sy verlief geraak het: "Ek hoor hom lag agter 'n swaar, ryklik gesnede kjaatdeur in geheime konsultasie in sy lewe weg van my. Ek sien hom om 'n hoek wegraak" (19). Kommunikasie tussen hulle word al hoe minder: "Die omstandighede leen hulle seer sekerlik nie tot diepsinnige gesprekke omborduur met lughartige stelling en teenstelling nie, en dit kom deesdae min voor dat ons twee gesels" (51).

Vervreemding, vereensaming, die mens se vreemdelingskap in 'n vyandige milieu, sy buitestaanderskap en sy posisie as indringer, dit alles verteenwoordig die vreemdeling. Dit alles lei daartoe dat hy op homself aangewese is en dat sy vervlietende lewe ook maar in 'n "triviale dood" eindig.

2.3.3 GEBOORTE EN DOOD

In 2.3.2 is herhaaldelik na die dood verwys wat die voltooiing van die lewensirkel is, maar voordat daar dood kan wees, moet daar eers 'n geboorte plaasvind. Die geboortekode sirkuleer sterk deur die vertelling, en onontwarbaar daaraan verbonde is die moeder- en

kindkode. Die pop wat die verteller in haar hande gehad het toe sy gevange geneem is, is reeds 'n vooruitwysing na haar rol van "reproducer of producers": "...en ek het 'n pop gehad gemaak van basvesels, die pop het krale om die nek gehad, die kop was 'n knots, ek het die pop by my gehad toe almal uit hulle hutte gevlug het...ek het my pop vasgehou. Ek het dit in my arms by my gehou" (98). [Dit is opvallend hoe die vertelstyl hier oorgaan na dié van 'n kind, soos ook waar sy vertel van haar imminente ontmaagding (39)]. Gewoonlik word steriliteit as 'n uitsluitlik vroulike attribuut beskou. Die welbekende Akan-ritueel van die vrugbaarheidspop ("Akuaba") is 'n merkwaardige voorbeeld van 'n psigoterapeutiese behandeling van steriliteit. Aan die jong dogter word so 'n pop as speelding gegee om te verseker dat sy eendag kinders sal baar; aan die steriele getroude vrou word die pop gegee, gemaak deur haar man, en sy moet dit op haar rug dra, daarmee speel en dit saans saam met haar bed toe neem totdat sy 'n kind baar (Cutrufelli 1983:134).

Die slavin se ervarings van geboorte bring telkens gedagtes aan die dood mee, treffend vergestalt in die beelde van die hamerkophaai en die wit en die swart skulp. Die dag van haar aankoms in die kusstad na haar gevangeneming, het sy "op die see afgepeil en 'n wit skulp en 'n swart skulp opgetel" (34), wat vooruitwysend is na die talle opposisies wat vanaf hierdie oomblik haar lewe sal oorheers. Haar veilige bestaan by haar ouers en die warmte en sagtheid van haar eie moeder is iets van die verlede en haar toekoms word wit en swart, geboorte en dood, het en nie-het, besitter en besitte. Dit is dan ook opvallend dat sy, toe sy as kind 'n kind verwag het, "droomverlore op die strand gesit en met my skulpe gespeel (het), my swart en my wit

skulp" (40) - dit is nou nie meer "wit en swart" nie maar "swart en wit" en dit is ironies, omdat sy lewe gaan skenk maar tog die swart/dood eerste stel.

As kindvrou is sy jonk en gesond, vrugbaar en geil (21), en omdat sy van water is (sien 2.3.4), kan sy die man se saad "bewaar en tot vrug laat ryp uit die sap van my liggaam. Ek kan in golwe van sametrekking kniel met my gesig na aan die aarde met wie die water getroud is, en die vrug uit my stoot en my druppende borste gee vir suigeling op suigeling op suigeling" (21, 22). Dit lei daartoe dat sy 'n "moederkind" (39) word, sy was kind nog toe sy 'n kind in haar gedrahet (12) en haar swangerskap was soos 'n speletjie vir haar: "Speel-speel nege maande geswel" (39). Die paradoks van kindwees en kind voortbring word uitgedruk in: "Uit my jong mond het die vrot lag van die vrugdraende vrou geklink" (39) - 'n sinspeling op die uiteindelijke lot van elke geborene. Die angs, foltering en trauma wat elke vrou in barensnood ervaar, is in haar geval soveel hewiger omdat sy so kind was. Sy weet nie na wie sy geroep het toe die kind se skedel uit haar te voorskyn kom nie; sy weet net: "Dit was 'n skreeu terug na my geboorteplek" (40). Vir Mariama Bâ, die Senegalese skryfster, is hierdie skreeu van 'n vrou in barensnood 'n skreeu om die erkenning van die self: "...there is a cry everywhere, everywhere in the world, a woman's cry is being uttered" (aangehaal deur Mbye B. Cham 1987).

Die motief van geboorte en dood word saamgevat in die slavin se doodgebore baba "wat duisternis bo lewenslig verkies het" (104). Daardie "flikkerende gedagtegang" wat die oorgang tussen die lewe en die dood is, is "'n ekstase van nooit wees. Dit is die enigste ware

oorwinning: nōg die dood, nōg die lewe het betekenis. Dit is ewening. Dit is die volmaaktheid van nie-wees" (104). Toe sy haar derde kind verwag, besoek sy 'n vrugafdrywer en betaal vir die geurige krinkhoutwortels met haar liggaam. Vir die eerste keer in haar slawebestaan neem sy 'n selfstandige besluit, maar weer eens word haar poging gefnuik deurdat haar vriendin die krinkhoutwortels weggooi. Sy is dankbaar dat sy nie weer swanger geraak het nie (56), sy wat suigeling op suigling wou hê.

As biologiese moeder van kinders, word sy die voorreg ontnem om haar kinders groot te maak en hulle te versorg. Onvermydelik gaan haar gedagtes oor kinders en moederskap. As vrou en moeder is sy "vooruitsigloos" (22) omdat haar kinders van haar weggeneem en verkoop word terwyl hulle nog kleuters is en haar liggaam nog na hulle honger. As slavin funksioneer sy as moeder totdat haar kinders tot by haar heup reik en dan verdwyn hulle uit haar lewe. "Vir my is daar geen voortsetting, geen skakels terug of vorentoe nie" (54), "...ek is verbintenisloos" (83). Natuurlik sal sy wonder waar haar kinders is en wat van hulle geword het. Sy wonder of sy met haar "moedergevoel" (54) hulle sal kan uitken as sy hulle sou raakloop: "Ek kyk soms aandagtig na jongmensgesigte, soek myself in hulle gelaatstrekke, hulle stemme, hulle optrede, hulle postuur..." (54). Vgl. Celie in THE COLOR PURPLE wat instinktief haar kind kon eien. "Ondeurgrondelik is moeders mos" (54). Haar verlange na haar eie kinders laat haar genot daaruit put om na haar weldoener se kleinkinders om te sien, alhoewel sy erken: "...maar met die opgeskote jongetjies en meisies kom ek minder goed oor die weg. Ek voel raar verleë by hulle. Dis of ek my bewus moet indink in hulle houding en begeertes...Daar bly

dus 'n afstand tussen ons" (55). Die rede hiervoor word gou duidelik: "Daarom moet ek aanvaar dat opgeskote kinders my gemis is" (56). Dit is vir haar aanvanklik moeilik om te begryp waarom sy nie haar kinders mag behou nie, totdat sy agterkom dat elke slawekind vir die eienaar 'n wins is.

Net so onvermydelik is haar gedagtes aan die dood wanneer sy aan geboorte dink, aangesien geboorte maar net die begin van die dood is. Met die dood van haar weldoener gaan sy onbedaarlik aan die huil "oor so baie dinge tegelyk dat ek maar eerder my warboel gedagtes probeer doodsnik as om uitleg te soek" (18). Na die dood van die jongste seun, "twee sterfgevälle tussen nuwemaan en volmaan" (45), gaan haar gedagtes ook oor geboorte en dood: "Hoe lank is die lewe van 'n mens?" (45). Haar gedagtes oor lewe en dood hou ook verband met vergete en verlore beskawings: "...was die dood vir hulle 'n toevalspeletjie, soms deur siektes bemoeilik, soms op slag, maar in ieder geval die eintlike begin van die lewe sonder die beslommernis van 'n liggaam en dié se tydrawende behoeftes, en as die dood lewe is, dan leef hulle nog" (96).

Die geboortekode en sy noue verbintenis met die doodkode kom ook tot uiting in haar verhouding met haar weldoener en haar posisie in sy huishouding. As bevoorregte gunsteling is sy nie net vrou en slavin nie, maar ook moeder: "Ek laat die sieke tussen my opgetrekte bene nestel met sy kop teen my bors geleun. Ek fluister vir hom in sy taal wellustige verhale wat hom salig in my arms laat glimlag. Verkrimpte baba, dit is vir my 'n maklike bevalling. Ek voed jou met die doodsmelk van onverskilligheid..." (17). In sy gesonder dae het sy

hom soos 'n kind beskerm en hy het sy kop teen haar skouer gestut soos en met die onskuld van 'n kind (50). In hulle liefkosings was hy sowel vader as seuntjie en sy sowel moeder as dogtertjie. Sy sterfte is 'n omgekeerde geboorte, dit is om "aan die dood geboorte te gee", "die styfskop in barensnood" (SPIEËL VAN WATER): "In my volmaakte arms het hy gesterf, tussen my volmaakte dye gestut, teen my volmaakte borste aangeleun, hy en ek, vader, moeder, kind, eienaar, gewaardeerde kunsvoorwerp en bediende, minnaars" (51).

'n Ander soort "geboorte" vind in die vertelling plaas: die slavin tree die klein mensies nakend tegemoet, sy stroop haar simbolies van die "aangeleerde grasie" (98) om haar met die natuur en natuurwesens te identifiseer; dit is 'n hergeboorte, 'n herontdekking van die natuur, 'n her-lewing van al haar ervarings. Terselfdertyd wil sy 'n konfrontasie afdwing, wil sy as mens erken word, omdat haar mensheid tydens haar slawebestaan nooit erken is nie. (Vgl. 2.3.8)

Die geboortekode kry sy beslag in die kremetart. Die boom word telkens as 'n baarmoeder voorgestel. Die vertelling begin en eindig met die verteller in 'n fetale houding in die binnekant van die boom. Elke keer wanneer sy uit die boom te voorskyn kom, is sy 'n nuwe mens: "Elke keer herbore uit die buik van 'n kremetart staan ek vol van myself" (12); "Elke slag dat ek uit die boom se hoedende binnekant na buite tree, is ek opnuut mens en magtig..." (12). Ironies is dit dat hierdie "baarmoeder" aan die einde 'n omgekeerde rol het: dit sluk haar lewe in deurdat sy in die boom sterf. Tog wil dit voorkom of hierdie boom geboorte skenk aan 'n nuwe soort lewe: die slavin roei met haar vlerke die anderkant in. Is dit die hiernamaals waaroor die

vreemdeling so sinies was?

2.3.4 WATER

Water is 'n sentrale kode by Wilma Stockenström soos blyk uit haar digbundels en veral uit SPIEËL VAN WATER (1973). Die bundeltitel het veral betrekking op die vierde afdeling waarin die waterkode oorheers. Hierdie kode moet in verband gebring word met die eerste gedig in die bundel, "Antieke spieël": die soliede spieël word nou 'n "spieël van water". Elk van die gedigte belig of weerspieël 'n besondere aspek van die "waterspieël" en 'n hele aantal gedigte het 'n eksplisiete watertitel, bv. "Koichab se water" waarin die reine en edele deur die mens ontreinig, gedegradeer en gebanaliseer word; "Verdampend", met die besef van nietigheid, want die mens is per slot van rekening 'n hele tagtig persent water wat gedurig verdamp; "Rivierberig": soos die rivier in die see oplos en vermeng, so los die mens op en vermeng in die "groter ek"; "Watergraf", waarin die mens uiteindelik terugkeer na water, die dood, en sy anonimiteit en vergetelheid finaal word - die dood is afronding en voltooiing; "Wolke: water", met sy voorstelling van die menslike gees as bewussyn, voorbewussyn en dieponderbewussyn. Na aanleiding hiervan, is die sirkulerende waterkode in DIE KREMETARTEKSPEDISIE nie onverwags nie.

Vir die Sjinese is alle lewe afkomstig van water, in die Vedas word na water verwys as die mees moederlike, in Indië word water beskou as die preserveerder van die lewe wat deur die natuur sirkuleer in die vorm van reën, sappe, melk en bloed. Alhoewel water in voorkoms

vormloos is, het die antieke kulture 'n onderskeid gemaak tussen "boonste" en "onderste" waters, eersgenoemde die voorstelling van die potensiaal of wat nog moontlik is en laasgenoemde die voorstelling van die werklike of wat alreeds bereik is. Water is die voorstelling van alles wat vloeibaar is en die oerwaters het alle vaste liggame bevat voordat hulle vorm en rigiditeit verkry het. Die projeksie van die moeder-imago in die waters, gee daaraan verskeie goddelike eienskappe kenmerkend van die moeder. Die eienskappe van deursigtigheid en diepte wat dikwels met water geassosieer word, verklaar die verering wat antieke volke vir water gehad het wat, soos die aarde, 'n vroulike beginsel is. Water is, van al die elemente, die mees oorganklike tussen vuur, lug en aarde. Dit staan soos 'n bemiddelaar tussen die lewe en die dood. Water weerspieël en is 'n spieël van die menslike aard, dikwels 'n omgekeerde beeld. Hierdie simboliese betekenis van water vind byna almal 'n weerklank in die verteller en die vertelling.

Die hele vertelling word as 't ware van water en sy verwante vorme deurweek en dit vind noue aansluiting by ander kodes in die roman. Dit hou byvoorbeeld verband met die geboorte- en doodkode, die bloedkode en die slaap- en droomkode; dit hou verband met die kringvormige aspek van die narratiewe gegewens deurdat die slavin van die een see na 'n ander vertrek. Haar ervarings en gedagtes word gesteun deur die talle waterbeelde: die wit en die swart skulp, die hamerkophaai; haar ontworteling veroorsaak dat sy "'n slak sonder skulp" word (7); sy is 'n "skulp wat van die rotse gepluk word" (21); die lede van die ekspedisie is "holtediere wat wil verhuis. Skulpdiere wat oor sand aanskuur. 'n Kolonie seerose wat eenvoetig oor droë rotse aanstoot. Visse wat op vinne loop. Waggelende

soutgeskubde selakante. "Huilende doegongs" (59).

Water en die verteller se "watergees" oorheers haar hele bestaan: dit is lewenselement, dit is lewegewend, lewebepalend, lewerowend; dit is die element waarin haar lewe oplos, maar ook waarin dit geregenereer word. Water is haar hele persoonlikheid, dis haar liggaamsappe, haar emosies, haar "geloof"; dit is geboorte en dood; dit hou trouens verband met al haar ervarings en gedagtes. Water en haar watergees bevestig ook haar tussenposisie: sy is nòg van die aarde, nòg van die lug, maar die vervloeiende.

Opvallend is dit hoe die see haar gedagtewêreld in beslag neem en heelwat van haar ervarings in verband met die see staan. Aan haar is vertel dat sy die dag van haar aankoms in die kusstad op die see afgepeil en 'n wit en 'n swart skulp opgetel het en hoe gietende reën net daarna oor die stad uitgesak het. Dit is nie net vooruitwysend na haar stormagtige slawebestaan nie, maar ook na haar uiteindelijke dood. Die see, met sy rustelose, bewegende en veranderlike waters, is simbolies van haar lewe deurdat dit die bemiddelende agent tussen die lewe en die dood is. Die waters van die oseaan word dus nie net beskou as die bron van lewe nie, maar ook die uiteindelijke mikpunt van die lewe, d.w.s. die dood. Dit is verder opvallend hoe die onstuimigheid van die see 'n parallel met haar lewe vorm: "Dreunend die see. Hy baklei met homself. Hy trek uitmekaar en bots en bal saam, hy trek homself op tot bo in die lug, hy slaat donderend neer op die hoogwaterstreep en rol om en om...Die see trek hom sissend terug oor sy verwoesting, sug 'n laaste gepynigde, skuimende sug en bedaar tot duister kalmte..." (23, 24). Haar verbondenheid met die see, die

magnetiese aantrekkingskrag wat dit vir haar het, spreek uit haar gedagtes oor "die see wat my geroep het" (56). Wanneer hulle die stad van rooskwarts sal nader, sal die see hom "as afsonderlike entiteit aanmeld, as van water saamgestel, as synde water, as synde bewegende water met branders met skuimrûe en spattende skuimvlokke. As synde die wateruitspansel op die rand van die ewigheid. En ons sal 'n gebeuk hoor en miskien seevoëls. En die laaste entjie sal ons almal hardloop" (75). Naby haar einde, wanneer sy mymer oor die stroompie wat in die rivier sal uitmond en die rivier weer in die see, is dit vir haar beeldend van haar vermenging en oplossing in die "groter ek" ("Rivierberig").

Die slavin se hele psigiese en fisiese samestelling is "van water": "Ek wat uit die hart van die land kom, dra die gemurmur van water subliminaal met my saam, 'n waterkennis in tranes en speeksel bewaar, in die bloed in my are, in al my liggaamsappe" (18). Haar watergees is verantwoordelik vir haar aanpasbaarheid: "Ek is van water. Ek is die vervloeiende in allerlei vorms" (21). Water is vir haar die sigbare en hoorbare, daarom skep sy die stroompie se kabbeling in haar presentvolstruiseierdop om die "lig en geluid" daarvan op te vang en om "die watergees se flikkering en gemurmur" in haar kleipot uit te gooi (8), m.a.w. sy wil die water se lig en geluid, flikkering en gemurmur indrink en dus deel van haarself maak. Selfs haar bestaan by haar weldoener word aan water verbind: "My bestaan is prag en praal, is skittering en opwinding, is blinkende rimpelende water oor 'n bed van keie, is geheime putwater se seëning op die lippe, is seewater se heilsaamheid en krag" (34). Sy erken haar verbondenheid aan en afhanklikheid van water deur haar inkantasie:

Water ja water
 jy lewe in die riet se bed
 en in die holtes van die kremetart
 water jy kom uit die lug
 water jy wel op uit die aarde
 jy bedek die aarde
 jy woon onder hom en bo hom
 jou gees is so groot in 'n druppel
 as in watersnood en storms
 ek vang jou op en drink jou graag
 water jy is in my (63)

Sy erken haar watergees se beskikking van haar lewe, dit is verantwoordelik vir die goeie sowel as die slegte, maar sy bly onder alle omstandighede ootmoedig soos 'n aanbieder: "Ek dank in ootmoed my watergees daarvoor dat hy my gelei het. En vir die donderstorms wat die kremetart mooi skoon was en hom aanpor om knop te maak en al sy blare eensklaps uit te stoot en sy groot blomme een vir een aan twye op te hang..." (63). Die enigste gees wie se guns sy soek, is die een wat in haar woon en sy skep haar eie rituele vir haar eie inwonende gees, haar watergees (24).

Haar hele emosionele lewe is onlosmaaklik verbind aan water in die vorm van haar liggaamsvogte. In die tye van haar grootste leed en neerslagtigheid, is haar (sout) trane nie net water nie, maar ook verbind aan die sout seewater wat terselfdertyd brand en reinig. Deur die bitterheid van haar trane verkry sy insig in, begrip van en oordeel oor haar gevoelens; deur haar trane word die onbewuste deel van haar bestaan aan haar geopenbaar: "...ek betrap my dat ek onbedaarlik hier in die môrestilte aan die huil gaan oor so baie dinge tegelyk dat ek maar eerder my warboel gedagtes probeer doodsnik as om uitleg te soek wat in treur maar ook in 'n gevoel van verligting, in angsvalligheid om die toekoms maar ook om louter vreugde om die

reinheid van die môre...te vinde sal wees" (18). Haar droefheid is haar mees vertroude gemoedstoestand, dit laat haar onbewustelik terugkeer tot haar kindstaat: "Ek sit kewerklein en tjank. Ek is so vol van ingehoue tjank dat ek wil bars" (27) en die kremetart is die enigste "bewaarder van (haar) hartstogtelike uitbarstings" (28). Dit is veral wanneer sy die nuwe besending slawe sien dat haar verdriet geen perke ken nie - dis nie oor die dooie hamerkophaai dat sy so huil nie: "Haastig, siende blind, gaan ek na die dooie toe en stoot hom met my hande toe onder die sand en op my knieë sit ek voor die graffie en huil en hou nie op nie. Dit bring my geen verlossing nie. Ek hou nie op nie" (34). So ook beween sy die dood van die vreemdeling, maar kry terselfdertyd groter duidelikheid oor die aard van hulle verhouding.

Die ander liggaamsvog, sweet, hou ook verband met haar ervarings en gedagtes. Daar is die sweet van wellus wanneer sy te doen kry met die wellus van haar verskillende eienaars. Haar eerste eienaar is "kortasemig en haastig" (39), by haar tweede eienaar is dit snags "bene oop vir die eienaar op sy beswete karos" (21), hy met "sy Ielike gewoontes soos hoe hy met homself vroetel en hoe hy soms halfpad deur die omgang opstaan om buite te gaan water afslaan" (37). Sy self ervaar die angssweet van gevangeneming, slawerny, geboorte, gevaar, en maak telkens kennis met die doodsweet van haar weldoener: "Sy bolip is klam van klein druppels sweet" (17). Sy ken die sweet van ontbering, "koorsig van ontbering" (15) het sy by die kremetart aangekom; sy ken die sweet van arbeid, "om in die moordende hitte met kapmes en pik...te swoeg" (21), "My arbeid syne. My slaap syne. My staan en gaan. My sweet..." (42).

Water is ook verwant aan die baarmoederlike en seminale vogte waarin lewe oplos en waaruit lewe geregenereer word, vandaar die noue verbondenheid tussen water en geboorte in hierdie vertelling. Die slavin skryf haar vrugbaarheid en geilheid toe aan haar watergees: sy kan die man se saad bewaar en tot vrug laat ryp uit die sap van haar liggaam; sy kan haar druppende borste vir talle suigeling gegee.

Net so belangrik is water se verbintenis met die dood: dit is trouens die bemiddelaar tussen die lewe en die dood. Weer is die slavin se ervarings van en gedagtes oor die dood gekoppel aan water. Dit is daarom dat die worstelende dood van die hamerkophaai, 'n waterdier, so 'n onuitwisbare indruk op haar maak. Sy voed haar weldoener met doodsmelk (17) en blus sy koorsaanvalle met haar waterwese (18). Drie mense in haar onmiddellike nabyheid sterf 'n waterdood: eers die jonste seun van haar weldoener, self verknog aan die see, sterf as gevolg van die see; daarna die slaaf wat as proefkonyn gebruik word om die diepte van die rivier te toets en gevolglik verdrink; dan die vreemdeling se dood, nadat hy "met 'n goedgemikte swaai van die stert (van die krokodil)...in die water gestamp (is), is versuip en opgevreet" (62) - dat hy "versuip" en nie "verdrink" is nie, is 'n aanduiding van die verteller se omgekeerde gevoelens jeens die vreemdeling. Sy wonder of 'n waterdood ook vir haar bestem is. Haar eie gifdood hou verband met water, wanneer sy haar watergees beveel: "Gou, watergees. Laat jou gesant sy taak vinnig verrig" (109), en haar laaste ekspedisie, haar reis die dood in, herinner aan die Charon-mite: "Duik ek in donker water en roei met my vlerke die anderkant in..." (110).

Water is ook 'n spieël, soos so dikwels by Stockenström voorkom. Die spieël is simbolies van die drumpel tussen die bewuste en die onbewuste of tussen die uiterlike en die innerlike. Die spieël keer die beeld om; die ego konfronteer sy eie beeld wat aan die buitewêreld geprojekteer word. Vgl. "Soms wanneer ek my in die rivier was, beskou ek in 'n kalm poel krities my weerkaatsing en probeer ek vasstel in hoe 'n mate ek ouer geword het. Dit gaan swaar want al is ek en die water nog so roerloos, daar is 'n gedurige fyn rimpellende verwringing van my beeld, 'n waterrimpeling wat die moontlike verrimpeldheid van ouderdom vleiend vervang. Ek gooi 'n klippie in myself. Ek wieg grotesk op en neer en trek in swelsels uiteen. Rustelose ek. Dan onttrek ek my van my verdeelde self in die water. Hoe worstel my gees" (64). Sy kry groter insig in haarself: "Een geheel is ek en ook verdeeld en oral in alles aanwesig" (99). Hierdie beeld van dualiteit, van verwringing, van 'n worstelende gees en van 'n sekere narcissisme, het te make met die oppenerende magte van die psige. Soos in Stockenström se gedigte, gee die water ook hier 'n omgekeerde beeld van die werklikheid. Dit weerspieël nie slegs nie, maar onthul, openbaar en ontmasker. 'n Spieël van water is onder andere 'n spieël met 'n ander en dieper ondergrond as 'n gewone spieël - 'n mens is dus tegelyk bewus van die spieëlbeeld asook van die bodem daaronder. Net so ook is 'n spieël van water maklik breekbaar en met 'n geringste beweging sal die beeld desintegreer en miskien nooit weer herstel nie.

Wat die waterkode en die verteller se watergees betref, vind ons weer eens 'n ambivalensie en 'n ommekeer in die sin dat die verteller haar nie aan godsdiens "geklamp" (53) het nie, maar tog haar watergees as 'n

bepalende faktor in haar lewe beskou en dit as 't ware aanbid. Omdat sy nie toegelaat is om "eiegoed" (24), waaronder haar godsdiens, in haar nuwe omgewing te beoefen nie, het die "gewestelike rituele vir my inhoudsloos voorgekom en ek my eie rituele vir my eie inwonende gees geskep...het" (24). 'n Mens word veral getref deur die ooreenkoms tussen die Ou Testamentiese volke se aanbidding van God enersyds, en die slavin se aanbidding van haar watergees andersyds. Sy erken byvoorbeeld dat sy alle geeste behalwe die een wat in haar woon (haar watergees), ignoreer (24) en sy sweer dat sy aan hom alleen getrou sal bly (62). Dit vergelyk met die eerste gebod: "Ek is die Here jou God...jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie". Haar inkantering van haar watergees herinner aan die Psalms waarin God se grootsheid en almag geloof word. Telkens roep sy haar watergees se hulp in, soos die Israëliete en die moderne Christene God se hulp inroep in tye van nood. Dit is opvallend dat hierdie watergees manlik is (vgl. p.63), soos God ook as manlik voorgestel word. Soos die Israëliete, bring sy ook 'n "offerande" (reeds dié woord het Bybelse konnotasies) aan die donker seekoegat om die harmonie te herstel en haar watergees te paai. Sy glo dat haar watergees afgunstig was oor haar liefde vir en aanbidding van die vreemdeling, daarom moet hy 'n waterdood sterf. Vgl.: "Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie...want Ek, die Here jou God, is 'n jaloerse God..." Die gevreesde toorn van God vind ook hier 'n parallel: die vreemdeling se lot is 'n waterdood omdat hy "ontrou was aan die groot water wat hom laat lewe het" (62). Ook gebruik die slavin "'n beeldspraak waarin die naam van my groot gees nooit voorkom nie" (62) - vgl. "Jy mag die Naam van die Here jou God nie ydellik gebruik nie, want die Here sal die een wat Sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie". Soos die Ou

Testamentiese volke geglo het dat God swyg wanneer Hy Sy rug op hulle draai, so glo die slavin ook dat haar watergees swyg wanneer hy ontevrede is: "My watergees swyg....Maar die watergees swyg...my watergees swyg oor jou" (95). In haar aanbidding van haar watergees bly sy ootmoedig om sy guns af te smee (63). Soos God die lewe van Sy volgeling beskik, so beskik en bestier die watergees haar lewe: dis hý wat haar na die kremetart gelei het (63) soos God die Israëliete na Elim gelei het (Ex. 15); dis hý, so glo sy, wat haar na die "bloeiende rooi woestyn" sal lei soos God die Israëliete na Kanaän gelei het. Soos God alomteenwoordig en almagtig is, so is haar watergees oral en magtig:

Water ja water
 jy lewe in die riet se bed
 en in die holtes van die kremetart
 water jy kom uit die lug
 water jy wel op uit die aarde
 jy bedek die aarde
 jy woon onder hom en bo hom
 jou gees is so groot in 'n druppel
 as in watersnood en storms (63).

Die slavin, asook die vreemdeling wat hom belaglik gemaak het deur voor te gee dat hy hom nie aan godsdiens geklamp het nie, erken die bestaan van een of ander beskikkende en bepalende mag in die lewe van die mens, erken dat 'n geloof van een of ander aard een van die min dinge is waaraan die mens hom kan vasanker in 'n bestaan wat gekenmerk word deur onsekerheid, angs, eensaamheid en vervreemding.

2.3.5 DIE IVOORARM BAND

Die ivoorarmband, self 'n kring, is 'n voorbeeld van hoe die mens die natuur (olifantttand) transformeer tot kultuurobjek (armband) sodat die

oorspronklike nie meer daarin te herken is nie: "Soms van my hoogtetjie...sien ek die pare-pare slagande kort oomblikkies opgehef word en sukkel ek steeds om die skouspel te rym met die gladde armband wat ek eenkeer mog dra" (7) en "Voldaan wys hulle na die bondels tande. Hierdie ru vorm van ivoor lyk vir my bra lelik, veral die stomp punte wat uit die vleis geslag is, en die tande se tekstuur lyk glad nie op wat ek om my arm dra nie" (82). Hierdie "ru vorm van ivoor", op wrede wyse van die natuur geroof, word getransformeer tot gebruiksartikel, versiering en kunsvoorwerp.

Die ooreenkoms tussen die slavin en die ivoorarmband is nie toevallig nie. Sy is ook op wrede wyse uit die "mistige soel woudkom" (49) geroof en as natuurwese word sy ook getransformeer tot kultuurobjek, tot gebruiksvoorwerp, versiering en kunsvoorwerp wat na willekeur "verkwansel" (18, 40), "verhandel" (25, 57) en "bemaak" (45) kan word. Sy word 'n "besitting" (53, 58) en is "uitruilbaar, verruilbaar" (22). Net soos die olifantttand deur kundige vakmanne omskep word tot kultuurobjek, net so word die "ru vorm" van die slavin ook deur die kundigheid van die ander slavinne omskep vir haar rol van verleidster, sodat sy haar rol "foutloos kan beoefen" (103) en sodat sy vir haar eienaar 'n beter "belegging" kan wees.

As kindgevangene word sy deur die ouer slavinne geïnisieer in die "verleidingskunsies" (50) en "die speletjie met mans" geleer (12). "Al spelende" leer hulle haar sodat sy uiteindelik die "verrukking en die foltering sou onthou" (13). Die vroue in haar eerste eienaar se huishouding het haar geleer wat om te doen en wat sy moet antwoord wanneer haar ontmaagding plaasvind (39), sodat sy naby die einde van

haar lewe kan sê: "Julle lesse het ek nooit vergeet nie en nou nog sou ek wulps kon lag wanneer dit moet en nou nog sou ek my soos 'n kat lenig kon aanvly of loswriemel, en my intensiteit temper of versterk na gelang van die situasie..." (13). Haar transformasie tot gebruiksobjek geskied inderdaad op kundige wyse gevoed deur die ondervinding van jare. Dit is betekenisvol dat hierdie transformasie met die hulp van ander vroue geskied, dat die vrou self die vrou se "tradisionele" rol van verleidster perpetueer sodat die man behaag kan word en aan hom die grooste moontlike seksuele bevrediging verskaf kan word. In haar ondergeskikte posisie word sy geen keuse gelaat nie: sy moet doen wat haar heer en meester van haar verwag, al is dit om die onbenydenswaardige posisie van haar mede-onderdrukte voort te sit.

Verder moet sy as versiering en kunsobjek ook so lyk. "Ek word oorlaai met geskenkies om my aantreklik te maak" (12), sy poseer "in daardie maklik aangekweekte houding van oënskynlik ontspanne afwagting soos ek voor my eienaars leer staan het" (11) en by haar derde eenaar leer sy "behae skep in hoe om begeerlik te lyk" (26). Sy word versier met "groot ovaal rooi en geel glaskrale wat soos ryp bessies om hals en gewrigte gehang het, daarby passend die ivoor van 'n armband" om haar boarm (12). Hierdie ivoorarmband word dan vir haar in haar naïwiteit die simbool van haar eenaar se behae in haar (34). Haar transformasie tot kultuurobjek sluit ook in dat sy kennis moet opdoen van ander kultuurobjekte, soos seepsteenbeeldjies, jadegespes en porseleinglasuur; sy moet haar besig hou met "verfynde take" soos borduurwerk en die berei van disse vir 'n gastemaal; sy moet leer om heeltemal anders te gesels en met oorgawe te lag (26). Haar bestaan

is "prag en praal, skittering en opwinding" (34) en sy word 'n "gewaardeerde kunsvoorwerp" (51). Met betrekking tot hierdie versiering van die vrou, skryf Simone de Beauvoir (1953:190): "The function of ornamental attire is very complex...more often its purpose is to accomplish the metamorphosis of woman into idol. Ambiguous idol! Man wishes her to be carnal, her beauty like that of fruits and flowers; but he would also have her smooth, hard, changeless as a pebble. The function of ornament is to make her share more intimately in nature and at the same time to remove her from the natural, it is to lend to palpitating life the rigour of artifice".

Maar die doel van hierdie inisiëring, transformasie en afronding is om as gebruiksvoorwerp te dien. Deur haar verskillende eienaars word sy as seksobjek gebruik én misbruik. Sy word as kind deur haar eerste eenaar ontmaagd, wat in vandag se terme 'n hele aantal kriminele oortredinge sou behels. "Hy het my saggies nadergetrek waar hy gesit het sodat ek tussen sy bene kom staan het. Hy het my self uitgetrek en sy hande liggies oor my lyf laat gaan. Toe lek hy my...Hy is kortasemig en haastig" (39). By haar tweede eenaar, die speseryhandelaar "wie se gesukkel ek tandeknersend moes verduur" (49), is dit "snags bene oop vir die eenaar op sy beswete karos. Party van ons verwelkom dit. Ek nie. Hy is log en grof" (21). Haar derde eenaar beveel haar om haar te ontklee en gewoon rustig met hom te gesels, "onderwyl hy my deurentyd bekyk soos 'n mens 'n mooi sonsondergang beskou of so. Op dieselfde manier kyk hy na sy seun se tierboskat" (25, 26). Vgl. 2.3.7.

Die ivoorarmband is 'n kring, 'n 0, 'n baarmoeder, ovarium, ovum en

simboliseer moederskap en geboorte. Maar dit is ook 'n vagina, vulva en mond, dus 'n erotiese simbool en herinner aan L'HISTOIRE D'O, waarin O voorgestel word as die epitomie van erotiek en as prostituut. Die feit dat die slavin die ivoorarmband om haar linkerboarm dra (12, 26), soos die kettinkie wat sommige vroue om hul linkerenkel dra, het konnotasies van lyfeienskap, gebondenheid en prostitusie. Navorsing deur wit, manlike ondersoekers beklemtoon gereeld die slavinne se "promiskuïteit" - die feit dat hulle gedwing is om promisku te wees, word verswyg. Die verteller word inderdaad gedwing om 'n prostituut te wees, om haar verskeie eienaars se afwykende seksuele drange te bevredig in ruil vir 'n dak oor haar kop, 'n doek om haar lyf en kos (11). Met betrekking tot die uitsprake wat deur Franse tydskrifte oor L'HISTOIRE D'O gemaak is, bv. "THE STORY OF O is woman's future", skryf Dominique Poggi (1980:76, 77): "What then is this future which awaits us and in which our bodies will bloom? A world of chains, whips, violent coitus; a world in which we will belong not to just one man, but to all men, who will pass us around to one another like pieces of merchandise;³ a world in which we will be happy complying with rules established by our masters, who love us passionately for our docility. The logic behind THE STORY OF O is that men desire women and women desire men. Women are never represented as active subjects with their own desires. Their only wish is to be enslaved". Ook met betrekking tot THE STORY OF O, maar hierdie keer die strokiesprentweergawe daarvan soos deur Guido Crepax uitgevoer, sê Barthes (1985:54) dat alhoewel O in die strokiesprent nie 'n enkele woord sê nie, haar voorkoms, houding, kleredrag, liggaamsposisie, ens. tog tot die leser en die ander karakter spreek, en haar enigste "woorde" is: "I listen and I obey". Wat die vertellerslavin betref,

kon sy net so goed 0 gewees het, aangesien haar posisie as slavin geen opstand, ongehoorsaamheid of teëpratery gedoog nie. Sy moet luister en gehoorsaam wees.

Maar ook is 0 = nul. Die ivoorarmband is nie net geskenk nie, dis nie net versiering en kunsobjek nie, dis nie net aanduiding van die slavinse lyeienskap nie; dit is bowenal 'n bevestiging van haar nulwaarde. In *IN THE HEART OF THE COUNTRY* van J.M. Coetzee (1977) peins Magda: "To my father I have been an absence all my life. Therefore instead of being the womanly warmth at the heart of this house I have been a zero, null, a vacuum towards which all collapses inward, a turbulence, muffled, grey, like a chill draft eddying through the corridors, neglected, vengeful" (2).

Die slavin is ook 'n nul, ten spyte daarvan dat sy haar "snoesig geborge" gevoel het. Haar gedurige angsk en onsekerheid oor haar toekoms, bring haar tot die besef: "Net dié wat het, het ook sekerheid" (18). Sy het net onsekerheid omdat sy niks het nie. Wanneer sy die krale optel, wonder sy of hulle ook in ontvangs geneem is in ruil vir iets, soos met haarself gebeur het: "Ek het natuurlik nie 'n benul wat my waarde moes gewees het nie of wat dit ooit was nie" (11). As "gebruiksartikel" het sy natuurlik monetêre waarde vir haar eienaar, sy kan verruil of verhandel word, maar haar bestaan, haar mensheid en menslikheid het vir haar eienaars geen betekenis nie. Sy word be-nul, gestroop van waarde en selfwaarde. Aan die bedelaars van die stad kan sy geen aalmoese gee nie, want sy besit niks en kan niks gee nie (36). Al wat vir haar oorbly, is haarself - selfs die ivoorarmband wat sy met soveel trots gedra het, is terug aan die

natuur gegee. Wanneer sy hierdie armband in die donker seekoegat gooi, is dit nie net om die harmonie te herstel nie, maar dit is 'n simboliese vrymaak van die boeie van slawerny, ook van die boeie/indoktrinering waaraan sy onderworpe was, sodat sy vanaf hierdie oomblik haar lewe in oënskou kan neem en tot ander insigte kan kom.

2.3.6 DIE BOOM

In die eerste hoofstuk is die attribute van die kremetartboom genoem, onder andere dat dit ook 'n baarmoeder is wat telkens geboorte skenk aan 'n nuwe mens, die slavin. In aansluiting hierby, kan na die volgende tekenwaarde van die boom verwys word, wat in 'n mate aansluit by die slavin se ervarings- en gedagtereise:

As die boom dan 'n baarmoeder is, sou 'n mens verwag dat dit vroulik moet wees, maar die boom is manlik en word vermeld en aangespreek asof dit 'n man is. Vgl. byvoorbeeld: "Dit is die klere van 'n nuwe lewe waarmee ek al in die rondte al om die kremetart reis en hom nooit uit die oog verloor nie..." (43); "Ek het 'n keer van die boom gevlug. Ek het planloos die veld in gehardloop, uit sig van hom probeer kom..." (63); "...net maar dankbaar vir die ruim skuilplek, kaal en gestroop van sy lower, ongemaklike kolos met sy soekende vingers" (92); "Ek dank die grond wat die boom met groot moeite staanmaak omdat hy verkeerd om groei" (95).

Michael du Plessis (1988:124) sien die boom as 'n fallus: "...the baobab is phallic trunk and branches". 'n Mens kan nog verder gaan en hierdie falliese aard van die boom in verband bring met sy "soekende

vingers", die verteller se ambivalente gevoelens teenoor die boom (sy verloor hom nooit uit die oog nie, maar probeer ook van hom af wegvlug), die "suur sade" wat sy "verorber" en teen haar wang aandruk en waarvan die grysgroen pelsbedekking haar vel streef (28), die sade wat "soos volbringing aan jou hang, grondgerig, wagtend" (28), sy "tuitvormig oplopende plafon" (15). Verder herinner die boom ook aan die verhaal in die Egiptiese mitologie waar Isis na die dooie Osiris gaan soek het en hom in die binnekant van 'n groot boom gevind en hom laat herlewe het.

As die boom dan tegelyk baarmoeder en fallus is, is hy biseksueel of hermafrodities, wat die biseksuele oerwese aandui en die lewe sonder die onderskeid tussen manlik en vroulik, 'n vereenselwiging van die manlike en vroulike. Jung het ook verklaar dat 'n boom 'n biseksuele aard het. Is dit te vergesog om hierdie teks te beskou as 'n poging tot versoening tussen die twee geslagte, 'n erkenning van mekaar se waardigheid en die uitwissing van alle onnatuurlike grense? Du Plessis vra ook met betrekking tot die skryfhandeling: "Is it not possible to read the baobab as an emblem of bisexuality?" (124).

Mitologiese assosiasies tussen gode en bome kom baie dikwels voor, bv. Attis en die den, Osiris en die seder, Jupiter en die eik, Apollo en die lourier, ens. Hulle gee uitdrukking aan 'n soort verkose ooreenkoms. Omdat die slavin haar tuiste in 'n boom gevind het, word sy deur die klein mensies "vir die gees van 'n boom aangesien" (25) en as gevolg daarvan word sy soos 'n godin behandel: "Hier is versorging - ek huiwer om dit aanbedding te noem - deur die klein mensies..." (43). Hierdie versorging laat haar goed voel, die klere wat hulle vir

haar bring, is nie net bedekking nie, maar "dit is die klere van 'n nuwe lewe..." (43). In hierdie "nuwe lewe" waarin sy nie meer besitting is nie, ervaar sy vir die eerste keer sedert haar gevangening die erkenning van haar menswaardigheid, al word sy verkeerdelik vir 'n godin aangesien. Daarom kan sy naby die einde van haar lewe sê: "Ek was minnares en moeder en godin sowaar" (109).

In sy mees algemene sin, dui die simboliek van die boom die lewe van die kosmos aan: die konsekwentheid daarvan, groei, proliferasie, die generatiewe en regeneratiewe prosesse. Dit verteenwoordig die onuitputbare lewe en is dus gelyk aan die simbool vir onsterflikheid. Dit is dus ironies dat die slavin in die kremetart sterf - enersyds kan dit beskou word as nog 'n bevestiging van die ambivalente aard van die vertelling, en andersyds is haar dood maar net die begin van 'n ander lewe, deurdat die boom nuwe lewe genereer. Die kremetart self sterf deur in homself in te val en te verrot. Uit hierdie veselagtige pulp word miershope opgebou, dus nuwe lewe wat uit die dooie gegenerer word. Die falliese vorm van die stam sluit hierby aan, omdat die mens bly voortbestaan deur die kreatiewe mag van die man se fallus!

Daar moet melding gemaak word van een van die ander bome wat in die vertelling voorkom, die wilger. Die wilgerboom is 'n tradisionele embleem vir leed, melancholie en verlore liefde. Daar is ook 'n antieke assosiasie tussen die wilger en die dood. In die 2de eeu n.C. het die Griekse historikus, Pausanias, byvoorbeeld geskryf van die heilige bos van Persephone, koningin van die onderwêreld, waarin daar wilgers gegroei het. Ook beskryf hy hoe Orpheus 'n wilgertak in die

onderwêreld vashou. Daar word gesê dat op die eiland van die verleidster, Circe, daar 'n wilgerbos is waaraan lyke hang. In Sjina is daar vroeër wilgertakke oor 'n doodkis geplaas. Na aanleiding hiervan, is die slavin se gemoedstoestand na die verdrinking van die slaaf dus te verstaan. Hulle is op 'n plek "waar daar safsafwilgers groei", en vir hulle was dit 'n aanduiding van vastigheid onder die voet. Hulle is egter blind vir die feit dat slegs die wilgers se kruine bo die water uitsteek, en beveel nogtans die slaaf om te toets hoe diep die water is. Na sy verdrinking merk die slavin op: "Halfverdrink hang die slap takke. Ek voel soos die wilgers en laat die tyd deur my vloei" (79).

2.3.7 DIERE

Dit is bekend dat slawe van die vroegste tye af aan diere gelykgestel en hulle menslikheid heeltemal misken is. Aristoteles, byvoorbeeld, het slawe as nie-menslik beskou vanweë die feit dat hulle twee menslike eienskappe ontbreek het, nl. die vermoë om te beraadslaag en te besluit, en die vermoë om vooruit te dink en te kies (Arendt 1958:84) - vandaar die konsep animal laborans wat van toepassing op slawe in die antieke tyd was. In die Romeinse Tyd moes slawe, die servi, dikwels as gladiators teen wildediere in die arena optree om die bloeddorstigheid van die skare te bevredig (Barrow 1928:18). Gevange slawe in Afrika is eers gebrandmerk, soos 'n veeboer sy diere brandmerk, voordat hulle na die Nuwe Wêreld verskeep is onder toestande wat selfs die vuilste dier sou afskrik (Davidson 1961:111). In die myne in die Suidelike state van die V.S.A. is slawe ên slavinne in die plek van trekdier gebruik (Davis 1981:10). Voeg

hierby dat slawe as "gebruiksgoedere" beskou is en na willekeur verkwansel kon word, die feit dat slavinne se kinders van hulle weggeneem en afsonderlik verkoop kon word en die talle ander misdrywe teen slawe, dan is dit geen wonder dat diere so prominent in hierdie vertelling voorkom nie.

In die roman word die verskillende diere verteenwoordigend van die verskillende aspekte van die slavin se bestaan, asook van die menslike kondisie. Eerstens is daar die huisdiere in die huishoudings van haar verskeie eienaars. Die dag toe die slavin vir die tweede keer op die markplein verkwansel is, koop haar nuwe eienaar 'n glansende hoenderhaan met veelkleurige vere. Benewens die feit dat die haan beskou word as simbool van viriliteit en dus van manlike meerderwaardigheid, word die haan hier gebruik om aan te toon dat daar geen verskil in die posisie van die slavin en die haan is nie - hulle is albei gebruiksgoedere, besittings, wat gekoop en verkoop kan word na die besitter se luim, en albei is vasgekeer, of so dink die slavin aanvanklik. Maar daar is 'n groot verskil: die haan het baie meer vryheid as die slavin, hy "loop rond op die werf soos hy wil en bespring die henne net wanneer hy wil" (42). Selfs die laagste diertjies het meer vryheid as sy: "Die mier kan wegkruip. Die kakkerlak kan. Die rot kan. Ek nie" (42). Alles van haar behoort aan haar eienaar: "My arbeid syne. My slaap syne. My staan en gaan. My sweet. My hare. My voetsole" (42). In die huishouding van haar derde eienaar is daar 'n papegaai wat 'n menslike eienskap het: hy kan "praat". Weer is daar 'n ooreenkoms: albei is vasgekeer, die papegaai in sy kou en sy 'n besitte, maar daar hou die ooreenkoms op. As gevangene triomfeer die papegaai keer op keer deurdat hy vryheid van

spraak het, by wyse van spreke, terwyl die slavin haar bedruktheid, onsekerheid, seergemaakte gevoelens moet onderdruk. In hierdie selfde huishouding word 'n mak tierboskat as troeteldier aangehou. Hy kan sy dierinstinkte laat botvier, hy het vryheid van beweging, hy is selfgenoegsaam deurdat hy vir sy eie voedsel kan sorg, terwyl die slavin soos 'n parasiet op haar eienaar moet teer. Tog beseef die slavin dat hulle "een van gees" is (30) deurdat hulle inherente vrye gees nie deur hulle besitter hulle ontsê kan word nie. Dit is dan ook daarom dat haar weldoener na haar naakte liggaam kyk soos hy na die tierboskat kyk.

Tweedens is daar die bobbejane, slegs een trap laer op die evolusieleer as die mens en dus beeld van die slavin en die mens se "herkenbare self" (9). Sy vrees die bobbejaan, want "hy is te veel soos ek" en "ek weet te veel van hulle af na my smaak". Soos die mensdier, bevestig die bobbejaanmannelies ook hulle gesag en meerderwaardigheid deur hulle hardhandige behandeling van die wyfies. "Hulle onooglike spektakelparing en die vernederende gebedel van die wyfies, die gekoes van die wyfies voor die hardhandige mannetjies en die luidrugtige geskel" is maar net die afspieëling van die mens se drifte en begeertes in die bobbejaan se gedrogtelikheid. Hulle is toonbeeld van die mens se gierigheid en inhaligheid: "Die vrate met die dik kieste...en die oë dig by mekaar soos jy dit by parmante aantref...(is) 'n teken van inhaligheid". Verder wys die bobbejane dat aangeleerde verfyndheid oorbodig en bespotlik is, hulle toon hulle superioriteit oor die kultuurwese en herinner die mens aan sy ondergeskiktheid, sy mindere kennis en sy buitestaanderskap. Die ambivalente gevoelens wat die slavin teenoor die bobbejane het,

weerspieël die mens se ambivalente mensdieraard. Sy verag die bobbejane, sy vrees hulle, sy voel haar getart deur hulle, maar terselfdertyd het sy 'n teësinnige bewondering vir hulle krag en vernuf. Dit is betekenisvol dat die mens die dier se aggressie, paarinstink en tropinstink verafsku, terwyl hy self daardie instinkte openbaar.

Die vlermuis, 'n onheil- en doodsimbool, is 'n vooruitwysing na die slavin se dood. Daarbenewens is die vlermuis as gevolg van sy voorkoms en aard - half knaagdier, half voël - dubbelsinnig, 'n simbool van veranderlikheid en transformasie en stel evolusie tot nuwe vorms voor. Sy toon op verskillende vlakke 'n parallel met die vlermuis: haar dubbelsinnige, ambivalente aard, haar veranderlikheid en vloeibaarheid, haar transformasie en evolusie vanaf natuurwese tot kultuurwese en terug tot natuurwese. Die kremetart huisves die vlermuise/die dood, soos dit ook haar en haar dood huisves. Die vlermuis is 'n onderstebodier, deurdat hy onderstebo hang en slaap. Wanneer sy sterf, is dit "soos 'n vlermuis swart en soekend" (110) en soos 'n vlermuis, vou sy haar vlerke in.

2.3.8 DIE KLEIN MENSIES

As kode funksioneer die "klein mensies" eerstens as verteenwoordigers van die natuur in die natuur-kultuur-dichotomie. Hulle is inderdaad natuurkinders, want hulle leef in en van die natuur: "Met wat 'n winter en 'n somer maar ook vir die oog en versamelsak en die pyl en boog van die klein mensies bied" (94), word die slavin gevoer. Hulle leef van maboa, bokhoringstingels, luislangvleis, maroelas,

dikbasbessies, waterboklewer, uintjies, suurpruime en die sade van die kremetart; hulle kleredrag is van die natuur afkomstig; hulle versiering kom uit die natuur en selfs hulle taal kom vir die slavin voor soos die geluide van ander natuurwesens: "Dit klink vir my kompleteet of geitjies aan die praat gegaan het...Dit is 'n taal vir geitjies en toktokkies" (65); "Van ver op die wind aangedra hoor ek die mensies musiek maak. Die klanke klink vir my soos kewers wat oor 'n vuur spring" (98). In verband met die spraak van die inboorlinge (die Hottentotte in hierdie geval), het Europese reisigers in Suid-Afrika so vroeg soos 1652 geskryf: "(They) are handicapped in their speech, clucking like turkey-cocks..." (Hondius, aangehaal deur J.M. Coetzee 1988:12).⁴ In hulle ontmoeting met die kultuurwese, die slavin, bevestig die klein mensies telkens die natuur se oppermag.

Tweedens kan die klein mensies gesien word as Lilliputters. In Jonathan Swift se politieke allegorie, GULLIVER'S TRAVELS, word die Lilliputters, die klein mensies, beeld van die mens se onbenulligheid en 'n weerspieëling van die visie van die mens se ambivalente posisie tussen dierlikheid en redelikheid. Terwyl die klein mensies in DIE KREMETARTEKSPEDISIE natuurwesens is, kom hulle ambivalensie tog ook na vore deurdat hulle terselfdertyd kultuurwesens is wat die natuur transformeer tot kultuurobjekte, soos uitgedruk in hulle kleredrag, wapens, versierings en die goue spykertjies. Verder verteenwoordig hulle die mens se onbeduidendheid en ontbeerlikheid soos uitgebeeld in hulle uitwissing, wat weer 'n demonstrasie is van die lewenswerklikheid dat die kleiner, swakker mens gedurig bedreig word deur sy groter, sterker medemens.

In die derde plek is die klein mensies die surrogate van die kinders wat van die slavin weggeneem is of wat sy aan die dood moes afstaan; dus 'n soort "geboorte". Omdat hulle dan as pseudo-kinders optree, gedra die slavin haar "oppermagtig" (11) in haar grys boomhuid en beskik sy "oor so 'n ietsiepietsie mag" (12), soos 'n ouer. Die klein mensies se kuns, die rotstekeninge, word deur die slavin en haar metgeselle beskou as "die werk van volwasse kinders" (86), tydens die slagting om die kremetart hoor sy hulle "kindergekerm" (107) en wanneer sy hulle klapklanke hoor, herinner dit haar aan die taal uit haar kindertyd (97). In haar magsposisie (kyk hoofstuk 3) probeer die slavin aanvanklik haar gesag laat geld en probeer sy kontak bewerkstellig, maar moet uiteindelik die stryd gewonne gee teen die magte van haar omgewing (97). As "ouer" is sy magteloos om die "kind" sy individualiteit te ontnem. Maar as "moeder" is dit sý wat die klein mensies in die steek laat wanneer hulle haar hulp nodig het.

Met betrekking tot hierdie ouer-kind-verhouding, moet 'n mens ook in aanmerking neem dat die slavin as "kinderlose moeder" by die kremetart aangekom het, iemand met "geen skakels terug of vorentoe nie" (54), iemand wat "verbintenisloos" (83) is. As "kinderlose" is sy 'n uitgeworpene wat tot selfvernietiging gedwing word, soos reeds vooruitgewys wanneer hulle in die bosse op die selfmoordgevalle afkom (90). Mbye B. Cham (1987) sê: "abandonment...is predominantly a female condition", veral as die vrou kinderloos is. In Buchi Emecheta se roman, *THE JOYS OF MOTHERHOOD* (1979), word hierdie uitgeworpenheid van die kinderlose vrou gedemonstreer deurdat die hoofkarakter, Nnu Ego, deur die gemeenskap verwerp en byna tot selfmoord gedryf word. Vir die gemeenskap bestaan die vrou se vroulikheid uit haar vermoë om

kinders in die wêreld te bring. As dit nie gebeur nie (of as gevolg van haar eie steriliteit, of as gevolg van die man se steriliteit, of as gevolg van omstandighede buite haar beheer), moet sy die blaam daarvoor dra, word sy die uitgeworpene, want kinderloosheid is 'n teken van boosheid wat in geen gemeenskap geduld word nie.

In die vierde plek vind ons 'n verdere onderstebo: die klein mensies as pseudo-kinders sorg vir die slavin, die "ouer". Dit is hulle wat tot haar redding kom wanneer sy as kultuurwese nie staande kan bly in die aangesig van ontbering nie. Sy, die "hulpelose,...die skamel oorblyfsel" van haarself (93), die "onnosele" (9), "ontoegeruste dom beskaafde" (34), is 'n pasgebore baba, "herbore uit die buik van die kremetart" (12). Wanneer sy die klein mensies nakend tegemoet tree, is dit nie slegs 'n poging om haar met die natuurwesens te identifiseer nie, maar ook 'n simboliese geboorte. As "kind" moet sy leer om haar "ooreenkomstig (hulle) onbekende wette" te gedra (94) en word sy 'n "versorgde gevangene" (97), dus weer eens 'n soort besitting.

Verder verteenwoordig die klein mensies die afstand en gebrek aan kommunikasie wat daar tussen mense ontstaan wanneer die een hom in 'n magposisie wil plaas en die ander tot die posisie van onderdaan wil dwing (kyk Hoofstuk 3). Die gevolg is die slavin se eensaamheid en toenemende vervreemding wanneer sy byna rasend word in haar verlange na menslike kontak. Verder is die klein mensies vir die slavin "droomgestaltes" (90) van wie se bestaan sy bewus is, maar wie se bestaan sy tegelyk as 'n toevalligheid beskou. Hulle is slegs nodig wanneer hulle in haar behoeftes kan voorsien, maar wanneer hulle haar hulp nodig het, is sy magteloos, kruip sy weg en laat sy hulle in die

steek. Soos sy in die steek gelaat is, so laat sy op haar beurt die klein mensies in die steek. 'n Mens kan dus Cham se woorde effens aanpas en sê: "abandonment is a human condition".

2.3.9 DIE GOUE SPYKERTJIES

Behalwe die kos en klere wat die klein mensies vir die slavin gebring het, het hulle ook versierings soos krale en 'n halssnoer van volstruiseierdopskyfies, 'n volstruiseierdop, 'n erdepot en later 'n handvol goue spykertjies gebring. Hierdie blink en fraai voorwerpe is vir haar onbruikbaar en sy beskou hulle as "lieflike speelgoed" (65) met geen praktiese nut nie. Sy kan nie verstaan waarom hulle juis goue spykertjies as geskenk moes bring nie, net soos sy ook nie hulle kliktaal verstaan nie. Van al die geskenke wat sy van hulle ontvang het, was die spykertjies "die nutteloosste geskenk" waarmee sy niks kon aanvang nie (91). Net so raaiselagtig soos die spykertjies is, net so is dit vir haar 'n raaisel hoe om die klein mensies daarvoor te bedank.

Tog, net nadat sy die spykertjies ontvang het, onderneem sy onwillekeurig 'n gedagtereis in die geskiedenis van Afrika. Sy "versin die wonderlikste geskiedenis van 'n stad met bultende mure en chevrongepakte klippe" (65). Goud is net so onafskeidbaar deel van Afrika se geskiedenis soos die jagekspedisies, die ivoor- en slawehandel. In die teks self is daar 'n hele aantal verwysings na goud en die belangrikheid daarvan in die handel en ekonomie. Hoe dikwels daar op ekspedisies na goud gegaan is, spreek uit "die goud- en die slaweroetes se gebaande weë" (74). Handelaars het oor die

oseane aangevaar gekom om hulle handelware vir goud te ruil; avonturiers het na Afrika gekom as gevolg van die aantrekkingskrag van goud; gewetenlose uitbuiters het uit alle dele van die wêreld hulle hierheen gehaas om Afrika se rykdom na hulle eie vaderland te verskeep. Die feit dat hierdie spykertjies klein is, ironiseer eintlik die geweldige omvang van die goudbedryf - al wat vir Afrika van Afrika oorbly ná die uitbuiting, is 'n handvol nuttelose voorwerpe.

Maar die feit dat hierdie voorwerpe artefakte is, "klein spykertjies wat aanmekaar geheg het wat vervloë is en raaiselagtig" (109), is 'n aanduiding van die aard van die vroeë Afrika-beskawings. Dit weerlê die teorieë van "donker Afrika" se primitiwiteit en van die barbaarsheid van sy bevolkings. As die bevolkings spykers kon maak en daarmee kon werk, impliseer dit dat hulle kennis van die smelting en suiwering van metale gehad het en dat hulle met ander materiale ook gewerk het, byvoorbeeld hout en klip. Die klein mensies is ongetwyfeld bewus van die waarde van hierdie goue spykertjies en omdat hulle haar as 'n godin beskou wat so 'n geskenk waardig is, vereer hulle haar daarmee. Wat die slavin nie besef nie, is dat hierdie geskenk wat sy as die nutteloosste beskou, inderdaad die kosbaarste geskenk is wat hulle kon gee.

Wanneer sy na die spykertjies op haar handpalm kyk, lyk hulle vir haar "soos saad wat tot welvaart sou kon ontkiem" (92). Hierdie voorspelling is bewaarheid, aangesien goud inderdaad welvaart aan Suider-Afrika gebring het, ongeag met hoeveel uitbuiting en menseverlies dit gepaard gaan.

Die roesvrye en vlekvrue kwaliteite van goud en sy duursaamheid, het daarvan 'n edel metaal gemaak. Wanneer die slavin wonder wat sy met haar besittings sal maak, met die goue spykertjies, krale, waterpot en volstruiseierdop, besluit sy: "Ek sal dat tyd hulle weer vat" (91). Wat sy nie beseef nie, is dat tyd nie die goue spykertjies kan vat nie. In teenstelling met die mens se vervlietende aard, is goud die voorstelling van die blywende, duursame en permanente essensie van die lewe, omdat dit uit die aarde self kom. Daarom gooi sy roekeloos die spykers in die lug op sodat hulle kan "val waar hulle val en lê en nooit roes" (109).

2.3.10 INKRIMPING

Die inkrimpingskode in hierdie roman hou verband met ruimtelike inkrimping, die mens se ingeperktheid, afgebakenheid en onvermoë om sy grense te deurbreek, sy buitestaanderskap en sy toenemende vervreemding.

Inkrimping en ingeperktheid het eerstens betrekking op die verteller se gevangeneming en haar daaropvolgende slawebestaan. Daardeur word een van die mees basiese menseregte, vryheid, haar ontsê. Van vrye, ongebonde kind word sy gedwing tot gebondene en lyfeiene. Alreeds op die dwangreis na die kusstad "moes ek myself in myself afbaken" (68) om te verhoed dat sy "in die lonkende, swagtelende grys" sal oplos. Sy het geen vryheid van beweging, van spraak of van keuse nie. In haar slawebestaan het sy slegs bestaansreg deur aan iemand te behoort: "Ek is net iemand saam met iemand anders" (44), en deur 'n parasiet te wees: "Ek is volkome afhanklik van hom aan wie ek geheg is deur

koopakte...maar volkome geheg soos 'n parasiet" (78). Ook by die kremetart word haar vryheid ingeperk. Sy moet haar "ooreenkomstig onbekende wette gedra" (94), sy, die kultuurwese, moet haar aanpas by die natuur en daarvolgens leef. Sy ondervind dus 'n tweede soort slawerny of gevangenskap, nl. haar posisie en status by die klein mensies, waar daar vir haar niks anders oorbly as om haar lot as "versorgde gevangene" te aanvaar nie (97). Op paradoksale wyse word sy in die kremetart ruimtelik ingeperk en "reg rondom ook maar deur horison ingeperk" (43) en sy wonder of 'n mens dan nooit deur 'n horison breek nie. In teenstelling met haar slawebestaan, verhinder die ruimtelike inperking nie haar vryheid van beweging nie en haar denke kan so ver strek as waar die horison is. Soms is sy vir haar eie inperking verantwoordelik. Sy moet byvoorbeeld die vrye, spontane verkeer met haar mede-slavinne inboet omdat sy "ingeperk in (haar) aanstellerigheid" is (47).

Die krimpemde ekspedisie is beeldend van die verteller se toenemende vereensaming en vervreemding. Op die ekspedisie verdwyn eers die een draerslaaf, daarna die sangebeeste, dan verdrink 'n ander slaaf, die oudste seun en die res van die slawe verdwyn en die vreemdeling sterf 'n "triviale dood", sodat slegs sy oorbly. Sy is alleen, sy besit niks en "bedeel uitsluitlik met herinneringe" het sy by die kremetart aangekom (15). Sy hunker na menslike kontak, maar die klein mensies hou haar op 'n afstand. Sy leer saamleef met die teenwoordigheid van mense wat haar apart hou: "Dit is 'n rare ervaring om saam te leef sonder aanraking..." (97). Dit wil vir haar voorkom of die aanwesigheid van ander haar eensaamheid vererger, asof die afstand tussen haar en ander mense groter geword het "omdat hulle in tasbare

nabyheid verkeer" (97). Met inspanning keer sy haar om hulle te roep, aangesien sy uit ondervinding weet dat hulle hulle afstand wil behou en "onsigbaar" wil bly. Haar vereensaming neem toe, haar hunkering na menslike kontak word 'n obsessie. Sy verbeel haar sy hoor 'n kreun tussen die lyke om die boom na die verskriklike slagting wat daar plaasgevind het. Soos 'n besetene soek sy "na die geringste lewenstekes" (106) en vergeet selfs van die stank van ontbinding, die brommers, die wagtende aasvoëls en die afskuwelike voorkoms van vernietigde mense. Wanneer sy selfs tussen die gras en die gronddekkende plante na die kreun soek, wonder sy: "Is my sin vir verhouding totaal versteur dat ek my verbeel dat wat ek soek tot dwergiegrootte gekrimp het, tot fetusgrootte, is dit wat ek soek? Waarvoor karring ek met die stok? Ek soek 'n kreun, 'n kreun sonder 'n liggaam. 'n Kreun het hier verdwaal. Dit soek ek. 'n Kreun het opgeklink en ek wil dit vir my hê" (107). Uiteindelik krimp haar kontrei soos haar kragte afneem (108), maar wanneer die gif vir haar neergesit word, ervaar sy byna ekstase in die wete dat sy nie vergete was nie, dat iemand nog altyd van haar geweet het (109).

Daar is ook 'n inkrimping van besit tot niks, van artikulasie tot stilte. (Hierdie aspekte word in die volgende hoofstuk behandel.)

2.3.11 ANGS

"Man is in anguish," sê Jean-Paul Sartre (1948:30). Absolute onsekerheid, impotensie, hulpeloosheid en algehele afhanklikheid is die oorsake van angs, dit vorm deel van die menslike bestaan en kondisie en is 'n uitsluitlik menslike eienaardigheid.

As kind het die verteller nooit die emosie van angskind ondervind nie, want sy het by haar ouers 'n veilige bestaan gevoer. Maar angskind het haar metgesel geword vandat dit op haar dwangreis met haar kom kennis maak het, hom vrymoedig langs haar kom tuis maak en sy benoude asem oor haar geblaas het (46). "Ek ken hierdie vrees mos. Is hy en ek dan nie ou maats nie? As iemand my ooit trou was, dan was dit hy, miskien omdat hy deel van my geword het en my hartkloppings vergesel soos hy my asemhaling vergesel, omdat hy in die wit van my oog sit, in die bewe van my vingers" (46). Elke keer herken sy die angskind, dit is deel van die lug. "Daar was ook die angskind, 'n taai angskind wat jou keel toedruk. Ek herken die angskind. Op wat se maniere kan ek hom nog ervaar? Ek ken die angskind van bloeddorstigheid en van vereensaming en van onkunde en van straf en van radeloosheid. Ek ken hom" (53).

Na die skrikwekkende ervaring van haar gevangeneeming en van die dwangreis, verkeer sy in 'n angstoestand; angskind het haar hele bestaan binnegedring en dit oorheers. Die hooforsaak van haar angskind is die onsekerheid, "die enigste sekerheid waarop ek altyd kon staatmaak" (46). Dit is die onsekerheid van haar toekoms, elke keer as sy op die markplein verkoop moet word, wat veroorsaak dat die angskind weer van haar besit neem. Na haar skrikwekkende ervaring op die markplein toe sy die tweede keer verkoop is, en na haar verskriklike ervarings by haar eerste en tweede eienaars, word haar toekoms "vir die soveelste keer...wispelturig besluit" (46). Dit is die angskind van onsekerheid oor wie haar volgende eienaar sal wees, oor watter omstandighede op haar sal wag, oor die soort foltering wat sy weer sal moet deurmaak. "Uit hierdie vrees ontvlug ek nooit, hierdie vertroude swymeling wat my gesig belemmer, wat my met my hand oor my oë laat vee om beter te kan

sien..." (20). Vrees is nie net die begin van haar slawebestaan nie, maar ook die eindpunt daarvan: "Goed onderlê is ek in die kennis van angs...0! glad en geheel nie is angs 'n fynproewer van gebeurtenisse nie. Alles slurp hy op. Alles vermorsel hy. Hy laat geen bloederige spoor na nie want hy staan stil. Alles kom na hom toe, voel tot hom aangetrokke, en hy weet dit" (33).

Haar vrees vir die bobbejane spruit uit haar herkenning van al die gruwels waarvan sy die slagoffer was, in hulle. Hulle "spektakelparing" is nie net die "afspieëling" van haar eie drifte nie, maar dit is ook die soort behandeling waaraan sy by haar verskillende eienaars onderworpe was. So ook "die vernederende gebedel van die wyfies", want in haar posisie as slavin moes sy as 't ware bedel vir haar bestaan. Sy herken in die bobbejane haar eienaars se inhaligheid, hulle hardhandige behandeling van die slavinne en haar ondergeskikte posisie, nie net as slavin nie, maar ook in die breër gemeenskap.

Die ander oorsaak van haar vrees is haar magteloosheid terwyl die gevegte om die kremetart gewoed het. Sy was hulpeloos, sy was vasgekeer in die binnekant van die boom: "Vasgekeer is ek, soos 'n dassie in doodsbenoudheid bewe ek" (104). Daelank moes sy in magteloosheid in die boom bly en aanhoor hoe die gevegte voortwoed, hoe die hiënas snags wild jubel. "In die diepste, donkerste, verste hoekie van die kremetart het ek weggekruip. Hierdie gille, hierdie slagkrete, hierdie vloedwater van vrees donker oor my kop, hierdie angs wat deur my sny, hierdie dierlike geroggel" (103, 104).

Sy maak 'n travestie van die vreemdeling se bewering dat die mens die dood vrees, want sy verwelkom haar eie dood, nooi dit uit, sy verlang na niks meer nie (109). Sy wens dat die vuurslang wat sy in die verte gewaar, haar moet verswelg. In teenstelling met die angs wat sy tydens haar slawebestaan ervaar het, gaan sy die dood onverskrokke tegemoet. Ook sy wil, soos haar baba, die ekstase van nooit wees ervaar, "die volmaaktheid van nie-wees" (104); daarom die gifdood sodat sy langer die ekstase en die volmaaktheid kan ervaar.

2.4 SAMEVATTING

Hierdie ekspedisie in die slavin se ervarings en gedagtes, wat terselfdertyd 'n "ek-spedisie" deur die slavin self is, is 'n poging om haar vernaamste ervarings en gepaardgaande gedagtes te ontleed, soos sy ook in h aar "ek-spedisie" haarself ontleed. Noodwendig moes haar geskiedenis gerekonstrueer word sodat dit plek-plek 'n chronologiese weergawe daarvan geword het om self groter duidelikheid in haar ervarings te verkry.

Alhoewel sekere aspekte van haar ervarings- en gedagtereise in hierdie hoofstuk tuishoort, soos die verwante kodes van taal, stilte en niks, is hulle doelbewus weggelaat omdat hulle in die volgende hoofstuk meer relevant sal wees.

2.5 VOETNOTE

1. Vgl. die simbool van die Yang-Yin, waar die S-vormige middellyn 'n simbool van beweging en kommunikasie is, maar ook bowenal komplement rheid, aanvulling en verryking simboliseer.

2. Maria Rosa Cutrufelli (1983:136, 137) verskaf die volgende inligting met betrekking tot klitoridektomie:

Terwyl die besnydenis van die jong seun in menige Afrika-kultuur ook beskou word as die noodsaaklike verbreking van die verbintenis tussen moeder en seun, word die besnydenis van die jong dogter uitgevoer om te verseker dat die man die grootste moontlike seksuele bevrediging kry.

Daar is vyf verskillende soorte besnydenis van die vrou in die Soedan: (i) Die uiterste vorm is die verwydering van die hele klitoris en die labia minora; (ii) die tweede tipe behels die verwydering van die labia minora en 'n gedeelte van die klitoris en die gedeeltelike vaswerk van die vagina met drie steke; (iii) 'n gedeelte van die klitoris en een van die labia minora word verwyder, terwyl die ander labium aan die teenoorgestelde kant vasgewerk word met slegs 'n klein opening; (iv) die hele klitoris word verwyder; (v) 'n gedeelte van die klitoris word verwyder.

By die Tsonga van Oos-Transvaal bestaan vroulike besnydenis uit die perforasie van die maagdevlies en die uitrekking van die labia minora, vermoedelik om penetrasie te vergemaklik en 'n beter greep op die penis te verkry. (Omdat dit een van die taboe's by die Tsonga is om oor besnydenis enige inligting te verskaf, kan ek ongelukkig nie my bron bekend maak nie.)

Die feit dat die slavin 'n "benyde" onbesnedene was, het heelwaarskynlik te doen met die man se veroweringsdrang - hoe meer meisies en vrouens hy kan ontmaagd, hoe hoër sy status; en hoe jonger die meisie is, hoe groter sy oorwinning.

3. Die idee dat die uitruiling van vroue fundamenteel aan sosiale organisasie is, is oorspronklik deur Claude Lévi-Strauss in sy ELEMENTARY STRUCTURES OF KINSHIP (1949) voorgestel.
4. Die aspek van die klein mensies se taal word verder in hoofstuk 3 bespreek.

HOOFSTUK 3"BESIT EN LIEFHÊ IS BEGRIPPE WAT MEKAAR VLOEK"3.1 INLEIDING

Volgens Culler dien die roman as 'n model waardeur die gemeenskap homself waarneem, die diskoers waarin en waardeur die gemeenskap die wêreld artikuleer (Culler 1975:189). Wat Eagleton betref, is die literêre teks nie die uitdrukking van ideologie nie, nōg is ideologie die uitdrukking van sosiale klas. Die teks is liever 'n sekere produksie van ideologie. Die literêre teks produseer ideologie, wat self 'n produksie is, en die literêre teks se relasie tot ideologie konstitueer daardie ideologie op so 'n wyse dat iets van die ideologie se relasie tot die geskiedenis ontbloot word (Eagleton 1976a:64).

Literatuursosiologie het te make met wat genoem kan word die middele van literêre produksie, distribusie en ruiling in 'n besondere gemeenskap. Dit ondersoek literêre tekste vir hulle sosiale relevansie, maar vorm slegs een deel van Marxistiese kritiek. Die doel van Marxistiese, trouens van alle kritiek, is om die literêre werk vollediger te verduidelik en dit beteken 'n noukeurige aandag aan die vorm, styl en betekenis. Maar dit beteken ook om daardie vorm, styl en betekenis as produkte van 'n besondere geskiedenis te begryp. Die oorspronklikheid van Marxistiese kritiek lê nie in die historiese benadering tot literatuur nie, maar in die rewolusionêre begrip van die geskiedenis self.

Die sade van daardie rewolusionêre begrip is deur Marx en Engels in 'n beroemde passasie geplant:

The production of ideas, concepts and consciousness is first of all directly interwoven with the material intercourse of man, the language of real life. Conceiving, thinking, the spiritual intercourse of men, appear here as the direct efflux of men's material behaviour...we do not proceed from what men say, imagine, conceive, nor from men as described, thought of, imagined, conceived, in order to arrive at corporeal man; rather we proceed from the really active man...Consciousness does not determine life: life determines consciousness.

(aangehaal deur Eagleton 1976b:4).

Die manier van produksie van die materiële lewe kondisioneer die sosiale, politieke en intellektuele lewensproses in die algemeen. Dit is nie die mens se bewustheid wat sy sosiale lewe bepaal nie; intendeel, dit is sy sosiale bestaan wat sy bewustheid bepaal, met ander woorde, die sosiale verhoudings tussen mense is verwant aan die manier waarop hulle hulle materiële lewe produseer. Die funksie van ideologie is om die mag van die regerende klas in die gemeenskap te legitimeer; die dominante idees van 'n gemeenskap is die idees van die regerende klas.

Kuns is dan vir die Marxisme deel van die suprastruktuur van die gemeenskap. Dit is deel van die gemeenskap se ideologie - 'n element in daardie komplekse struktuur van sosiale persepsie wat verseker dat die situasie waarin een sosiale klas mag het oor die ander, of gesien word as "natuurlik" deur die meeste lede van die gemeenskap, of glad nie gesien word nie. Om literatuur te begryp, beteken dan om die totale sosiale proses waarvan dit deel vorm, te begryp. Die sosiale mentaliteit van 'n era word gekondisioneer deur daardie era se sosiale

verhoudings. Dit is nêrens so opvallend soos in die geskiedenis van kuns en literatuur nie.

Literêre werke word nie misterieus geïnspireer nie, nòg is hulle verklaarbaar slegs in terme van hulle outeurs se psigologie. Hulle is vorms van persepsie, besondere maniere om die wêreld waar te neem, en as sodanig het hulle 'n verhouding tot daardie dominante manier van die wêreld waar te neem wat die ideologie van 'n era is. Daardie ideologie op sy beurt, is die produk van die konkrete sosiale verhoudings wat die mens betree op 'n sekere tyd en plek; dit is die manier waarop daardie klasverhoudings ervaar, gelegitimeer en geperpetueer word. Verder is die mens nie vry om sy sosiale verhoudings te kies nie; hy word daarin gedwing deur materiële noodsaaklikheid, deur die aard en ontwikkelings stadium van sy manier van produksie.

Friedrich Engels merk op dat kuns ver ryker is as politieke en ekonomiese teorie omdat dit minder suiwer ideologies is (aangehaal in Eagleton 1976b:17). Ideologie vir die Marxisme is in die eerste plek nie 'n stel leerstellinge nie; dit is 'n aanduiding van hoe die mens sy rol in 'n klassesestelsel uitleef, die waardes, idees en beelde wat hom aan sy sosiale funksies verbind en hom so verhinder om ware kennis van die gemeenskap as geheel op te doen. Alle kuns ontstaan uit 'n ideologiese konsep van die wêreld en volgens Plekhanov bestaan daar glad nie so iets soos 'n kunswerk heeltemal ontdaan van 'n ideologiese inhoud nie (aangehaal deur Eagleton 1976b:18). Met betrekking tot die verhouding van kuns tot ideologie, is een moontlike antwoord dat literatuur niks anders is as ideologie in 'n sekere

artistieke vorm nie, dat literêre werke slegs die uitdrukking van die ideologieë van hulle tyd is. Hierdie werke is nie in staat om verby die "valse bewustheid" te reik en by die waarheid uit te kom nie. Sommige Marxistiese kritiek sien literêre werke slegs as weerspieëlings van dominante ideologieë. As sodanig, is dit nie in staat om te verduidelik waarom soveel literatuur in werklikheid die ideologiese aannames van hulle tyd aan die kaak stel nie. Outentieke kuns (Ernst Fischer in ART AGAINST IDEOLOGY 1969) transendeer altyd die ideologiese beperkinge van sy tyd, en gee daardeur insig in die realiteite wat deur ideologie verskuil word. Louis Althusser argumenteer dat kuns nie tot ideologie gereduseer kan word nie - dit het eerder 'n besondere verhouding daartoe (aangehaal deur Eagleton 1976b:18).

3.2 DIE "ONGELUKKIGE HUWELIK" VAN MARXISME EN FEMINISME

Dit is nie die doel van hierdie studie om betrokke te raak in die debat oor Marxisme en feminisme nie, maar dit is nodig om kortliks in te gaan op wat Marxiste omtrent die vrouekwessie te sê gehad het en hoe feministe daarop gereageer het.

Die volgende uitsprake is saamgevat in THE WOMAN QUESTION - SELECTIONS FROM THE WRITINGS OF KARL MARX, FREDRICH ENGELS, V.I. LENIN, JOSEPH STALIN (1951). In ORIGINS OF THE FAMILY, PRIVATE PROPERTY AND THE STATE (1942), herken Friedrich Engels die minderwaardige posisie van die vrou en skryf dit toe aan die instelling van private eiendom. In bourgeois-families moes vroue hulle heer en meester dien, monogamies

wees en erfgename produseer wat die familie se eiendom kon erf en uitbrei. Onder die proletariaat, aldus Engels, is die vrou nie onderdruk nie, aangesien daar geen private eiendom was wat oorgedra moes word aan erfgename nie. Hy argumenteer verder dat, aangesien die uitbreiding van loonarbeid die kleinhoewepagters uitgeroei het en vroue en kinders in die loonarbeidsmag ingetrek is saam met die mans, die gesag van die manlike hoof van die huishouding ondermyn en patriargale verhoudings vernietig is (1951:9-11).

Vir Engels, dan, is die vrou se deelname aan die arbeidsmag die sleutel tot haar emansipasie. Kapitalisme sal seksverskille uitwis en alle werkers gelyk maak. Vroue sal ekonomies onafhanklik wees en sal op gelyke voet met die mans deelneem om die proletariese revolusie teweeg te bring. Na die revolusie, wanneer alle mense werkers sal wees en privaateiendom afgeskaf is, sal vroue ten volle geëmansipeer wees van kapitaal en van mans. Hy was bewus van die probleme wat vroue se deelname aan die arbeidsmag vir vroue en gesinne beteken en wat tot gevolg het dat vroue twee nerings het, huiswerk en loonarbeid.

Na aanleiding van die dood van ene Mary Anne Walkley wat haar letterlik doodgewerk het, bewys Marx (DAS KAPITAL 1947) dat die vrou geëxploiteer word, veral vanweë die feit dat sy goedkoop arbeid verskaf en sodoende die kapitalis verder verryk. In Engeland is vroue in plaas van trekdiere gebruik om kanaalbote te sleep. Toe die masjien sy verskyning in produksie gemaak het, is die arbeid van vroue en kinders deur die kapitaliste gebruik. Die masjien as plaasvervanger is verander in 'n middel tot die vermeerdering van die getalle loonarbeiders, deur elke lid van die gesin, sonder onderskeid

van ouderdom of geslag, in te span. Verpligte arbeid het die plek van kinderspel en vrye arbeid tuis geïsurpeer. Dit het ook die verdwyning van die gesin in die proletariaat beteken, openbare prostitusie, kinders wat eenvoudig artikels van die handel en instrumente van arbeid geword het, vroue wat slegs instrumente van produksie geword het (1951:27-29).

Met betrekking tot die rol van die vrou in die stryd om vryheid, merk Lenin (WOMEN AND SOCIETY 1918) op dat die vrou nie hierdie stryd kan aanpak terwyl sy nog in 'n posisie van slawerny is en gebuk gaan onder die las van huishoudelike sleurwerk nie. In die ervaring van die vryheidsbewegings hang die sukses van die revolusie af van dié mate waarin vroue daaraan deelnaam. Dit is onmoontlik om die massa in die politiek in te trek, sonder om die vroue te betrek; want onder kapitalisme ly die vroulike helfte van die mensdom onder 'n dubbele juk. Die werkende vrou word onderdruk deur kapitalisme en is in 'n minderwaardige posisie aangesien die wet haar daarvan weerhou om gelykheid met mans te verkry. Verder is sy ook vasgevang in huislike slawerny, verdruk onder die kleinlikste, geringste en sielododendste werk in die kombuis (1951:45-46).

Stalin (A POLITICAL BIOGRAPHY 1949) sien werkende vroue as die grootste reserwe van die werkersklas. Die lot van die proletariese beweging, die oorwinning of neerlaag van die proletariese revolusie, hang daarvan af of die vrouereserwe vir of teen die werkersklas sal wees: "That is why the first task of the proletariat...is to engage in decisive struggle for the freeing of women workers and peasants from the influence of the bourgeoisie, for political education and the

organization of women workers and peasants beneath the banner of the proletariat" (1951:44). Die werkende vrou staan skouer aan skouer met die werkende man, in die gemeenskaplike taak om die industrie op te bou. Sy kan die gemeenskaplike doel aanhelp as sy polities bewus en polities opgevoed is. Maar sy kan ook hierdie doel verongeluk as sy vertrap word en agterlik bly, nie as gevolg van haar willoosheid nie, maar liever as gevolg van haar agterlikheid. Die vrou kan 'n enorme bydrae lewer in die bereiking van hierdie doel indien sy haarself bevry van haar agterlikheid en onkunde. Die teendeel is ook waar: sy kan 'n rem wees as sy 'n slaaf van onkunde bly. Vroue is die moeders wat die kinders opvoed, die toekoms van 'n volk. Hulle kan die kind se gees knak of hom voorberei op 'n gesonde gees, hom in staat stel om die volk vorentoe te lei (1951:65).

Feministe het op hierdie stellings gereageer deur te beweer dat die vrouekwessie vir die Marxiste nooit die feministiese kwessie was nie. Soos hierbo aangetoon, neem die meeste Marxistiese analises van die vrou se posisie as hul onderwerp die verhouding van vroue in die ekonomiese stelsel, eerder as die verhouding van vroue tot mans. Marxistiese analises van die vrouekwessie neem drie hoofvorme aan en al drie sien die vrou se verdrukking in verband met produksie. Die vrou word gedefinieer as deel van die werkersklas en hierdie analises maak die vrou se verhouding tot die man konsekwent ondergeskik aan die werker se verhouding tot kapitalisme: (i) Vroeë Marxiste, insluitende Marx, Lenin, Engels, Kautsky en Stalin, het kapitalisme gesien as die een ding wat die vrou binne die kring van die loonarbeidsmag ingetrek het en beskou hierdie proses as die vernietiging van seksuele arbeidsverdeling. (ii) Kontemporêre

Marxiste inkorporeer die vrou in 'n analise van die alledaagse lewe in die kapitalisme en beskou alle aspekte van die vrou se lewe as 'n reproduksie van die kapitalistiese stelsel en alle vroue as slegs werkers in die stelsel. Miskien is die reeks artikels deur Eli Zaretsky dié wat hierdie tweede Marxistiese benadering die beste illustreer. Hy argumenteer dat die huidige vorm van seksisme deur kapitaal gevorm is en dat kapitalisme nie alle vroue in die arbeidsmag geïnkorporeer het op gelyke voet met mans nie. Volgens Zaretsky het kapitaal eerder 'n skeiding tussen die tuiste, familie en persoonlike lewe enersyds en die werkplek andersyds tot stand gebring. As gevolg hiervan, het seksisme onder kapitalisme vernyniger geword (Hartmann 1981:5). (iii) Marxisties-feministe fokus op huiswerk en die relasie daarvan tot die kapitalisme; party argumenteer dat huiswerk surplus waarde produseer en dat huiswerkers direk vir kapitaliste werk. Mariarosa Dalla Costa se teoretiese analise van huiswerk is hoofsaaklik 'n argument oor die relasie van huiswerk tot kapitaal en die plek van huiswerk in 'n kapitalistiese samelewing, en nie oor die relasie van mans en vroue soos deur huiswerk voorgestel nie. Desnieteenstaande, het Dalla Costa die bewustheid van die belangrikheid van huiswerk in 'n groot mate aangewakker, deur haar bewering dat huisvroue nie slegs noodsaaklike dienste vir kapitaal verrig deur die arbeidsmag te reproduseer nie, maar ook surplus waarde deur daardie werk verskaf. Daarom dring sy daarop aan dat vroue betaling vir huiswerk moet eis (Hartmann 1981:7-8).

Die politieke implikasies van hierdie eerste Marxistiese benadering is duidelik: die vrou se emansipasie vereis in die eerste plek dat sy 'n loonwerker word soos die man en in die tweede plek dat sy saam met die

man aan die revolusionêre stryd teen die kapitalisme moet deelneem. Kapitaal en privaateiendom, so het die vroeë Marxiste geredeneer, is die oorsaak van die vrou se besondere onderdrukking, net soos kapitaal die oorsaak is van die eksploitasie van die werker in die algemeen.

Ahoewel hierdie vroeë Marxiste bewus was van die haglike posisie van die vrou in hulle tyd, was hulle blind vir die verskille tussen die man en die vrou se ervarings onder die kapitalisme. Hulle het nagelaat om op feministiese kwessies te fokus, op hoe en waarom vroue as vroue onderdruk word. Daarom het hulle ook nie die bestaande belange wat mans in vroue se voortgesette subordinasie gehad het, raakgesien nie.

Heidi Hartmann (1981:2) skryf: "The 'marriage' of marxism and feminism has been like the marriage of husband and wife depicted in English common law: marxism and feminism are one, and that one is marxism. Recent attempts to integrate marxism and feminism are unsatisfactory...because they subsume the feminist struggle into the larger struggle against capitalism. To continue our simile further, either we need a healthier marriage or we need a divorce".

Volgens Belinda Bozzoli (1983) is dit nie Marxisme self wat verantwoordelik is vir hierdie toedrag van sake nie, maar 'n sekere soort Marxisme, die soort wat die "struktuur" van die sosiale orde as beginpunt neem. Sy stel voor dat dit die hegemonie is wat strukturalisme oor Suid-Afrikaanse en feministiese studies uitgeoefen het wat dit moeilik maak vir feministe om in enige sinvolle dialoog met Marxiste te verkeer.

Marxisme is ook 'n metode van sosiale analise, van historiese dialektiese materialisme. Juliet Mitchell sê byvoorbeeld: "It is not 'our relationship' to socialism that should ever be the question - it is the use of scientific socialism (what we call marxist method) as a method of analyzing the specific nature of our oppression and hence our revolutionary role. Such a method, I believe, needs to understand radical feminism, quite as much as previously developed socialist theories" (aangehaal deur Hartmann 1981:11). Shulamith Firestone oorbrug die skeiding tussen Marxisme en feminisme deur materialistiese analise in verband met patriargie te bring. Volgens Firestone, is die dialektiek van seks die fundamentele historiese dialektiek, en die materiële basis van patriargie is die werk wat vroue doen om die spesie te reproduseer. Sy gebruik Marxisme om die vrou se posisie te ontleed, 'n feministiese gebruik van Marxistiese metodologie (Hartmann 1981:12).

Die meeste radikale Marxiste en radikale feministe verontagsaam egter 'n derde dimensie in hierdie stryd om gelykheid: rassisme. Gloria Joseph (1981:92) lewer kritiek op Hartmann se artikel: sy sê dat Hartmann se artikel oor die "ongelukkige" huwelik van Marxisme en feminisme praat, "but makes no mention in the title, and does not acknowledge in the essay, the incestuous child of patriarchy and capitalism. That child, now a full grown adult, is named racism. Thus, a more appropriate title of an article that attempts to create a theory that transcends Marxism and feminism would be 'The incompatible ménage à trois: Marxism, Feminism and Racism'".

Volgens Joseph is die vroue van wie Hartmann praat, 'n spesifieke maar

ongeëtikere en skynbaar middelklas groep feministe wat glo dat hulle gereed is om 'n weg in te slaan tot 'n meer progressiewe unie van Marxisme en feminisme. Om die prys van hierdie oortuiging te betaal, is om die realiteit van swart wees te misken. Die dimensie van rassisme is so kritiek in die lewens van swartmense dat dit spesifiek aangespreek moet word, ongeag van die doel of basis van die verhoudinge wat tussen die diverse sosiale groeperings bestaan. "Unfortunately, our society has done such an excellent job of institutionalizing racism that the internecine result has been the creation of two separate societies: one white, one black. As a consequence, when situations occur that call for coalition, solidarity, or alliance, racism serves as a wedge which prevents groups from the strategic, systematic, and protracted cooperation which is needed for the attainment of common goals" (Joseph 1981:92). (sien 3.3.3.2)

3.3 DIE SLAVIN AS BESITTE

3.3.1 Die besittersklas

Ekonomiese stratifikasie het onvermydelik gelei tot die sosiale stratifikasie van die gemeenskap en aanleiding gegee tot 'n dominante besittersklas en 'n onderdrukte besitte klas, in hierdie geval die slawe. Omdat slawe meermale beskou is as primitief en barbaars, het die besittersklas geglo in die instandhouding van 'n regime wat daarop gemik was om die slawe te dissiplineer en die sosiale orde te handhaaf. Die gevolg was 'n klassestryd wat tot die huidige dag

voortduur. Hierdie klassestryd het ontstaan as gevolg van die ongeregthede en brutaliteite teen die slawe en die gefrustreerde aspirasies van die besitte klas. Phillips, byvoorbeeld, verwys na slawerny by die Grieke en Romeine as heersende en "normale" lewensverskynsel en voeg by: "In later days the peoples and powers of Europe...employed other means of maintaining a safely stratified social order" (Ulrich Bonnell Phillips, aangehaal deur Genovese 1968:281). Die besittersklas het dan ook die regerende klas geword, met geweldige mag en beheer waardeur die status quo gehandhaaf sou word en waardeur die besitte klas onder geen omstandighede die middele en geleenthede gegun sou word om hulle los te maak uit hulle onbenydenswaardige en vasgewortelde posisie nie. 'n Verdere dimensie is tot hierdie klassestryd gevoeg, nl. rassevooroordeel, wat dit vir die besittersklas imperatief gemaak het om die heersende sosiale vorm te handhaaf. Slawerny was 'n stelsel van essensieel kapitalistiese nywerheid om al die rykdom in die hande van 'n enkele ekonomiese klas en binne sekere onderskeidende geografiese gebiede te konsentreer. Hierdie toestand was nie slegs 'n stelsel van ekonomiese ongelikheid en rasbeheer nie, maar ook 'n sosiale stelsel, 'n stelsel van klasregering.

Die besittersklas se lewe word gekenmerk deur oorfloed, 'n surplus wat liever in pakhuis opgegaan word as om dit te deel met dié wat nie het nie. Hulle etes is oordadig, selfs wanneer hulle deur liggaamlike aftakeling nie meer in staat is om dit te geniet nie. Die slavin se weldoener laat sy kos staan en kan net proe-proe aan 'n kommetjie water, "arme skepsel wat sy rykmanslewe onverbiddelik by die aanskou van soveel oorfloed uithyg" (17). In hulle pakhuis is die opgebergde olifanttande, luiperdvelle, ambergrys, skilpaddop, almal uit die

natuur geroof. In hulle voorkoms moet hulle hulle mag en status laat geld, versier met duur juwele en kleredrag wat getuig van welvaart en oorvloed. Hulle spoghuise, kultuurobjekte, dau's en samboeke is verdere uiterlike manifestasies van hulle rykdom. Hulle status laat hulle nie toe om van die een plek na die ander te stap nie, en hulle moet in draagstoele, gedra deur menslike draers, van plek tot plek vervoer word. In hierdie letterlike hoë en verhoogde posisie kan hulle dan neerkyk en neersien op die res van die mensdom, verhewe as 't ware soos 'n god wat die lot bepaal van die nietiges en onbenulliges. As gevolg van hulle posisie en mag, kan hulle die bestaande orde handhaaf deur hulle kinders hulle rykdom te laat erf en hulle weer op hulle beurt in staat te stel om die rykdom aan te vul en nog groter mag te bekom, "soos dit 'n rykmanskind betaam" (30), "soos dit 'n man van sy stand en aansien betaam" (60). Deur te erf, word die parasitiese leefwyse geperpetueer, word invloed en mag geërf en word die proses van verdrukking voortgesit. Vgl. "hierdie vernaamste erfgenaam van die kusstad se welvarendste koopman wat omrede sy vader se invloed en mag van kleins af net die beste gegee is, net die fynste wat daardie beskawing die mens maar kan bied" (89).

Die besittersklas se rykdom is nie te veroordeel nie, maar hoe hulle daaraan gekom het wel. Hulle metodes word gevoed deur inhaligheid om meer besittings en meer mag. Sonder enige gewetenskelling bekom hulle hulle rykdom en mag deur usurpasie en uitbuiting en skroom nie om selfs moord te pleeg om hulle doel te bereik nie. Hulle maak 'n bespotting van die mens se natuurlike gawes en talente en aangeleerde vaardighede wat hy aanwend vir selfbeskikking, selfvervulling, selfbehoud en die verbetering van sy lewenskwaliteit, deurdat hulle

hulle talente en vaardighede aanwend om die medemens tot voordeel van die self te eksploiteer. Op die slavin se vraag hoe haar weldoener aan sy rykdom gekom het, antwoord die vreemdeling: "So het jou weldoener te werk gegaan. Hy het oral spioene gehad en nuusdraers. Hy het dan die slawejagters en hulle stoete in 'n hinderlaag voorgelê, daar naby die kus rond, wanneer hulle almal al, gevangenes en wagte, sterwensmoeg was en min weerstand gebied het" (49). Haar weldoener was dus dubbele uitbouter en slawejagter, alhoewel hy nie self slawejagter was nie, want "die besteding is die moeite en die wins nie werd nie"; om mense te jag, beteken dat jy verliese ly, "mense...vrek soos vlieë, en moet gevoed word, en probeer ontsnap, en jou uitgaaf aan bewakers, aan kos, aan wapens, is geweldig. Menseverlies staan gelyk aan kosteverlies" (49). Die slaaf is dus 'n voorwerp, 'n handelsartikel, 'n leweloze kommoditeit wat gebruik en misbruik kan word soos enige ander besitting.

Die besittersklas vul hulle rykdom aan deur te roof, deur die lewensmiddele van ander te buit. Die vreemdeling is 'n seerower; terwyl hy handel dryf, laat hy geen geleentheid verbygaan om sy handelstogte in verdere winsgewende ondernemings te omskep nie, "ek roof voordat ek geroof word, voordat ek buit word" (49). Oorlog is "die opperste winsspeletjie" waarin die vyand gedood of onderwerp moet word ten einde sy besittings te bekom. Die jag- en slawe-ekspedisies word onderneem om mense en diere te jag, om die natuur te beroof, en met hoeveel wreedheid hierdie jag op mens en dier plaasvind, is nie ter sake nie - die doel heilig die middele! Weer word mense uitgebuit in die besonder winsgewende bordeelsake "agter die glinster en skyn van die goudhandelfirma" (44). Die stadslui word "vet van welvaart"

(102), voel hulle bedreig en moet forte en skanse bou om hulle en hulle rykdom te beskerm. Die vuil spel van materialisme bevestig hom op elke gebied van die besittersklas se bestaan: die rower word beroof, die jagter word gejag, die een se dood word die ander se brood; die een teer op die ander, daar is 'n sieklike drang om eerste nuwe handelsmoontlike te ontsluit, om "eerste die sege van groot maklike wins (te) kan vier" (75). Soos aasvoëls wag die besitters dat 'n ander besitter die gees moet gee of pad moet gee, met sluheid sal hulle aas en opraap wat daar te aas is: "...daar sal te aas wees in sy afwesigheid. Dit beteken dat die handelskontakte so sorgvuldig deur sy pa aangevoer en gesmee nou vryelik opgeraap en toegeëien sal word deur wie slu en snel genoeg optree" (44).

Omdat hulle besitters is, wil hulle nie net aardse, stoflike dinge besit nie, maar hulle selfs die geestesgoedere van ander toeëien. Hulle besittings sluit mense in, wat verhandel en bemaak kan word en wat gestroop kon word van elke sekerheid, elke anker, elke besitting wat 'n vereiste vir menswaardigheid is. Die slawekind se vrye, sorgelose, spontane kinderlewe word hom ontsê wanneer hy in besit geneem word, die individu se mees basiese vryhede word geappropriëer, sy talente en vaardighede word die besitting van die besittersklas. Wat die besittersklas nie kan besit nie, word deur hulle belaglik en bespotlik gemaak of vernietig. Dit is daarom dat die vreemdeling die rotstekeninge vernietig, omdat hy dit nie kan verstaan nie, omdat hy vanuit sy meerderwaardige posisie minagting toon vir ander kulture se voortbrenghels, maar bowenal omdat hy dit nie kan besit nie. In hulle hebsugtige soeke na meer besittings, verkeer hulle selfs in die waan dat hulle besig is met die uitvoering van 'n goddelike opdrag, dat dit

so deur 'n godheid bestem is dat hulle ryk en magtig moet wees: "Ons voel gesamentlik gelok deur daardie beloofde stad aan die voet van die berg van rooskwarts...Na die stad in die verte wat die bedoelde stad moet wees, wat sal voldoen aan alle verwagtinge..." (80, 81). Soos die Israëliete van ouds het hierdie ekspedisiegeselskap geglo dat hulle deur 'n goddelike voorsienigheid gelei word na 'n Kanaän waar hulle wêér die inheemses sal onderwerp.

Hierdie ekonomiese meerderwaardigheid en ongelykheid lei onvermydelik tot sosiale stratifikasie waarin die twee uiterstes aangetref word: dié wat het en dié wat nie het nie. Keer op keer word die besittersklas se oorfloedige rykdom teenoor die algehele ellende, armoede en mislikheid van die nie-het gestel. Hierdie welvarende stad wemel van dié op die laagste stratum van die samelewing, die bedelaars, die melaatses, dié wat deur pokke misvorm is, die lammes, kreupeles en blindes (36, 90), wat die uitgeworpenes, die verstotenes en die verbannes geword het en van aalmoese afhanklik is vir 'n soort dierlike bestaan.

Die besitters se gulsigheid en inhaligheid word deur hierdie ellendelinge weerspieël wanneer aalmoese "van die hoër vlak van die draagstoel" (90) na hulle in die modder uitgestrooi word, "...waarop die skare bedelaars gulsig soos meeuë toesak en daaroor baklei en 'n komieklike kabaal daarby opskop. 'n Skreeusnaakse goor besete lewenstryd speel hom dan in die strate aan die stad se soom af...Dis of hulle mekaar wil byt en verskeur, mekaar bloederig wil pik" (36, 37). Dit is opvallend dat hierdie geskarrel om aalmoese ook die besittersklas se paranoiëse stryd om besittings weerspieël, maar dat

die taal waarin hierdie identiese geskarrel uitgebeeld word heeltemal verskil. Vir die ellendeling is dit skandalig om te veg om oorlewing; vir die besittersklas is dit prysenswaardig om skatte te versamel, maak nie saak hoe nie.

Wanneer die besittersklas hierdie aalmoese uitdeel, is dit met 'n houding van hovaardigheid, van minagting en van verfoeilikheid: "Hy het 'n handvol geld uit sy leersak gehaal en dit van die hoër vlak van sy draagstoel na die melaatse bedelaar wat langs die pad gesit het, gesmyt sonder om na die man te kyk. Party muntstukke het die man in sy gespanne gesig getref" (89, 90). Vir die besitters is hierdie uitdeel van aalmoese nie 'n gewetensaak nie, nòg word dit om humanitêre redes gedoen. Dit is in die eerste plek maar net nog 'n manier om hulle mag te laat geld en die "armstes der armes" (19) ook 'n soort besitting te maak. Volgens Pierre Bourdieu is die gee van geskenke 'n vorm van simboliese geweld, veral as so 'n geskenk nie met een van gelyke waarde aan die skenker gegee kan word nie: "For giving is also a way of possessing; a gift which is not met by a counter-gift, or which cannot be met by a counter-gift of comparable quality, creates a lasting bond and obliges the debtor to adopt a peaceful, co-operative attitude" en is 'n manier om dominansie en die status quo te handhaaf (aangehaal deur John B. Thompson 1984:56). Daardeur verseker die besittersklas dat die ellendiges uit erkentlikheid nie oproerig sal raak en hulle magsposisie sal bedreig nie. Dieselfde geld vir die geskenke wat die slavin ontvang het; daarom kan sy praat van "die sarkasme van geskenke" (22).

In sy inleiding tot Fanon (1963:13), skryf Jean-Paul Sartre: "In the

case of forced labour...there is no contract; moreover, there must be intimidation and thus oppression grows..." Die slawe was ongetwyfeld die besittersklas se "kosbaarste" besittings. Wanneer 'n slaaf eenmaal vir "n belaglike bedraggie" gekoop is,¹ het hy arbeid sonder betaling verskaf en kon hy gedwing word om enige taak of opdrag uit te voer. Omdat sy arbeid onbetaalde arbeid was, is die besitter daardeur verder verryk deurdat sy uitgawes tot 'n minimum beperk is. Verder het dit ook beteken dat die slaaf arbeid moes verrig waardeur sy uitgebuite posisie gebruik is om ander uit te buit; hy is ingespan om ander slawe te jag, te brutaliseer en te ontmenslik; die verdrukke word self 'n verdrukker omdat hy daartoe gedwing is, en onmin onder die geleedere van die besitte klas groei tot voordeel van die besittersklas.

3.3.2 Slawerny

Ten einde die slavin se posisie as besitte beter te belig, is dit nodig om 'n oorsig te gee van slawerny soos dit bedryf is gedurende die 400 jaar wat gestrek het vanaf die 15de tot die 19de eeu.

Tot onlangs het ons kennis van slawerny bestaan uit wat wit navorsers daaroor te sê gehad het. In sy inleiding tot W.J. Cash se studie, *THE MIND OF THE SOUTH* (1971), skryf Dennis Brogan byvoorbeeld: "One last weakness in *THE MIND OF THE SOUTH*, more and more obvious today, is the almost complete neglect of the Negroes. 'The South' is the white South. Cash considers the rights and wrongs of the freedmen hardly more than a Spartiate would have done. He disliked many forms

of Southern demagogy. But this is a white man's picture of a white man's problem" (p.13). Dit is veral swart Amerikaanse navorsers, byvoorbeeld Davis (1971, 1981), Herbert Gutman (1976), Barbara Wertheimer (1977), die eerstehandse inligting verskaf deur Charles Ball (1836) en Moses Grandy (1844) en Calvin Hernton (1965), wat ons kennis omtrent hierdie skandvlek van die mensdom 'n meer gebalanseerde perspektief gegee het en dikwels bestaande mites omtrent die slaaf se willoosheid, dierlikheid, onbeskaafdheid, onnoselheid en luiheid aan die kaak gestel het.

Van oudsher af bestaan daar by die mens die drang om "baas" te wees en regte en voorregte vir hom toe te eien wat die ander se regte en voorregte usurpeer. In die vroegste opgetekende geskiedenis van die mens vind ons dat slawerny voorgekom het en sedertdien in die verskillende eras en beskawings van die mensegeskiedenis sy lelike kop uitgesteek het. Die verskillende beskawings het elk 'n verskillende houding ten opsigte van die slawe gehad, maar één konsepie van slawe kom by byna almal voor, nl. dat slawe diere of nie-menslik was of soveel dierlike eienskappe besit het dat hulle nie soos mense behandel hoef te word nie. In die "moderne" geskiedenis van slawerny is hierdie konsepie nie minder gehuldig nie, vandaar die ontmensliking en brutalisering wat daarmee gepaard gegaan het. Die Europeërs het nou Swart Moeder Afrika as onuitputlike bron van slawe beskou en die slawe gemeet aan hulle eie sg. verhewe waardes en tot die slotsom gekom dat die slawe nie-menslik was.

Dit is 'n feit dat die mense van Afrika in die eerste plek aan hulle etniese eienskappe gemeet is en dat daar besluit is dat hulle in

voorkoms dierlik is en nie op dieselfde trap van die evolusieleer as die Europeërs gestaan het nie. Rassevooroordeel, gegrond uitsluitlik op voorkoms, het in hierdie tydperk miskien sy grootste neerslag gevind. Keane het byvoorbeeld in 1896 geskryf dat swart slawe se inherente verstandelike minderwaardigheid, byna meer opvallend as hulle minderwaardige fisiese voorkoms, op fisiologiese oorsake berus (Davidson 1961:26). Verskeie Europeërs het geglo dat die Afrika-mense soos bobbejane in die bome rondgeklouter het, dat hulle soos bobbejane lyk en dus dieselfde mentaliteit as bobbejane het.

Hierdie "dierlike" voorkoms van die Afrika-mense het onvermydelik daartoe gelei dat die Europeërs en ander volke geglo het dat hulle leefwyse ook dierlik is, en die Sambo-beeld van die Afrika-mens word deur verskeie skrywers gehuldig. So vroeg soos die 14de eeu het 'n gesofistikeerde geleerde, Ibn Khaldun, geskryf: "Negroes are in general characterized by levity, excitability and great emotionalism. They are found eager to dance whenever they hear a melody. They are everywhere described as stupid...The Negro nations are, as a rule, submissive to slavery, because (Negroes) have little that is essentially human and have attributes that are quite similar to those of dumb animals" (aangehaal deur Genovese 1968:75). In ongeveer 1447 het 'n Italianer, Antonio Malfante, omtrent die swart mense van Afrika geskryf: "(They) are in carnal acts like the beasts: the father has knowledge of his daughter, the son of his sister. They breed greatly, for a woman bears up to five at a birth. Nor can it be doubted that they are eaters of human flesh" (aangehaal in Davidson 1961:23). Hierdie konsepie van die "kannibalistiese" aard van die swartmens word so onlangs nog soos 1987 deur Wilbur Smith in sy roman RAGE

gehuldig, en dit met betrekking tot die swartmense van Suid-Afrika van 1976. In die huidige geskiedenis van Suid-Afrika byvoorbeeld, word die "halssnoermoorde" ook toegeskryf aan die "dierlike" aard van die swartmens. Dit laat 'n mens wonder hoeveel van hierdie brute metodes die Afrika-mens deur sy Europese "opvoeding" van die Europeërs geleer het, veral as jy in gedagte hou dat moord op die brandstapel die geïnstitusioneerde teregstelling was, of dat miljoene mense in die Tweede Wêreldoorlog met die wete en medewete van die res van die "beskaafde" Europa aan hulle einde gekom het op maniere wat in brutaliteit en dierlikheid die verstand te bowe gaan. Selfs die sg. "terreurdade" word vandag gepleeg met Europese wapens.

Natuurlik sou hierdie konsepsies lei tot konsepsies omtrent die swart slaaf se intellek. Rassevooroordeel het ingesluip toe die Europeërs hulle materiële belange wou regverdig deur die minagting wat hulle vir die slawe getoon het, dit wil sê, vir mense aan wie onnatuurlike minderwaardigheid die voorkoms van natuurlike minderwaardigheid gegee is. Niemand anders nie as Thomas Jefferson, derde president van die V.S.A. (1801 - 1809), het in sy vergelyking tussen die Negers en die witmense tot die gevolgtrekking gekom dat die swartmense se intellek veel laer is as dié van die witmense en dat hulle in verbeelding "dull, tasteless and anomalous" is; Richard Burton het gesê dat die Afrika-mens verstandelik nie verder ontwikkel as die kindstadium nie (albei aangehaal deur Davidson 1961:25, 26). Imlay White, 'n tydgenoot van Jefferson, het só op laasgenoemde se uitlatings gereageer: "Now I beg to know, what can be more uncertain and false than estimating and comparing the intellect and talents of two descriptions of men: one enslaved, degraded and fettered in all their acts of

volition...the other free, independent and with the advantage of appropriating the reason and science which have been the result of the study and labours of the philosophers and sensible men for centuries back?" (aangehaal deur Davidson 1961:25).

Dit is dan as gevolg van hierdie drie konsepsies van die swart slawe (etniese minderwaardigheid, dierlike leefwyse en lae intellek) dat die slawejagters en -eienaars aangespoor is om die onmenslikste brutaliteite op die slawe toe te pas - slawe is ontman, drosterslawe se voete is afgekap, 'n slaaf se tong is uitgesny as hy dit gewaag het om die slawe-eienaar of toesighouer te kritiseer, lyfstraf van die ergste graad is uitgedeel, dikwels is slawe doodgeslaan vir die geringste oortreding en dit was as geregverdigde moord beskou; slawe is soos diere gebrandmerk, die geringste teken van opstand is op die wreedaardigste maniere onderdruk. 'n Franse goewerneur van die eiland Martinique word aangehaal: "I have reached the stage of believing firmly that one must treat the Negroes as one treats beasts". Gilberto Freyre skryf met betrekking tot slawerny in Brasilië van die wydverspreide moorde op slawe deur vertoornde eienaars, van geneeshere wat omgekoop is om doodsertifikate te vervals en van die polisie wat deur die besittersklas, die senhores, beheer is, geensins 'n onbekende verskynsel vandag nie (beide aangehaal deur Genovese 1968:80).

Die haglikste omstandighede waaronder die slawe na die slawemarkte van die wêreld vervoer is, word verwoord deur 'n Engelsman, ene Walsh, wat in 1829 die Atlantiese Oseaan oorgesteek, op 'n slaweskip afgekom en aan boord gegaan het. Die menslike vrag het bestaan uit 505 slawe en slavinne; gedurende die 17 dae ter see is 55 lyke oorboord gegooi en

die oorblywendes "...were all enclosed under grated hatchways, between decks. The space was so low that they sat between each other's legs, and stowed so close together, that there was no possibility of lying down, or at all changing their position, by night or by day. As they belonged to, and were shipped on account of different individuals, they were all branded like sheep, with the owners' marks of different forms. These were impressed under their breasts, or on their arms, and, as the mate informed me with perfect indifference, burnt with a red hot iron..." (aangehaal deur Davidson 1961:13). Walsh het uitgevind dat elkeen van hierdie gebrandmerkte slawe slegs een vierkante voet sitspasie gehad en aan 'n dodelike gebrek aan water gely het. Hy is nogtans meegedeel dat hierdie slaweskip een van die bestes was. Alex Haley beskryf in ROOTS (pp.149-184) die haglike omstandighede van hierdie reise na die Nuwe Wêreld: te midde van hulle eie uitskeidings, vomering, stank, luise, vlooie en rotte, moes die slawe in hierdie beperkte ruimte bly sit. Behalwe die koors en ander aansteeklike siektes wat onder die slawe uitbreek het, moes hulle ook nog die pyn en ongerief van swerende wonde, toegedien deur die sweep, verduur. Dit is dan ook geen wonder dat daar vandag in Amerika die standpunt gehuldig word dat die nageslagte van hierdie slawe wat die foltering oorleef het, van 'n buitengewone sterk en taai kwaliteit is nie.

Die slawekwartiere by die verskillende eienaars was niks beter as die stalle van die eienaar se diere nie, soms was dit "tight, often windowless, escape-proof cabins" (Genovese 1968:160). Die gesinslewe is ontwrig deur die afsonderlike verkwanseling van die gesinslede. Die slawe-eienaar en sy toesighouers kon en het die slavinne na wil en

luim verkrag, dikwels in die teenwoordigheid van die eggenoot wat hulpeloos moes toekyk (Joseph 1981:94 en Davis 1981:5-7). Arbeid was "from can't see to can't see" (van vóór sonsopkoms tot ná sonsondergang), sodat die kinders wat wel toegelaat is om by hulle ouers te bly, die gemis aan ouerlike toesig, liefde en geborgenheid ervaar het. Die kinders is deur hulle verkwanseling ontnem van hulle sorgvryheid en spontaneïteit, die vrou van die beoefening van haar natuurlike moederinstinkte en die man van sy posisie as hoof van die huishouding. Arbeid was onbetaalde arbeid en die enigste vergoeding waarop die slawe kon staatmaak, was 'n dak oor hulle koppe, voedsel en klere, hoe karig ook al. Hulle was die eiendom van die besittersklas en met hulle kon gemaak word soos die besitter goedgevind het, sonder inmenging van die gereg.

Hierdie brutalisering was nie net fisies van aard nie. Die slawe is verbied om hulle eie taal te besig, om hulle geboortename te behou, om hulle godsdiens te beoefen, om hulle kultuur te handhaaf; met ander woorde, 'n proses van algehele ontmensliking was aan die gang. Hierdie fisiese en geestelike brutalisering het ten doel gehad om die slawe heeltemal te ontmenslik, om die laaste bietjie weerstand te blus, om hulle willoos te maak en soos robotte te laat optree, om hulle gees te knak, hulle te degradeer en hulle te reduceer tot 'n status laer as dié van diere. Hulle is alle vorme van vryheid ontsê, bowenal die vryheid om mens te wees.

Die ontmaning van die slawe is geregverdig deurdat die slawe-eienaars gevrees het dat, as gevolg van die slawe se "dierlike" aard, hulle die eienaar se vrou en dogters sou verkrag. Die mite van die swartman as

die tipiese verkragter word tot die huidige dag gehuldig. Diana Russell skryf byvoorbeeld: "If some black men see rape of white women as an act of revenge or as a justifiable expression of hostility toward whites, I think it is equally realistic for white women to be less trusting of black men than many of them are" (aangehaal deur Davis 1981:180). Winfield H. Collins word ook deur Davis aangehaal met betrekking tot die mite van die swart verkragter: "Two of the Negro's most prominent characteristics are the utter lack of chastity and complete ignorance of veracity. The Negro's sexual laxity, considered so immoral or even criminal in the white man's civilization, may have been all but a virtue in the habitat of his origin. There, nature developed in him intense sexual passions to offset his high death rate" (Davis, p.181).

Shulamith Firestone gaan selfs verder en invokeer die Bybelse idee dat die rasse niks meer as die verskeie ouers en spruite van die Familie van die Mens is nie en ontwikkel 'n stelsel waarin die witman as die vader, die witvrou as die vrou en moeder en die swartmense as die kinders gedefinieer word. Verder transponeer sy Freud se teorie van die Oedipus-kompleks in rasseterme en impliseer dat die swartman 'n onbeheerste drang tot seksuele verhoudings met die witvrou het, dat hy die (wit) vader wil vermoor en gemeenskap met die (wit) moeder wil hê. "In addition, due to his virulent hatred and jealousy of her Possessor, the white man, he must lust after her as a thing to be conquered in order to revenge himself on the white man" (aangehaal deur Davis 1981:181). Weer val dit op hoe die swartman se verkragting van die witvrou teenoor die witman se verkragting van die swartvrou gestel word: die een word verdoem, in terme van sy ras beskryf en

sels sielkundige verklarings vir sy optrede gevind; die ander word gekondoneer omdat die swartvrou se "promiskuïteit" daarvoor verantwoordelik is.

Met betrekking tot slawerny, moet die volgende ten slotte bygevoeg word: Europeërs het hulle probeer verontskuldig deur te beweer dat slawerny 'n ingeburgerde gebruik in Afrika was en dat hulle dit maar net 'n meer winsgewende bedryf vir die stamhoofde en heersers van Afrika gemaak het deur 'n bydrae te lewer tot die ekonomiese vooruitgang van hierdie vasteland (Fage 1969:393). Dat daar slawerny by die verskillende stamme bestaan het, is 'n feit, maar "slaaf" het 'n heel ander betekenis in Afrika gehad as wat die Westerlinge daaraan gegee het. Rattray (aangehaal in Fage 1969:394) en Haley (1976:55, 56) illustreer dat in Afrika mense op verskillende maniere slawe geword het: dié wat van slawemoeders gebore is; dié wat gedurende die hongerseisoen in die trope hongersnood in die gesig gestaar het en iemand gesmeek het om hulle as slawe in diens te neem in ruil vir voedsel en deksel; dié wat slawe geword het omdat hulle nie dapper genoeg was om eerder te sterf as om deur die vyand gevange geneem te word nie. Alhoewel hulle slawe was, was hulle almal gerespekteerde mense wie se regte gewaarborg is deur die wette van die voorvaders. Elke slawe-eienaar was verplig om sy slawe te voorsien van voedsel, klere, 'n huis, 'n huiweliksmaat, 'n stuk grond wat hulle om die helfte met die eienaar kon bewerk. Slegs die verfoeilikes, die moordenaars, dieve en ander misdadigers, kon lyfstraf ontvang. 'n Slaaf in Afrika het ook nie altyd 'n slaaf gebly nie en kon sy vryheid terugkry deur met een van die lede van sy eienaar se gesin te trou. R.S. Rattray het byvoorbeeld 'n ontleding gemaak van slawerny in die Ashanti-

samelewing en tot die slotsom gekom dat die regte van die Ashanti-slaaf nie verskillend was nie van "the ordinary privileges of any Ashanti free man, with whom, in these respects, his position did not seem to compare so unfavourably" en gaan voort om die "condition of voluntary servitude" as die erfenis van elke Ashanti te beskryf. Archibald Dalziel het omtrent die naburige Dahomie geskryf dat al die inboorlinge slawe van die koning was (Rattray en Dalziel albei aangehaal deur Fage 1969:394). Wat die Weskus van Afrika betref, kon Rodney (1966:431) geen getuienis vind vir die verhouding tussen die bestaan van 'n eksterne aanvraag na slawe en 'n interne slawehandel nie. Hy kon geen getuienis vind vir interne slawerny langs die Guinese kus vanaf die Gambië tot by die huidige Liberië nie: "There was no sizeable class of men, and no indigenous trade in men, which could serve as a landing-pad for the Atlantic slave trade. In this part of West Africa at least, a class society involving slaves and trade in them was a consequence of the European demand for slaves for the Americas, and not an indigenous feature upon which an export trade could be built up".

3.3.3 Die vrou as slaaf

Slavinne is geensins as gevolg van hulle geslag vrygeskeld van die behandeling wat aan alle slawe uitgedeel is nie, en kon net so goed geslagloos gewees het. Net soos die slawe, moes die slavinne op die landerye swoeg van voor dagbreek tot na sonsondergang, net soos die slawe was hulle onderworpe aan lyfstraf, net soos die slawe is hulle op verskillende maniere ontmenslik. Hulle was "eenderse werkseenhede"

en die slawe-eienaar het verwag dat hulle net so "manlik" soos die slawe in die uitvoering van hulle opdragte moes wees. Hierdie geslagloosheid word verder uiterlik bevestig: "In twee lae hutte met ingesakte dakke woon ons, die slawe, almal saam, nie volgens geslag geskei nie" (21). Terwyl daar op alle vlakke stratifikasie en klassifikasie was, was die slawe 'n ironiese klaslose gemeenskap, waarin mans en vroue gelyke "regte" gehad het. Wat seksuele misbruik betref, is dit dan ook geen wonder dat die slavin die slawe beny nie: "Ek beny die slawe wat van dié soort diens vrygskeld word. Dit bring tog 'n soort vryheid mee om ontman te wees..." (21). Sy verkies om liever 'n eunug te wees as om die foltering en vernedering van haar vrouwees deur te maak.

Die slavin is 'n vierdubbele onderdrukte: eerstens vanweë die mens se algemene drang om ander te onderdruk; tweedens vanweë haar vrouwees; derdens vanweë haar posisie as slaaf; vierdens vanweë haar ras; dus die ideale slagoffer van die besittersklas. Meer as die manlike slawe, was slavinne blootgestel en onderworpe aan gruwels wat slegs op vroue toegepas kan word: seksuele eksploitasie en misbruik. Selfs swanger vroue is nie vrygskeld van lyfstraf en verkragting nie. Eerstehandse getuienis van die behandeling van slavinne word verskaf deur Moses Grandy, 'n slaaf in die V.S.A. in die 19de eeu: "On the estate I am speaking of, those women who had sucking children suffered much from their breasts becoming full of milk, the infants being left at home. They therefore could not keep up with the other hands; I have seen the overseer beat them with raw hide, so that the blood and milk flew mingled from their breasts" (aangehaal deur Davis 1981:9).

Swanger vroue is nie net verplig om die normale plantasiewerk te verrig nie, hulle kon ook verwag om die lyfstraf te ontvang wat gewoonlik aan alle werkers uitgedeel is wat nie die dag se kwota kon behaal nie. Weer lewer Moses Grandy verslag: "A woman who gives offense in the field, and is large in a family way, is compelled to lie down over a hole made to receive her corpulency, and is flogged with a whip or beat with a paddle which has holes in it; at every stroke comes a blister. One of my sisters was so severely punished in this way, that labor was brought on, and the child was born in the field. This very overseer, Mr Brooks, killed in this manner a girl named Mary. Her father and mother were in the field at that time" (aangehaal deur Davis 1981:9).

Op die plase en plantasies waar swanger vroue met meer genade behandel is, was dit nie om humanitêre redes nie. Dit was slegs omdat die slawe-eienaar die monetêre waarde van 'n lewendiggebore slawekind besef het. Die slavin en haar vriendin is byvoorbeeld dankbaar dat hulle by hulle eienaar kon aanbly tot na die geboorte van hulle kinders en beskou dit as "vaderlikheid" en "menslikheid", min wetende dat hulle aan hom 'n bykomende bron van inkomste verskaf en sy besitterstatus daardeur bevorder het.

3.3.3.1 "Die verrukking en die foltering"

As besittings moes die slavinne te alle tye gereed wees om die eienaar se dierlike drange te bevredig, "van ligdag tot laatnag sloof ons ons vir hom af...snags is dit bene oop vir die eienaar op sy beswete

karos" (21). Jong slavinne word deur die oueres geïnisieer in die kuns om die eienaar te bevredig, sodat hulle "die verrukking en die foltering sal onthou" (13); met ontmaagding "snak (jy) na asem van pyn en van wat seker ekstase is" (39). Dit word hieruit duidelik dat die slavin as besitte gedwing is om 'n masochis te wees, as 'n mens in gedagte hou dat masochisme gedefinieer word as: "the condition in which sexual gratification depends on suffering, physical pain, and humiliation; gratification gained from pain, deprivation, etc. inflicted or imposed on oneself, either as a result of one's own actions or the actions of others, especially the tendency to seek this form of gratification" (RANDOM HOUSE DICTIONARY OF THE ENGLISH LANGUAGE). Dit word geïmpliseer dat die slavin haar lyding geniet en doelbewus daarna soek. As besitte het sy egter geen keuse nie, en word haar lyding verdubbel deurdat sy deur lyding gedwing word om te ly.

Die slavin se lyding moet in verband gebring word met die lyding van alle vroue. Dikwels word vrouegedrag gebruik as bewys vir hulle inherente masochisme, hulle "siekte", terwyl dieselfde gedrag by mans as bewys dien vir hulle manlikheid. 'n Sosiale waarde word aan elke aktiwiteit toegeskryf. Die beskouing dat die vrou pyn en lyding nastreef, dat sy 'n ingebore behoefte het aan ellende, vergiftig elke aspek van die vrou se bestaan. Sy word gedwing om skaam te wees oor haar vroulikheid en om haarself te blameer vir alles wat in 'n verhouding skeef loop.

Die Amerikaanse sielkundige, Paula J. Caplan (1985:8), het in haar navorsing oor die mite van die vrou se masochisme tot verskillende

onthullende gevolgtrekkings gekom. Sy het uitgevind dat prostitute - en hier moet weer beklemtoon word dat die slavin as 'n prostituut beskou en behandel is - wat dikwels deur kliniese sielkundiges as "masochisties" bestempel word, geen genot put uit die pyn en vernedering van hulle promiskuiteit nie. Hierdie prostitute het gehou van die geld wat hulle uit hulle bedryf gemaak het, die mag wat dit hulle oor hulle kliënte gee en die bewondering wat hulle soms ontvang vir hulle liggame en seksuele vaardighede. Vgl. die slavin: "Veral leer ek behae skep in hoe om begeerlik te lyk en in die vanselfsprekend veronderstelde mag wat ek tot eie voordeel in die kamer van my weldoenereienaar kan uitoefen" (26). Party van die prostitute met wie Caplan onderhoude gevoer het, het selfs gesê dat hulle gehou het van alles van daardie soort lewe, behalwe die mans met wie hulle gemeenskap gehad het. Vgl. die slavin: "Party van ons verwelkom dit. Ek nie. Hy is log en grof" (21). As gevolg van haar posisie as slaaf moet sy die leegheid en lae selfwaarde, haar verarmde agtergrond, op 'n manier probeer te bowe kom, en dit deur die foltering te verduur en masochisties te wees. Dwarsdeur die geskiedenis moes vroue dikwels lyding verduur om te kry wat hulle wou hê, maar dit het nie beteken dat hulle wou ly nie. Hulle was dikwels in situasies wat hulle ongelukkig gemaak het, maar kon geen manier vind om hulle daaruit te bevry en na beter toestande te beweeg nie. Vgl. die slavin wat liever verkies om 'n besitting te bly as om haar vryheid te soek: "Ek het my al probeer indink in 'n soort bestaan waarin ek nie 'n besitting is nie, maar dit geval my nie maklik nie" (53).

Hierdie mite van die vrou se masochisme het 'n tweeledige doel: dit veroorsaak dat beide mans en vroue glo dat vroue onvermydelik

patologies is en dit is 'n magtige versperring teen enige sosiale aksie om vroue te bevry uit hulle gebondenheid. As gevolg van hierdie mite, word vroue se probleme toegeskryf aan hulle diepgewortelde sielkundige behoeftes en nie aan die sosiale instelling wat in werklikheid die primêre oorsaak van hulle probleme is nie (Caplan 1985:10). Die mite het bygedra tot die regverdiging van die beskouing dat vroue gepaste teikens is van spot, van seksuele verdingliking en ontmensliking, as gepaste instrumente vir die uitvoering van die samelewing se take wat 'n lae status het, as die teikens van verbale degradasie en fisiese misbruik.

Die slavin en trouens alle vroue se sg. masochisme is in werklikheid 'n poging om geluk te verdien deur hard daarvoor te werk, die vrou se vermoë om ander se geluk bo haar eie te stel en 'n poging om straf, verwerping en skuldgevoelens te vermy (Caplan 1985:14). Die slawe-eienaars se misbruik van die slavinne was nie 'n uitdrukking van hulle seksdrange nie; dit was nie slegs 'n manier om seksuele bevrediging te vind by gebrek aan hierdie bevrediging aan die kant van hulle eggenotes nie. Dit was 'n wapen van dominansie, van onderdrukking, met die verskuilde doel om die slavinne se weerstand te blus en in die proses die manlike slawe te demoraliseer. As slavinne 'n gevoel van hulle eie sterkte behou het en 'n sterk drang ontwikkel het om weerstand te bied, dan sou gewelddadige seksuele aanranding hulle herinner aan hulle essensiële en onveranderlike vrouheid. In die manlike meerderwaardigheidsvisie van die tydperk, het dit passiwiteit, aanvaarding en swakheid aan die kant van die vrou beteken. Dit word selfs beweer dat slavinne hierdie behandeling verwelkom en die seksuele aandag van hulle eienaar saangemoedig het. As Caplan se

navorsing haar tot die ontdekking gebring het dat vroue hulleself begin minag het, nie slegs as vrou nie maar ook as mens (Caplan 1985:10), dan kan 'n mens tot die gevolgtrekking kom dat slavinne se minagting vir hulleself selfs groter was.

Die slavin as besitte en dus as misbruikte seksobjek, moet ook in verband gebring word met die pop wat sy by haar gehad het toe sy gevange geneem is. In hoofstuk 2 is verwys na die pop as vooruitwysing na haar rol as "reproducer of producers". 'n Ander dimensie kan daarby gevoeg word: soos Simone de Beauvoir (1953:267) opmerk: "One is not born, but rather becomes, a woman". Die mees basiese simbool van hierdie prosedure is die pop of model, 'n ikoon wat strek vanaf die patriargale mite van Pandora tot by die moderne miniatuur seksobjek, die Barbie-pop. Verder is hierdie ikoon die pornografiese objek se mees kwintessensiële vorm: "Pornography is replete with images and evocations of the 'doll', an actual plastic copy of a woman, made to replace a woman, and to give a man pleasure without the discomfort of female presence" (Susan Griffin, aangehaal deur Caputi 1987:176). Die pop is so 'n klassieke ikoon van patriargale en pornografiese kultuur, want dit dien nie slegs om die eens gewyde vroueliggaam en -beeld te profaneer nie, maar ook omdat dit so suiwer die mangemaakte vrou uitbeeld, die ware model, die ware objek om besit te word. As die pop - die volmaakte plastiekillusie van 'n vrou - sentraal is aan die manlike terrein van pornografie, so is dit ook, as model/mannekyn, 'n elementêre toebehore van vroulike modes. Die vrou word aangemoedig om die mannekyn haar model te maak, sy word as 't ware gedwing om te konformeer aan daardie pornografiese ideaal van skoonheid. Dit word van haar verwag om kunsmatig te wees

en om haar natuurlike liggaam en skoonheid te skend.

Die slavin se pop was "gemaak van basvesels, die pop het krale om die nek gehad, die kop was 'n knots" (98). Meer as enigiets anders, is hierdie beskrywing 'n vooruitwysing na haar posisie as besitte: sy kon net so goed gemaak gewees het van basvesels, organiese stof, maar leweloos, gevoelloos, ontbeerlik, 'n weggooihouer, 'n kommoditeit wat uitgedien kan raak. Sy is die willose, inisiatieflose, nie-denkende pop met haar kop "n knots". As pop moet sy mooi wees, versier met krale, 'n kunsvoorwerp. Dit is dan ook waarom haar weldoener na haar naakte liggaam kyk "soos 'n mens 'n mooi sonsondergang beskou" (25). Sy is 'n mooi speelding, maar stom, "uitruilbaar, verruilbaar" (22), met geen keuses nie, wat haar opmerking heeltemal weerlê: "Ek ag my 'n gelukkige bevoorregte, sonder regte maar nie heeltemal sonder keuse nie" (55). In populêre liedere² word die vrou dikwels met 'n pop geassosieer; met ander woorde, sy moet uiterlik mooi wees, maar verder moet sy niks anders besit nie - geen verstand, geen spraak, geen denke, geen begeertes en wense en geen eise stel nie, en as sy nog boonop 'n slavin is, word hierdie menslike attribute en emosies totaal misken. Dit is dan ook geen wonder dat versteurde moordenaars soos die legendariese "Jack the Ripper" en seksmaniakke al hul frustrasies, drange en moorddadige neigings op 'n pop projekteer en die vermoorde vroueliggaam dikwels deur die moordenaar stuk vir stuk verbrokkel word nie (Caputi 1987:177).

3.3.3.2 "Eenderse werkseenhede"

Alreeds word daar in die taalgebruik aangedui hoe volkome die slavin 'n besitting is. Sy en haar medeslawe/-slavinne is "eenderse werkseenhede", tussen hulle is daar geen klasseonderskeid en geen onderskeid tussen die geslagte nie, maar belangriker, hulle is "werkseenhede", waarin die menslike aspek, individualiteit en uniekheid heeltemal ontken word en elkeen slegs bestaansreg het ten opsigte van die mate waarin hulle die rykes ryker kan maak. Terwyl die besittersklas ekonomiese en sosiale klasse skep, is dit nie in hulle belang om klasse onder die slawe te skep nie.

Soos reeds in die eerste hoofstuk aangedui, is dit 'n mite dat slavinne slegs huisbediendes en "mammies" vir die kinders van die groot huis was. Hulle het inderwaarheid 'n multidimensionele rol, soos die hedendaagse vrou, gespeel, deurdat hulle eerste plig teenoor die eienaar was en hulle onbetaalde arbeid aan hom behoort het; verder het hulle binne die slawegemeenskap ook hulle rol as vrou, moeder, huishoudster, kok, e.d.m. volgestaan. Die feit is dat slavinne net so hard op die landerye gewerk het as die mans. Die verteller-slavin was, soos die ander slawe, 'n plantasiewerker: "Ek gee nie om om in die moordende hitte met kapmes en pik in sy tuin te swoeg en dit om sy mangobome en jamranke skoon te hou nie" (21). Daarbenewens was sy 'n huiswerker en is dikwels deur die huisvrou verder mishandel en verneder: "Ek gee nie om om voor die herd te staan nie...Ek gee nie om om sy huis onder toesig van sy feekserige vrou aan kant te maak, haar uitdrukkingloos te gehoorsaam nie" (21). In die slavin se arbeid het die besitter 'n ander vorm van wins gesien: sy was 'n meer

winsgewende proposisie omdat dit minder gekos het om haar te onderhou en te kapitaliseer.

In verband met hierdie deelname aan die arbeidsmag, moet daar ingegaan word op die verskil in die geskiedenis van die swart vrou en dit wit vrou. Die ervaring van slawerny het 'n ironiese bydrae gelewer tot man-vrou-gelykheid. In hulle arbeid in die eienaar se woonhuis of op die landerye, is slawe en slavinne op gelyke voet behandel, ontmenslik en gebrutaliseer. Die spesifieke fisiese manier van brutalisering was verskillend as gevolg van biologiese verskille: Mans kon ontman word en vroue se babas uit hulle baarmoeder geslaan word, maar die gelykmaker was brutaliteit. Die implikasies vir 'n nageslag is geweldig: dit was die bewuste afbreek van die natuurlike "ketting van vrugbaarheid".

Die opgetekende geskiedenis van slawe en slavinne op die gebied van arbeid openbaar dus dat die eienaardige instelling van slawerny 'n ewe eienaardige rol gespeel het in die totstandkoming van gelykheid tussen swart mans en vroue, in teenstelling met die ongelykheid wat onder wit mans en vroue gekweek is. Angela Davis (1971:5) merk op: "...to extract the greatest possible surplus from the labor of slaves - the Black woman had to be released from the myth of femininity. In the words of W.C.B. DuBois, '...our women in black had freedom contemptuously thrust upon them'. In order to function as slave, the black woman had to be annulled as woman; that is, as woman in her historical stance of wardship under the entire male hierarchy. The sheer force of things rendered her equal to her man". Dit is waarom die slavin kan opmerk hoe "ontmenslik" die slawe optree, aangesien sy

self ontmenslik is deur brutale behandeling. Die stiltes van die teks is sprekende getuienis daarvan.

Volgens Ampie Coetzee (1988:16) is die belangrikste verhoudings dié tussen teks en geskiedenis en teks en leser, en bestaan 'n (literêre) werk nie uit idees wat los staan van die geskiedenis nie. Dus, alhoewel die slavin se bestaan as "besitte" die indruk skep van "snoesige geborgenheid" en van 'n "maklike indolente bestaan", moet haar posisie as slavin hierdie opmerkings weerlê, veral as haar verskriklike angs in aanmerking geneem word.

Om vroue kategorieë te bespreek, is om die realiteit van die werking van rasseverhoudings binne die vrouekwessie heeltemal te verontagsaam. Die geskiedenis toon baie duidelik waarom swart en wit vroue vandag onder geslagsongelykheid ly. 'n Mens moet egter besef dat die swartvrou in die hedendaagse samelewing minstens soveel gemeen het met swart mans as met wit vroue. Die gedeelde en gelyke onderdrukking van swartes dien as die groot gelykmaker in rasseverdrukking.

Radikale feministe word gekrediteer met die dokumentasie van die slagspreuk: "die persoonlike is polities". Dekades lank het swartes dieselfde wysie gesing. Swart ontevredenheid is nie die neurotiese lamentasie van die wanaangepaste nie, maar 'n reaksie op 'n sosiale struktuur waarin swartes sistematies gedomineer, geëksploiteer en onderdruk word. 'Die persoonlike is polities' is nie 'n pleidooi vir subjektiwiteit nie - dit is 'n eis om wit manlike mag en swart onderwerping as 'n sosiale en politieke realiteit te sien.

3.3.3.3 "Vir my eienaar bestaan ek nie meer nie"

Die vrou as slaaf en besitting was ook 'n teler, soos die veeboer sy stoetdiere sal beskou. Aangesien slawerny 'n winsgewende bedryf was waarin mans, vroue en kinders werkseenhede was, is dit nie verbasend dat daar van slavinne as besittings verwag is om so dikwels as wat biologies moontlik was, te "teel" nie. Die slavin was dus nie net 'n produseerder van voedsel, landbouprodukte, e.d.m. nie, sy was bowenal 'n produseerder van nog meer werkseenhede. Sy moes bewus gewees het van haar enorme mag - haar vermoë om te produseer en te skep, want, soos Marx dit stel, "labour is the living, shaping fire; it represents the impermanence of things, their temporality" (Marx 1953:266).

Toe die afskaffing van die internasionale slawehandel die groei van verskillende industrieë bedreig het, is die slawebesitters geforseer om op natuurlike reproduksie staat te maak as die sekerste metode om die slawebevolking aan te vul. "Teling" onder die slawe is dus aangemoedig, en daar was selfs gerugte van "selective breeding" en van "slave-raising farms", alhoewel hierdie gerugte nooit bevestig kon word nie. Daar is 'n premium geplaas op 'n slavin se kapasiteit om te reproduseer. Slavinne is meer en meer geëvalueer in terme van hulle vrugbaarheid en diegene wat die potensiaal gehad het om 10 of meer kinders in die wêreld te bring, was inderdaad kosbare besittings. Dit het egter nie beteken dat slavinne as moeders 'n meer gerespekteerde status geniet het nie. Ideologiese verheerliking van moederskap - hoe gewild dit ook in die 19de eeu en vroeër was - het nie tot by slavinne gestrek nie. In werklikheid was die slavinne vir

die eienaar glad nie moeders nie; hulle was slegs instrumente wat die groei van die slawearbeidsmag gewaarborg het. Omdat hulle dan as "telers" in teenstelling met "moeders" geklassifiseer is, kon hulle waarde presies in terme van hulle vermoë om hulle getalle te vermeerder, bepaal word en kon hulle kinders van hulle weggeneem en verkwansel word.

Na die geboorte van die verteller se eersteling, bestaan sy nie meer vir haar eienaar nie. In haar onkunde en naëwiteit het sy geglo dat hy "vaderlik" was deur haar toe te laat om by hom aan te bly tot na die geboorte. In werklikheid het sy aan hom nog 'n besitting gegee wat hy kon verkwansel en sy, as "verinneweerde speelding" (40), was uitgedien. Haar tweede (?) kind is doodgebore en weer spreek die stilte van die teks. Volgens mediese getuienis is doodgebore babas in baie gevalle die gevolg van eksterne ongunstige omstandighede, soos ongeluk tydens die swangerskap, mishandeling, ontbering of uiterste fisieke inspanning. Toe sy haar derde kind verwag, oorweeg die slavin vrugafdrywing en betaal vir die middel daarvoor met haar liggaam. Weer word sy gedwing om 'n prostituut te wees ten einde 'n mate van vryheid te hê, die vryheid van keuse.

Terwyl abortsie in die meeste Westerse lande wettig is en die vrou 'n mate van vryheid gee om te besluit of sy 'n kind in die wêreld wil bring al dan nie, word abortsie in baie seksies van die gemeenskap beskou as kindermoord. Gedurende die tydperk van slawerny het slavinne self vrugafdrywing toegepas omdat hulle geweier het om kinders in 'n wêreld van oneindige gedwonge arbeid, kettings, lyfstraf en seksuele misbruik te bring. Herbert Aptheker (1970) en Herbert

Gutman (1976) het in hulle navorsing oor slawerny op getuienis afgekom dat aborsie meer dikwels by slavinne in die V.S.A. voorgekom het as by wit vroue. Volgens een arts het die slavinne òf te hard gewerk, òf oor 'n geheime middel beskik wat die fetus op 'n vroeë stadium van gestasie vernietig het. 'n Vlughtelingslavin, Margaret Garner, het byvoorbeeld haar eie babadogtertjie vermoor, want "now she would never know what a woman suffers as a slave" (aangehaal deur Davis 1981:205). Die vraag ontstaan waarom selftoegepaste aborsie en kindermoord so dikwels by slavinne voorgekom het. Angela Davis kom tot die gevolgtrekking: "Not because Black women had discovered solutions to their predicament, but rather because they were desperate. Abortions and infanticides were acts of desperation, motivated not by the biological birth process but by the oppressive conditions of slavery" (Davis 1981:205). As 'n mens hierby voeg die feit dat kinders op gevoellose wyse van hulle moeders weggeskeur is en die moeders in magteloosheid moes toesien hoe hulle kinders afsonderlik verkoop word, is dit nie verbasend dat die verteller vrugafdrywing wou toepas en later dankbaar was dat sy nie weer swanger geword het nie.

In Afrika self, veral in Sentraal-Afrika, is daar gedurende die koloniale tydperk kommer uitgespreek oor die dalende geboortesyfer, toegeskryf aan aborsie. Die "Commission for the Protection of the Natives" het in 1912 in die destydse Belgiese Kongo besluit dat die polisie 'n heksejag moes uitvoer op vroue wat die "heinous crime of abortion" gepleeg het. Hierdie gebruik is toegeskryf aan losse sedes en selfs aan 'n sekere psigiese verandering wat uiteindelik die vrees vir moederskap in Afrika-vroue laat ontstaan het, aangesien hulle deur die Europese "beskawing" geïntimideer is. Cutrufelli (1983:140) meen

dat aborsie by die Afrika-vrou enersyds 'n reaksie was op die onsekerheid van die lewe en van die samelewing gedurende die koloniale besetting, en andersyds 'n moedswillige daad van rebellie teen die vorm van familiestruktuur.

3.3.3.4 "Ek hou van stories vertel"

As besitting was dit deel van die slavin se pligte om haar eienaar se kinders - in hierdie vertelling sy kleinkinders - op te pas en groot te maak. Sy, self kinderloos gemaak deur die wrede gebruik om slawekinders op 'n baie vroeë ouderdom van hulle moeders weg te neem, was die "mammy" of "Aunt Jemima" van GONE WITH THE WIND-faam wat haar eweknie gevind het in die Sambo- of Uncle Tom-stereotipe. Soos ou-Melitie in Alba Bouwer se STORIES VAN RIVIERPLAAS (1957), moes die slavin die rol van moeder totaal oorneem, word sy die surrogaat van die natuurlike moeder van hierdie kinders. Ten koste van haar eie kinders se geluk en opvoeding - as sy so gelukkig was om hulle te behou - moes sy die eienaar se kinders soos kleinode oppas, hulle lief en leed deel, hulle vermaak, geborge laat voel en opvoed.

Al wat die slavin vir hierdie kinders nie kon doen nie, was om hulle in die wêreld te bring. Slavinne is dikwels selfs ingespan as soogvroue vir die pasgebore babas van hulle eienaars, omdat die moeder òf te swak, òf onwillig was om haar eie kinders te voed. Haar "druppende borste", bedoel vir haar eie kinders, moes in diens gestel word van die eienaar se kinders, so volkome was sy besitting.

Die slavin se vernaamste taak met betrekking tot haar rol as kinderoppasser, was die opvoeding van hierdie kinders. Dit was nie net die gewone opvoeding wat die kind aan moedersknie ontvang nie. Wanneer die verteller sê sy "hou van stories vertel" (55), bedoel sy dat sy ook die morele en geestelike opvoeding van hierdie kinders behartig, as 'n mens in gedagte hou dat kinderverhale en die vertel van stories onder andere daarop gemik is om morele waardes aan die kind oor te dra en hom te laat onderskei tussen goed en kwaad.³ Maar die ironie van die saak is dat sy deur hierdie opvoeding van die kinders haar posisie as besitte verder moet ingrawe, dat sy hierdie kinders bewus moet maak van die klasseverskil, dat sy self instrument word in die daarstelling van sosiale stratifikasie. Sy moet dit by hierdie kinders tuisbring dat daar onoorbrugbare verskille tussen haar en hulle is, sy moet in woord en daad haar posisie teenoor hulle s'n aantoon. As besitte moet sy van haar kosbaarste besittings, haar liefde, aandag en sorg, aan hierdie kinders afstaan. Dis nie net 'n oordra van moederlike liefde by gebrek aan eie kinders nie; dit is 'n gedwonge weggee en stroping van die self. Tog, in weerwil daarvan dat sy so baie moet gee, is dit haar nie beskore om selfs 'n gedeelte van wat sy gee terug te ontvang nie. Sy kan geen aanspraak maak op die liefde van hierdie kinders nie, want hulle is per slot van sake nie hare nie - hulle liefde en respek behoort aan hulle natuurlike ouers. Sy moet hierdie kinders respekteer as behorende tot die besitterklas, deur 'n gepaste aanspreekvorm wat haar posisie duidelik toon, maar sy, self moeder of selfs ouma, is nie geregtig op dieselfde eerbetoon nie. Sy word op haar voornaam aangespreek, dikwels met een of ander neerhalende voegsel om haar op haar plek te hou. In die vertelling word die slavin se verlange na haar eie kinders in jukstaposisie

geplaas met haar rol as kinderoppasser. Daardeur word haar "moederskap" en die gedwonge miskenning daarvan des te meer skreiend en haar nulwaarde des te meer beklemtoon.

Maar sy is nie net "mammy" vir die kinders van haar eienaars nie. Sy moet ook haar liefde, sorg en geborgenheid aan haar eienaars verskaf. As besitte en as parasiet is sy van haar eienaars afhanklik vir haar bestaan, maar net so parasities is haar eienaars, want nie alleen teer hulle op haar arbeid en produksie nie, maar ook op haar essensieel vroulike liefde, sorg en teerheid. Benewens die feit dat sy haar weldoenereienaar bemoeder, vervul sy ook die rol van eggenote, nie net as minnares nie, maar ook betreffende haar ander funksies in sy huis. Vgl.: "Ek hou my besig met verfynde take soos ingewikkelde borduurwerk...en soos die berei van disse vir 'n gastemaal...en die keurige bedien daarvan" (26). Sy beskik "oor meer mag...as enige eggenote" (34). In die lig hiervan, sal 'n mens kan sê dat sy weer eens 'n surrogaat is, hierdie keer 'n surrogaat-moeder én 'n surrogaat-eggenote.

Haar weldoenereienaar is in sy afgetakelde fisieke toestand soos 'n "verkrimpte baba" (17) wat verpleeg, bemoeder en vermaak moet word. Soos sy aan die kinders stories moes vertel om hulle te vermaak en op te voed, so moet sy ook aan haar eienaar "wellustige verhale" in sy taal fluister om hom te vermaak en sy lyding draagliker te maak. Soos sy moontlik as soogvrou vir die babas van haar eienaars moes optree, so voed sy hom ook "met die doodsmelk van onverskilligheid" om sodoende sy einde te verhaas en hom uit sy lyding te verlos. Met haar watergees moet sy sy koorsaanvalle blus, in die stuiptrekkings van die

dood moet sy hom paai, hom in haar "volmaakte arms" vashou om hom geborge te laat voel in die aangesig van die dood.

Die slavin neem waar dat mans betreklik magteloos is; dat hulle, ver van hulle aardse besittings wat aan hulle selfvertroue en mag gee, nie die situasie onder beheer het nie, dat hulle radeloos is: "Mans lyk so kinderlik snaaks bedroë wanneer hulle die beheer oor 'n saak verloor het maar dit nie openlik durf erken nie" (77). Dit word dan hâar taak om te troos, te liefkoos en 'n mate van selfvertroue en mag te herstel, om ook weer haar ondergeskikte posisie self te bevestig. Want dit is nie net deur haar liggaam in besit te neem dat haar posisie as slaaf en besitting bevestig word nie. Vgl. "Hy stut sy kop teen my skouer soos en met die onskuld van 'n kind. En handomswaai verander hy en word hy wyser as ek, betig hy my, neem hy oor en lei hy die liefkosings..." (50). Sy moet beseef dat sy 'n besitting is, dat daar 'n klasseverskil is en sy nie in ruil kan ontvang wat sy so onselfsugtig gegee het nie. Sy hoop "in die stilligheid" dat sy nie net deur 'n koopakte aan haar verskillende eienaars geheg is nie, maar deur geneentheid (78). Dit is egter ydele hoop - sy word "soos 'n voorwerp in 'n bestel georden" (50), sy word omskep in 'n kunsvoorwerp "met die oog op belegging" (48) en moet uitvind dat sy, ten spyte van haar liggaamlike skoonheid, maar net 'n objek is "op die sponde van genot soos hy sy slaapmat vermakerig noem" (27).

3.3.3.5 "My eienaardige posisie as parasiet"

Benewens al die metodes wat aangewend is om die slavin haar

menswaardigheid te ontnem, word sy boonop gedwing om 'n parasiet te wees, iemand wat nie sonder die gasheer, in hierdie geval die besitter, kan bestaan nie. Sy word die voorreg tot selfbeskikking en selfvervulling ontsê en is afhanklik van haar besitters om besluite vir haar te neem en haar lewe te bepaal.

Deurdadig dat sy op verskillende maniere willoos gemaak en ontmenslik is, ken sy geen ander bestaan as dié van slavin nie en kan sy haar in geen ander soort bestaan indink nie: "Ek het my al probeer indink in 'n soort bestaan waarin ek nie 'n besitting is nie, maar dit geval my nie maklik nie" (53). So deeglik is sy gebreinspoel dat sy glo sy kan op geen ander manier bestaan as om 'n slaaf te wees nie, dat sy glo daar is iets met haar verkeerd toe sy tydens haar tweede verkoop op die markplein alleen agterbly nadat al die ander slawe reeds verkoop is. Sy smeek as 't ware die vreemdeling om haar te koop na die dood van haar weldoener en die jongste seun aan wie sy bemaak is, haar "hewige smeekgebede...knielende houding 'n te opvallende kruiperige slenter" (57). So deeglik is haar indoktrinasie dat sy self glo sy is 'n parasiet - sy is aan die vreemdeling geheg deur 'n koopakte, "maar volkome geheg soos 'n parasiet" (78); in haar "eienaardige posisie as parasiet" (77) moet sy op die oordeel van haar eienaars steun, hoe verkeerd hierdie oordeel ook mag wees.

Die ironie is dat sy nie 'n parasiet is nie, maar haar besitters. Sy sloof haar af vir haar besitters sonder betaling; die enigste vergoeding wat sy kan verwag, is verblyf in 'n slawehut met 'n "gat in die verwaaide dak" (55), skraps voedsel en dungsgruete klere. Sy word 'n parasiet gemaak deurdadig dat sy en die ander slawe nie toegelaat

word om hulle eie besluite te neem nie, nie vir hulle self te dink nie, nie hulle eie lot te kan bepaal nie - dit word alles vir hulle gedoen, want "dit was 'n slavin se voorreg om alles vir haar gegee te kry" (11). As besitting, kan haar lewe gevorm word na die eienaar se goeddunke.

'n Parasiet moet 'n gasheer hê om op te teer sodat hy kan gedy en die gasheer uitgemergel word. Wat die slavin se posisie betref, is sý die een wat uitgemergel word en die besitters wat gedy, wat deur die slawearbeid ryk en magtig word. Hulle parasitisme is 'n voortgesette proses omdat hulle kinders hulle rykdom erf en dus ook parasiete word. In haar "besittersposisie" word die slavin egter op háár beurt weer 'n parasiet wanneer sy op die klein mensies teer.

Met betrekking tot hierdie gasheer-parasiet-bestaan, sê J. Hillis Miller (1979:220) dat "parasiet" oorspronklik 'n positiewe betekenis gehad het, nl. dat hy 'n mede-gas was wat die voedsel saam met jou gedeel het. Later het dit 'n professionele gas beteken, iemand wat uitgeblink het daarin om uitnodigings te bekom sonder om self uitnodigings uit te reik. In die hedendaagse gebruik het "parasiet" 'n biologiese en sosiale betekenis - in die sosiale betekenis is dit "A person who habitually takes advantage of the generosity of others without making any useful return". Hy gaan voort om hierdie betekenis toe te pas op die denke, taal en sosiale organisasie:

A curious system of thought, or of language, or of social organization (in fact all three at once) is implicit in the word parasite. There is no parasite without a host. The host and the somewhat sinister or subversive parasite are fellow guests beside the food, sharing it. On the other hand, the host is himself the food, his substance consumed without recompense...The host may then become host in

another sense, not etymologically connected. The word "host" is of course the name for the consecrated bread or wafer of the Eucharist, ...sacrifice, victim.

A host is a guest, and a guest is a host. A host is a host. The relation of household master offering hospitality to a guest and the guest receiving it, of host and parasite in the original sense of "fellow guest", is inclosed within the word "host" itself.

(pp.220, 221)

Hierdie "uncanny antithetical relation" (Miller 1979:221) bestaan dus nie net in pare woorde in hierdie stelsel nie, maar ook in elke woord self. 'n Mens kan dus tot die gevolgtrekking kom dat beide die slavin en haar eienaars, die slavin en die klein mensies, elkeen 'n gasheer in 'n sekere sin van die woord was, dat die parasitiese bestaan ook 'n meer amelioratiewe simbiotiese bestaan word.

3.4 DIE SLAVIN AS BESITTER

Die slavin se posisie as besitte lei onvermydelik daartoe dat sy 'n besitter word. Deur indoktrinasie en breinspoeling, deur ontmensliking en brutalisering, ontstaan 'n begeerte om ook mag te besit en beheer uit te oefen, 'n begeerte om haar los te maak uit haar onbenydenswaardige posisie. Die besitter se posisie word aantreklik gemaak deurdat hy nie gebrek ly nie, maar bowenal deurdat hy mag oor ander mense het as gevolg van sy besittings. Dit illustreer weer eens 'n eienaardigheid van die menslike kondisie: die begeerte om mag te hê en ander te onderwerp. 'n Voortdurende proses word in werking gestel, 'n kringloop van besitter en besitte, maghebber en onderdaan, verdrukker en onderdrukte. Dit word 'n voortgesette proses van

verslaande wat verslaan, van verslaafde wat verslaaf. Dikwels is die mens onmagtig om hom uit sy vasgewortelde, onderdrukte posisie te bevry en soek dan maniere om in sy eie "klas" 'n maghebber te word, verder te klassifiseer en te stratifiseer.

Die verteller-slavin se lewe as "besitter" verloop soos dié van die tragiese held in die klassieke tragedie, 'n verloop vanaf ootmoed tot ootmoed, as gevolg van die feit dat sy haarself ook mag wou toeëien, besittings wou akkumuleer en ander wou onderwerp. So volkome is haar indoktrinering dat sy aan die einde van haar lewe kan sê: "Ek was minnares en moeder en godin sowaar" (109), maar die ironie van hierdie stelling lê juis daarin dat sy nie een van hierdie dinge was nie. Sy het in die waan verkeer dat sy 'n maghebber was (gegee die feit dat 'n minnares, moeder en godin almal 'n sekere magsposisie bekleed), maar moes tot die bittere besef kom dat mag, soos besittings, afgeneem kan word, verganklik is en tot vereensaming kan lei. Haar situasie as besitter kan herlei word tot enige sisteem waarin daar 'n verdrukker en 'n onderdrukte, kapitaliste en 'n proletariaat is, maar meer spesifiek waarin die proletariaat gedwing word om verder te stratifiseer op grond van ras.

3.4.1 "Deur opvoeding veredel"

Daar word beweer dat een van die grootste "voordele" van slawerny die "veredeling" van die barbaarse, dierlike swart Afrika-mens was en dat sy barbaarsheid getemper is deur sy blootstelling aan die Europese kultuur. Ulrich Bonnell Phillips het byvoorbeeld in 1918 verklaar:

"...slavery in the Old South had impressed upon African savages and their native-born descendants the glorious stamp of civilization", dat dié wat van Afrika na Amerika geneem is en hulle nageslagte 'n sekere mate van beskaafdheid aangeleer het en dat hulle vooruitgang die gevolg was van hulle assosiasie met beskaafde wit mense (aangehaal deur Davis 1981:3). Verder word die instelling van slawerny moreel geregverdig deurdat Europeërs geglo het dat die Afrika-mense geen kans op oorlewing in Afrika gehad het nie, dat hulle blootgestel was aan kannibalisme, die sg. bloedlus van die tipiese Afrika-mens en die sug om mekaar uit te roei. Dalzel, byvoorbeeld, argumenteer dat meer goed gedoen is deur slawe na Amerika uit te voer as om hulle in Afrika agter te gelaat het "where they were likely to become victims of the practice of human sacrifice" en waar hulle gered is van onderdrukking en eksploitasie deur hulle eie regeerders (aangehaal deur Fage 1969:393).

As slawe dan "deur opvoeding veredel" (48) is, ontstaan die vraag: Watter soort opvoeding en hoe het dit hulle veredel? Een feit kan kategories gestel word: dit was beslis nie opvoeding in die aanvaarde sin van die woord nie, dit was nie 'n gestruktureerde opvoeding waarin hulle gelei is van onkunde tot kennis, van die konkrete tot die abstrakte, van die ontwikkeling van logiese denke, van skawing en verfyning nie. Dit was eerder 'n "opvoeding" van regressie, waar hulle tot onnoselheid geslaan, tot stomheid gedwing en tot willoosheid gebrutaliseer is. Dit was 'n opvoeding waarin die slaaf gestroop is van sy eie kultuur, van al sy waardes, van alles wat vir hom kosbaar was. Sy kultuur is geminag, misken, en die beoefening daarvan is op die wreedste denkbare maniere verbied. Sy geboortenaam, sy taal, sy

godsdienst is hom ontnem. Sy opvoeding het bestaan uit die aanleer van die besitter se taal en dit, onder die invloed van sy eie taal, 'n "eiesoort werkerstaal" (21) te maak; hy moes leer dat hy deur die besitter se taal onderdruk, beledig en verneder kon word; hy moes leer dat daar "klasse" mense is en dat sosiale stratifikasie 'n lewenswyse is; hy moes leer dat dit 'n edele daad is om besittings te akkumuleer en dat besittings mag beteken; hy moes leer dat dit edel is om ander uit te buit ten einde meer besittings te bekom; hy moes leer dat fisiese en morele geweld aan die orde van die dag is as jy 'n maghebber is, dat sosiale ewels soos moord, verkragting en usurpasie geregtig is as jy in 'n magposisie staan, dat hy met die besitter moet kollaboreer ten einde 'n mate van "mag" te bekom. Kortom, sy opvoeding, aangehelp deur brutale behandeling, was eerder indoktrinering, die inskerping dat daar twee stappe reëls en norme is: een vir die besittersklas en een vir die besitte klas en dat die gaping tussen die twee nooit oorbrug kan en sal word nie. Wanneer die slaaf tyd wil meet, "meet wat so belaglik is om te meet en te registreer" (91), skryf sy dit toe aan haar opvoeding, "lukraak maar opvoeding nogtans, waarin indeling en tel en klassifiseer so 'n belangrike rol gespeel het..." (91). Inderdaad. Dit was 'n "indeling en tel en klassifiseer" van mense en besittings, van mense as besittings.

Hoe het hierdie opvoeding die slaaf "veredel"? Om te veredel, is om edel te maak, dit beteken onder andere om aan iemand 'n meer verhefde karakter te gee, om iemand waardig te maak, te verhef, op te hef, te verfyn; om iemand luisterryk in posisie te maak; om te veroorsaak dat iemand hoër morele waardes en ideale koester; om te veroorsaak

dat iemand 'n grootse karakter ontwikkel met verhewe en bewonderenswaardige eienskappe (OXFORD ENGLISH DICTIONARY, dele III & VI). As hierdie woordeboekbetekenis "veredeling" is, dan is die opvoeding van die slawe daarop gemik om presies die teenoorgestelde daarvan te bereik.

Die verteller-slavin se veredeling bestaan daaruit om 'n besitter te wees, om besittings te akkumuleer en om net soos h  ar besitters, te probeer om haarself toe te eien wat nie besit kan word nie. Haar opvoeding is daarvoor verantwoordelik dat sy 'n maghebber wil wees, alhoewel sy 'n magtelose in die besitter-besitte-verhouding was. Verder het haar opvoeding daarvoor gesorg dat sy arrogant geword het, dat sy vanuit haar "verhewe" posisie ander met minagting begin beje  n en op hulle neergesien het. Omdat haar opvoeding haar geleer het dat daar onversoembare verskille tussen mense is, maak sy ook klas, gegrond op rasseverskille. Die verfyning wat deel van haar opvoeding uitgemaak het, was nie om haarself nie, maar om 'n beter prys op die slawemark vir haar eienaar te behaal.

3.4.2 "Ek wil dit vir my h  "

Die tragiese of selfs die morele "fout" in die slavin se bestaan is dat sy deur haar indoktrinasie 'n akkumuleerder van besittings word, mag approprieer en hoogmoedig word. Reeds tydens haar slawebestaan word sy geleer dat 'n mens besittings kan bekom in ruil vir jou liggaam. As kindslaaf word sy oorlaai met geskenkies om haar aantreklik te maak en haar eienaar aan te lok; sy word 'n "kopsteun

met die fraai intarsia van slangboonhout en perlemoen" belowe as sy sonder teëstribbeling toelaat dat sy ontmaagd word (39); sy kry 'n ivoorarmband van haar weldoener as simbool van sy behae in haar (34). By haar derde eienaar word sy geleer om behae te skep in "hoe om begeerlik te lyk" (26) en haar begeerlikheid hang weer eens daarvan af dat sy besittings moet hê: "groot ovaal rooi en geel glaskrale wat soos ryp bessies om hals en gewrigte gehang het" en haar "bontgeel bedrukte sykleed" (12). Skreeuhelder, goedkoop besittings, in ruil vir haar kosbare liggaam.

Ook nog tydens haar slawebestaan word die aantreklikheid van besit verder ingeskerp sodat sy, soos haar eenaars, selfs dit wil besit wat nie besit kan word nie. Haar ontmoeting met die vreemdeling en haar daaropvolgende liefde vir en aanbidding van hierdie man, lei daartoe dat sy hom wil besit, soos sy deur hom besit word. Hy word genoem "my vreemdeling", waarin die paradoks reeds duidelik is: sy "besit" hom, maar hy bly 'n vreemdeling, 'n onbereikbare. Op die reis na die stad van rooskwarts word sy, self 'n slaaf, meer en meer 'n besitter deur haar verbeterde posisie: "Ek word onderdeel van die omvangryke organisasie" (58) en "in die status my op hierdie reis verleen" (66), word sy deel van die besittersklas, 'n kollaborateur, daarom kan sy praat van "my voorste draer" (67) en wanneer hy ontsnap, word die "ons verlies". Omdat sy dan onder die indruk verkeer dat sy op hierdie reis mede-besitter van die slawe is, neem sy ook 'n hovaardige houding teenoor hulle aan, veroorsaak sy stratifikasie tussen slaaf en slaaf, tussen hulle en haar.

Dit is egter tydens haar bestaan by die kremetart dat haar opvoeding

om 'n akkumuleerder te wees, sy neerslag vind. Dit is daarom dat sy in die bobbejane haar en haar besitters se vraatsugtigheid en inhaligheid duidelik afgespieël sien en die bromvoël se "berekende blik" duidelik herken. Die boom wat huisvesting en lewensmiddele aan ander natuurweens bied, word hâar besitting, dit word "my boom", "my woonplek" (11). Van ver af kom sy en usurpeer ander se leefruimte, approprieer dit wat nie besit kan word nie. Die krale, potskerwe en ander reste van beskawings word haar besittings, "nuttelose vondste" wat sy aandra na haar boomskuiling. Haar "verveelde, gefrustreerde swerftogte" is 'n soektog, 'n ekspedisie na besittings, soos haar eienaars 'n ekspedisie onderneem het om meer besittings. Sy het "gesoek en gebaan en gevind" (8), maar wat sy gevind het, was nie waarna sy gesoek het nie. Alhoewel sy die krale as 'n "nuttelose vonds" (10) beskou, verhinder dit haar nie om terug te keer na die plek waar sy hulle gevind het nie, in haar poging om meer te besit. Sy vind potskerwe en koperdraad en "voeg al die reste, skerf en kraal, op 'n hopie saam" (14), soos sy deur haar eienaars geleer is om op te gaar. Die verroeste koperdraadringe is vir haar "dik en swaar soos boeie" (14), wat haar nie net herinner aan haar eie gevangenskap nie, maar haar ook daaraan herinner dat sy vasgevang is in haar posisie as geïndoktrineerde.

Selfs hierdie gebied waar sy die indringer is word haar omgewing (14), haar kontrei (108) en sy verwens die eertydse bewoners van hierdie kontrei "omdat hulle niks meer as dit kon nalaat nie" (14). Sy is so behep met besittings dat sy nie kan verstaan dat hierdie vergane bewoners nie akkumuleerders was nie, maar skeppers van artefakte, terwyl sy self "te skamel bedeel (is) om self iets te fatsoeneer"

(15), 'n weerklank van haar eienaars wat ander moes uitbuit om besittings te bekom omdat hulle self "te skamel bedeel" was. Soos 'n tipiese uitbouter, soos die vreemdeling, is sy opportunisties en laat geen geleentheid verbygaan om voordeel te trek uit 'n situasie nie. Na die slagting om die boom, sien sy die geleentheid om nogmaals te akkumuleer: "Ek kan vir my soveel wapens optel as wat ek wil en 'n arsenaal in my kremetart opbou" (105).

As volkome geïndoktrineerde word sy desperaat in haar pogings om te besit. Sy wil tyd besit, sy maak haar wys dat sy "n manier gevind het om die gevaar van tydloosheid deur ordening te weer" (14). Haar "vasberade pogings tot dagtekening" (5) met behulp van die krale, word desperate pogings, maar sy glo nog sy "leef in tyd deur my gemeet" (13), dit word vir haar "n metode om die vaagheid van tyd wat agter die gang van die natuur skuil, teen te werk" (13). Tyd word egter haar groot vyand en mededinger: "Hy bedreig my. Hy wil my tot niet maak. Ek dink ek kierang hom deur my stelsel kort-kort te verander. Nooit weet tyd wat ek met hom gaan aanvang nie waar ek self nie soggens...weet wat ek met tyd gaan aanvang nie" (13). Tyd word deur haar gereleger tot krale: "Tyd word krale en dus rommel" (7), maar tyd gaan sy onverbiddelike gang, laat hom nie besit nie, en sy wat tyd wou besit, word self deur tyd besit.

Haar toenemende vereensaming nadat sy niks en niemand kon besit nie, laat haar in toenemende mate desperaat word om te besit. Selfs wanneer sy gestroop is van al haar "besittings", wil sy nog steeds besit. Na die slagting om die boom verbeel sy haar sy hoor 'n kreun. Verwoed soek sy na daardie kreun, "na die geringste lewensteken. Ek

soek en soek en soek...en soek oor en oor...Ek soek 'n kreun, 'n kreun sonder liggaam. 'n Kreun het hier verdwaal. Dit soek ek. 'n Kreun het opgeklink en ek wil dit vir my hê" (106, 107) en sy moet die futiliteit van hierdie drang om te besit, insien.

Die slavin se besitters kon materiële dinge besit, hulle kon selfs mense besit en dié mense se arbeid besit, maar hulle eie lewe kon hulle nie besit nie. In sy sterwensure probeer haar voorlaaste eienaar nog steeds na iets, na die lewe gryp: "En sy uitgeteerde vingers wat probeer hulle vang?...deur dop te hou begryp ek dan waarna sy hande gryp. Hy probeer die fyn web wat die dood on hom spin, skeur" (17). In toenemende mate krimp die besitters se mag en invloed, en hulle kosbaarste besitting, hulle lewe, is buite hulle bereik: "Arme skepsel wat sy rykmanslewe onverbiddelik by die aanskou van soveel oorfloed uithyg. Invloed en mag glip by mond en neusgate uit" (17). Soos hulle besitting sgeakkumuleer en opgegaar het, so het hulle ook herinneringe opgegaar (17), maar alles tevergeefs, "digter en digter word dit (die doodswab) om hom gespin".

Net so krimp die kontrei en omgewing (108) van die slavin as besitter, en tesame daarmee, haar "besittings", totdat niks oorbly nie. Die inkrimping van besit tot niks het alreeds op die ekspedisie begin toe haar een draerslaaf verdwyn het, toe sy haar ivoorarmband aan die natuur moes teruggee, toe haar vreemdeling deur 'n krokodil opgevreet is. Toe sy by die boom aankom, is sy "bedeel uitsluitlik met herinneringe" (15) en haar eens pragtige sygewaad, deel van haar besitterstatus, is aan flenters, net soos sy. Sy wat tyd wou inpalm, moet haar stoflike besittings aan tyd gee: "Wat sal ek met die goue

spykertjies maak en met die krale, met die amperswart waterpot en die volstruiseierdop, my besittings? Ek sal dat tyd hulle weer vat" (91). Die goue spykertjies, duursame artefakte wat die toets van die tyd kan deurstaan, is die direkte teenstelling van die verganklikheid van besittings, daarom gooi sy hulle roekeloos in die lug op, sodat hulle kan "val waar hulle val en lê en nooit roes" (109). As besitte, maar veral as besitter, word sy op 'n pynlike manier tot die besef van die tydelikheid van alles gedwing.

3.4.3 "Oppermagtig gedra ek my in my grys boomhuid"

As kultuurwese, maar bowenal as besitter wat goed touwys gemaak is deur h  ar besitters, neem die slavin 'n houding van meerderwaardigheid aan in haar ontmoeting met die natuur en natuurwesens. Omdat sy self 'n besitter, die vreemdeling, aanbid het, glo sy nou dat sy as besitter deur die klein mensies aanbid word. Sy glo dat hulle "eerbewyse" (97) aan haar bring, dat die kos en klere wat hulle vir haar aandra, meer as geskenke is en eerder as plengoffers bekou moet word, met eerbied en aanbidding aan 'n godin geoffer. Sy word soos 'n godin versorg, maar "huiwer om dit aanbidding te noem" (43). Tog glo sy self dat sy "vir die gees van 'n boom aangesien is" (25), vandaar die superieure houding. Selfs haar liggaamshouding is meerderwaardig, goddelik: "Wanneer ek in die opening verskyn, staan ek trots. Ek dink agterna dalk poseer ek in daardie maklik aangekweekte houding van oenskynlik ontspanne afwagting" (11). Vanwee haar aanmatiging kan 'n mens glo dat sy haarself tot godin verhef het, dat die natuurwesens nou haar

"onderdane" is. Wanneer sy belyd om 'n konfrontasie met die klein mensies af te dwing, sal sy hulle tegemoet tree, "uitdaging maar my uitdaging getemper deur aangeleerde grasia, skugter maar koningklik, verleidelik maar afwerend" (98).

Hierdie posisie van besitter, van kultuurwese en veral van godin lei daartoe dat sy 'n maghebber wil word. Sy het haar reeds die boom toegeëien as haar woning, die omgewing en kontrei is hare en nou wil sy, soos die besittersklas, mag hê oor die ander wesens, hulle onderwerp en haar wil op hulle afdwing. Soos die tipiese maghebber wat sy onderdane op 'n afstand hou en dus nie insig kan verkry in hulle bestaan en aspirasies nie, wil die slavin mag hê sonder begrip en insig: "Wat onvatbaar reusagtig is, reduseer ek tot verspotheid om dit te kan verwerk en my mag daarvoor te kan bevestig" (7).

Sy word verwaand omdat sy "oor so 'n ietsiepietsie mag beskik het" (12), en "oppermagtig" staan sy oor die veld en uitkyk, oor die wêreld wat aan haar behoort (12). Haar bestaan by die boom is inderdaad "die klere van 'n nuwe lewe" (43), 'n hergeboorte, 'n herkenning van die self, maar dit word ook die nuwe lewe van die maghebber: "Elke slag dat ek uit die boom se hoedende binnekant na buite tree, is ek opnuut mens en magtig...staan ek vol van myself" (12). So magtig word sy dat sy selfs die natuurelemente beveel en beheer oor hulle wil uitoefen: "Die son definieer my skaduwee. Die wind klee my. Ek wys na die lug en sê: lug laat my lewe. En wanneer die ruigtesanger roep, roep hy namens my. Ek is al wat is, roep hy" (12).

In hierdie toegeëiende magposisie wil sy nie net beheer oor die natuurelemente uitoefen nie, maar ook oor die natuurwesens: die diere en veral oor die klein mensies. In die goddelike, magtige posisie waartoe sy haarself verhef het en waartoe die klein mensies ook in 'n sekere sin bygedra het,⁴ word sy oormoedig en blind vir haar tekortkominge, blind vir die wette van haar omgewing. Daarom kan sy nie verstaan waarom sy as 'n buitestaander beskou word (9) of heeltemal verontagsaam word nie. Haar pogings om mag te hê en uit te oefen, misluk, en sy moet die stryd gewonne gee teen die magte van haar omgewing en leer om daarmee saam te leef (97).

3.4.4 "My denke sluit nie met dié van die ander wesens hier nie"

Dat die slavin haar tot die besittersklas gevoeg, 'n goddelike en oppermagtige houding aangeneem het, moet onvermydelik daartoe lei dat sy arrogant word. Kort na haar aankoms by die kremetart, moes sy vasstel dat "my denke nie met dié van die ander wesens hier sluit nie" (8). Dit herinner aan die voormalige minister van Pos- en Telekommunikasiewese, Hennie Smit, se toespraak in die parlement met betrekking tot die uitsluiting van swartmense van die Presidentsraad: "However, I want to ask the hon. the Leader of the Opposition, who is after all himself an academic and is aware of the problem of the stages of development of population groups and peoples, whether he intends to make a concerted attempt to devise a constitution within one specific body with people for whom certain concepts do not even exist, but who are in the majority?...Does he think it is feasible that people whose thinking processes are even slower than those of

most of us who are here, should be involved in this matter?" (HANSARD, Woensdag, 4 Junie 1980).

Dat die slavin se denke nie "sluit" met dié van die ander wesens nie, is 'n aanduiding van hierdie soort arrogansie wat ontstaan as gevolg van onkunde en 'n onwilligheid om insig te verkry in 'n ander kultuurgroep se tradisies en leefwyse. Sy glo dat sy deur haar "opvoeding" en blootstelling aan die leefwyse van die besittersklas, deur haar kultuuraard, 'n meer verhewe wese is as die "ander wesens", moontlik die klein mensies. In haar stelling lê 'n hele aantal konsepsies omtrent hierdie "ander wesens" opgesluit wat nie wetenskaplik gefundeer is nie, maar bloot ontstaan het as gevolg van die maghebber se onvermoë om in sy bekrompenheid en bekrompe denke plek in te ruim vir die ander mens se individualiteit en vir 'n ander kultuurgroep se uniekheid. Daarbenewens moet die onderdrukte/"ander wesens", soos die slavin self eens die onderdrukte was, die besitter se kultuur teen wil en dank assimileer, dikwels alles wat negatief omtrent daardie kultuur is. Frantz Fanon vat hierdie subtiele proses van bewustheidstransformasie saam: "In order to assimilate and to experience the oppressor's culture, the native has had to leave certain of his intellectual possessions in pawn. These pledges include his adoption of the forms of thought of the colonialist bourgeoisie. This is very noticeable in the inaptitude of the native intellectual to carry on a two-sided discussion; for he cannot eliminate himself when confronted with an object or an idea" (Fanon 1963:39).

Hierdie idee van die superioriteit van die besitter/maghebber word die

nek ingeslaan wanneer die slavin geleidelik begin beseef dat sy nie opgewasse is teen die natuurdinge nie, dat sy 'n buitestaander is in 'n bestel hoofsaaklik ontwerp vir die "ander wesens". Sy as maghebber word ondergeskik gemaak aan die "ander wesens" deur haar onkunde, onnoselheid en "mindere kennis" (9). Sy kom tot die bittere beseef dat die verfyndheid en gekultiveerdheid van haar "opvoeding" nie noodsaaklike voorvereistes vir oorlewing is nie. Baie gou moet sy leer om haar "ooreenkomstig onbekende wette" te gedra (94) as sy staande wil bly, moet sy leer dat vreedsame naasbestaan moontlik is as daar wedersydse respek is (97) en moet sy leer dat die natuur se leuse van leef en laat leef nie maghebbers en onderdane duld nie, maar dat elk van hierdie "ander wesens" gelyke bestaansreg het.

3.4.5 "Diere wat nie binne die perke van hulle dierheid bly nie"

Besittings en mag lei tot klassifikasie en stratifikasie, mense word in 'n sekere klas gedwing en vind dit moeilik, indien nie onmoontlik nie, om daaruit te ontsnap as gevolg van die maghebber se vasberade pogings om 'n gestratifiseerde orde te handhaaf met al die middele tot sy beskikking. Besittings en mag veroorsaak dat die wêreld in kompartemente verdeel word, 'n statiese wêreld waarin mense binne onnatuurlike grense ingeperk word. Een ding wat die onderworpene gou leer, is om op sy plek te bly en nie verder as sekere grense te beweeg nie (Fanon 1963:41). Klasse-indeling en -stratifikasie het nie slegs ten doel om die onderdrukte op sy plek te hou nie, maar ook om hom te ontmenslik. Enigiets sal gedoen word om die onderdrukte se tradisies uit te wis, om sy taal te vervang met die heerser se taal en om sy

kultuur te vernietig, sonder om aan hom die heerser se kultuur te gee. Hy word onnosel gemaak deur blote fisiese geweld en as hy nog enige weerstand behou, sal vrees die werk afrond. As hy hom verset, word hy op wrede wyse onderwerp; as hy gedwee ingee, degradeer hy hom en is nie meer mens nie (Sartre, inleiding tot Fanon 1963:13).

Die heersersklas/maghebber is in die eerste plek dié wat van êrens anders kom, hulle is die "ander" wat usurpeer en nou die oorspronklike bewoners van die gebied as die "ander" beskou. Die indringer approprieer die oorspronklike inwoner se gebied en vererg hom wanneer die oorspronklike inwoner sy gebied terug wil hê. Die slavin vererg haar wanneer die ape haar "heiligdom ontluister": "Hoe ek my kan vererg wanneer diere nie binne die perke van hul dierheid bly nie, maar op my vlak vir my wil aanspreek" (29). Weer spreek haar aangeleerde arrogansie hieruit, weer word geklassifiseer, weer sien ons hoe volkome sy geïndoktrineer is.

Met betrekking tot die kolonis en die inboorling, skryf Fanon (1963:41): "Native society is not simply described as a society lacking in values. It is not enough for the colonist to affirm that those values have disappeared from, or still better never existed in, the colonial world. The native is declared insensible to ethics; he represents not only the absence of values but also the negation of values. He is...the enemy of values...the absolute evil" (oorspronklike kursivering). Die slavin se begeerte om die diere "binne die perke van hulle dierheid" te hou, het dus nie net betrekking op die kompartementering van mense en diere in twee onversoembare groepe nie, maar die klassifikasie van mense as gevolg van die feit dat die een

groep arrogant genoeg is om te glo dat hy alleen sekere waardes besit en dus nie kan assosieer met diegene wat geen waardes het nie.

Hierdie stratifikasie is nie slegs die gevolg van 'n verskil in waardes nie. Dit ontstaan ook as gevolg van die vrees dat die een klas se "gebrek aan waardes", hulle dierlikheid, deur 'n osmotiese proses deur sal syfer tot die klas "met waardes" indien hulle in dieselfde klas opgeneem wou word. Dit impliseer natuurlik dat die klas "met waardes" geestelik so swak en willoos is dat hulle maklik beïnvloed kan word deur die "dierlikheid" van die ander klas. Stratifikasie ontstaan as gevolg van die vrees by die "superieure" klas dat hulle hulle identiteit, hulle mag en invloed, hulle besittings sal verloor. Die waarheid is egter dat, net soos die slavin haar herkenbare self in die bobbejane afgespieël gesien het, die maghebber sy eie dierlikheid in die "dierlikheid" van die onderdrukte herken, hy daarmee erken dat hy presies dieselfde dierlike metodes met presies dieselfde gebrek aan waardes aangewend het om sy magposisie te bekom.

Hierdie apart-heid van mense, alte dikwels moreel geregverdig deur die verskille in denke en kultuur, is nie, soos leiers so dikwels in die gestratifiseerde samelewings postuleer, 'n manier tot selfbeskikking en die voorkoming van die oorheersing van een groep oor 'n ander nie. Dit is in die eerste plek die megalomaniese sug na mag en die drang om ander te onderwerp. Dit lei dan ook uiteindelik tot die toenemende isolasie van die maghebber, soos die slavin moes agterkom.

3.4.6 "As verskynsel gedy ek"

Ten spyte van al die morele (én immorele) regverdigings vir slawerny, moet 'n mens tot die slotsom kom dat die slawe-eienaar òf nie die natuurlike vermoë gehad het om sy eie arbeid te verrig nie, òf dat hy te lui was om dit self te doen, òf dat vaardigheid en kundigheid nie deel van sy geestelike samestelling was nie, òf dat hy te onnosel was om hierdie vaardighede en kundigheid aan te leer. Ander mense moes dus onbetaalde arbeid vir hom verrig en hy, wat in die land van sy herkoms self geen status en mag gehad het nie, het as gevolg van die surplus waarde van slawearbeid ryk en magtig geword in die land wat hy van die inboorlinge afgeneem het.

In sy vergelykende studie oor die Amerikaanse en Suid-Afrikaanse geskiedenis, skryf Frederickson (1981:63) byvoorbeeld dat Van Riebeeck van die begin af die gebruik van wit mannekrag vir geringe arbeid as ongewens beskou het en dat hy in 1657 aan die Kompanjie gerapporteer het dat die werk "is now rather heavy and tiresome, and it also makes the place somewhat disliked that we continue so long employing the company's servants on such hard work". Sy probleem het ontstaan as gevolg van die feit dat die koloniste grotendeels uit die laagste sosiale klasse van Europa gekom het, in Europa werkloos en swerwers was, ongedissiplineerd, berug vir hulle weerstand teen gereelde werk en teen gesag, ambisieloos, met swak fisiese samestelling en negatiewe sosiale houdings, oneffektiewe werkers, die Marxiaanse "lumpenproletariat" (p.64). Daar was sekere soorte werk wat die koloniste eenvoudig geweier het om te doen omdat die opinie in die kolonie al gevestig was dat harde, ongeskoolde arbeid benede die

waardigheid van die Europeërs was en dus deur nie-Europeërs verrig moes word. Dit is dan ook geen wonder dat baron Van Imhoff die situasie soos volg opgesom het nie: "I believe it would have been for the better had we, when this colony was founded, commenced with Europeans and brought them hither in such numbers that hunger and want would have forced them to work. But having imported slaves, every common or ordinary European becomes a gentleman and prefers to be served than to serve. We have in addition the fact that the majority of farmers in this colony are not farmers in the real sense of the word, but owners of plantations, and that many of them consider it a shame to work with their hands" (aangehaal deur Frederickson 1981:67). Dit was blykbaar die algemene verskynsel in daardie lande waar slawerny 'n instelling was.

In die lig van hierdie beknopte agtergrond, is dit duidelik dat die besitter arbeid vir hom verrig wou hê, dat hy ryk geword het uit die onbetaalde arbeid van die slawe en dat hy 'n gemaklike bestaan gevoer het. Tydens haar slawebestaan moes die verteller haar vir haar onderskeie eienaars afsloof, sodat hulle "vet van welvaart" geword het "en net maar klets en niks uitrig nie uit luiheid en naywer en 'n gebrek aan onderlinge vertrouwe en bowenal uit suinigheid..." (102).

As besitter neem die slavin presies diselfde posisie in. Reeds op die ekspedisie na die stad van rooskwarts word ander ingespan om haar gemaksug te bevredig, sy word oor die ruwe terrein in 'n draagstoel deur die slawe gedra, "gemaksug kenmerk my lewe" (34). Op hierdie reis het sy die status van "uitsoekdienares" verkry (66), maar sy dien nie meer nie, sy is die minnares met "n skaar bediendes" (67) en "nog

nooit was die lewe so aangenaam nie" (66). Die ander slawe is daar om haar te dra, te bedien, voedsel te soek en voor te berei. Sy, self "geheg deur koopakte" aan die vreemdeling (78), word nou die een wat verslaaf.

Dit is egter by die kremetart dat hierdie besitterstatus tot volle uiting kom. As "ontoegeruste dom beskaafde" (34) is sy magteloos om in haar eie behoeftes te voorsien; vaardighede wat eens deel van haar opvoeding was, het sy deur "veredeling" verloor, sy het verloor hoe om in die natuur staande te bly en die "skamel oorblyfsel" van haarself word deur die klein mensies onder hande geneem. Sy word nou die uitbouter, sy verwag dat die klein mensies vir haar "onbetaalde arbeid" moet verrig. Hulle voorsien in byna al haar behoeftes, sy word nogmaals 'n parasiet soos h  ar besitters op slawearbeid geparasiteer het; daarom kan sy s  : "As verskynsel gedy ek, word ek weer mooi rond en vet...Van swaarkry is daar geen sprake meer nie, eerder van luilekkerte" (94). Dit is opvallend dat sy byna dieselfde woorde gebruik om haar posisie te beskryf as wat sy gebruik het om die posisie van die ryk stadslui te beskryf.

Die verskil is egter dat daar in die eienaar-slaaf-dichotomie parasitisme aan beide kante is, met slegs 'n verskil in graad. In haar uitbuiting van die klein mensies is die posisie anders: s   is die parasiet; hulle is die gewers wat niks van haar ontvang nie, nie van haar afhanklik is nie, nie betaling vir hulle "arbeid" verwag nie. Daarom wonder sy: "...dikwels vra ek my af of hulle liefdadigheid jeens my betoon of eerbewyse bring" (97). Omdat haar slaweopvoeding haar geleer het dat arbeid verrig word vir wins en dat geskenke gegee

word met die oog op 'n diens in ruil daarvoor, 'n omkoopmiddel, is dit buite haar begrip dat mense uit menslikheid iets vir ander kan doen. Sy volkome is haar indoktrinasie dat sy die klein mensies se sorg beskou as die arbeid wat die slaaf vir sy eienaar verrig, want sy is die godin, sy staan nou in die heersersposisie. Dit is dan ook daarom dat sy hierdie versorging sien in terme van slawerny - sy moet haar "lot as versorgde gevangene...aanvaar" en haar "erkentlik toon" (97).

3.4.7 "Dit is 'n taal vir geitjies en toktokkies"

Daar is reeds vroeër in hierdie hoofstuk daarop gewys dat etnisiteit 'n groot rol gespeel het in die brutale behandeling van slawe, dat hulle "dierlike" voorkoms vir die Europeërs 'n motief was om hulle soos diere te behandel. Ook is die slawe se etniese eienskappe as motivering gebruik vir die klassifikasie en stratifikasie van die gemeenskap, 'n motivering wat tot die huidige dag voortduur, ten spyte van J.M. Coetzee se stelling m.b.t. waardeoordele gebaseer op etnisiteit: "One no longer comes across judgments like these expressed in public, even in South Africa...So remote does the biologized history seem that formed their basis, that we might conclude they are best left to oblivion" (J.M. Coetzee 1988:137).

Die slavin is geen uitsondering nie. Self gevange geneem en verslaaf, self gebrutaliseer, self geklassifiseer volgens haar Afrika-voorkoms, self in dierlike terme beskryf en dierlik behandel, is sy nou die een wat klassifiseer op 'n etniese basis. Wanneer sy die klein mensies die eerste keer sien, is dit die rasseverskil wat eerste opval en hulle

voorkoms wat in dierlike terme beskryf word: "Hulle is kort, en die gras laat hulle nog korter lyk. Hulle het 'n ligte velkleur en kort hare soos korsmos oor die kop versprei" (93) en "...ek sien vrouens wat babas op hulle puntboude abba, mans met verrimpelde maagvel en kieriedun bene, hulle almal geel soos 'n skilpad se pens..." (97). Dit is moontlik dat sy reeds by hierdie eerste kennismaking al 'n superieure houding begin aanneem het.

Maar dit is veral hulle taal wat vir die slavin dierlik voorkom en telkens in dierlike terme beskryf word: "Ek volg nie die klein mensies se kliktaal nie. Dit klink vir my kompleet of geitjies aan die praat gegaan het...Dit is 'n taal vir geitjies en toktokkies" (65) en "Van ver op die wind aangedra hoor ek die mensies musiek maak. Die klanke klink vir my soos kewers wat oor 'n vuur spring" (98). J.M. Coetzee haal voorbeelde aan van hoe die Hottentotte se taal - en hier kan 'n verband tussen die Hottentotte en die klein mensies gelê word - in dierlike terme beskryf is, bv. "The local natives...are handicapped in their speech, clucking like turkey-cocks..." (Jodocus Hondius); "...they sprang up and came to me, making a noise like turkeys" (Christopher Fryke, albei aangehaal deur J.M. Coetzee 1988:12, 15).

Die Europese indringer kon of wou nie die taal van die inboorlinge assimileer nie as gevolg van hierdie "spraakbelemmering" en "dierlike" klanke wat hulle voortgebring het. Dit het nie tot die indringer deurgedring dat sý taal vir die inboorlinge heel moontlik net so dierlik en belemmerd voorgekom het nie. Taal skep klas, en deur hierdie meerderwaardigheid van die indringer ten opsigte van sy taal, is die inboorlinge dus in 'n sekere klas geplaas, 'n klas wat onderdruk

kon word. Dit is dan ook daarom dat die heerser/besitter sy taal op die onderdrukte afgedwing het en dit as die enigste wettige uitdrukkingsmiddel verklaar het.

Dit is bekend dat taal op verskillende maniere magsverhoudinge kan uitdruk - variasies in aksent, woordeskat en sintaksis wat verskillende posisies in die sosiale hiërargie weerspieël, individue wat met verskillende grade van gesag praat, woorde wat gelaai word met ongelyke gewig, afhangende van wie die spreker is en hoe die woorde gesê word, sodat sommige woorde onder sekere omstandighede 'n krag en oortuiging kry wat hulle onder ander omstandighede nie sal hê nie. Woorde kan in ontelbare subtiele strategieë gebruik word as instrumente van dwang en gedwongenheid, as werktuie van intimidasie en belediging, as tekens van beleefdheid, neerbuigendheid en minagting. Die verhouding tussen taal en mag is 'n aanduiding van die sosiale stratifikasie van taal. Taal is die sentrale - indien nie die enigste nie - medium van sosiale reproduksie (Thompson 1984:41).

Pierre Bourdieu merk op: "To speak of 'language' without further precision, as linguists do, is tacitly to accept the official definition of the official language of a political unit: this language is that which, within the territorial limits of this unit, is imposed on all the citizens as the only legitimate one, and all the more so when the circumstance is more official or 'formal'" (aangehaal deur Thompson 1984:44). Dit is 'n feit dat mense wat dialekte gebruik of 'n taal anders as die 'amptelike' taal besig, deur 'n gekombineerde effek van verskillende instellings en institusionele meganismes aangemoedig, indien nie verplig word nie, om te kollaboreer in die

vernietiging van hulle instrumente van uitdrukking. Sprekers wat nie die amptelike taal magtig is nie maar nogtans die geforseerde legitimiteit daarvan besef, word veroordeel tot herkenning sonder kennis, tot "reconnaissance sans connaissance", soos Bourdieu dit noem. Hy sê voorts: "Symbolic domination really begins when the misrecognition, implied by recognition, leads those who are dominated to apply the dominant criteria of evaluation to their own practices". Die treffendste manifestasie van hierdie herkenning sonder kennis is die swye waartoe diegene wat nie kompetensie in die amptelike taal het nie, veroordeel word, en hulleself veroordeel op 'formele' geleenthede: hulle ontbreek die middele van wettige uitdrukking, hulle praat nie, maar word mee gepraat.

Die tweerigtingkarakter van kommunikasie sal heeltemal verlore gaan wanneer daar diegene is vir wie die betekenis van woorde vir hulle besluit word. Pocock (1984:34) stel dit sô: "If the point is reached where I exist, even in my own perceptions, solely as defined in terms set by others, my condition may be called that of the slave". Die taalgebruik van die besitter/heerser is daarop gemik om die besitte/onderdaan verder te verslaaf, dit is 'n vorm van simboliese geweld.

Taal onderdruk, taal skep klas en DIE KREMETARTEKSPEDISIE kan beskou word as 'n vertelling van die klassifikasie van die gemeenskap deur taal. Wanneer die slavin sê: "Ek sê hardop die naam van die boom, die naam van water, van lug, vuur, wind, grond, maan, son en alles beteken wat ek hulle noem" (63), bedoel sy dat dié name - oftewel die taal wat op haar afgedwing is en waaraan sy teen wil en dank moes

deelneem - die betekenis het wat die besitters daaraan gegee het en wat sy, vanweë haar posisie as besitte, moes assimileer en dieselfde betekenis daaraan moes gee. In Lewis Carroll se ALICE THROUGH THE LOOKING GLASS (1898:114) sê Humpty Dumpty: "When I use a word, it means what I want it to mean, neither more nor less...The question is who is to be master, that's all". Dit het nie tot hom deurgedring dat woorde wat onderworpe is aan een persoon se algehele arbitrêre beheer, onverstaanbaar mag wees vir die hoorders nie en dus van baie min nut vir enige doel, selfs vir magsdoeleindes, mag wees. Daarom kan die slavin verder sê: "Ek sê my eie naam hardop en my eie naam beteken niks" (63). Haar eie taal beteken niks vir haar besitters nie, want sy is die onderdrukte wie se posisie verder ondergrawe word deur die besitter se taal.

As lede van die besitte klas moes die slavin en ander slawe noodgedwonge die besitter se taal aanneem: "Van heinde en verre kom ons, allerlei tale praat ons, maar hier kom ons oor die weg met die radbraak van die inheemses se taal en maak ons hom ons eiesoort werkerstaal" (21). Sy fluister vir haar weldoener wellustige verhale "in sy taal" (17) en in haar "werkerstaal" (33) heet sy die nuwe besending slawe welkom. Wanneer sy haar nuwe lewe by haar derde eienaar betree en sê dit is amper asof sy weer "aanleer om te praat" (26), is dit inderdaad so, want sy leer om te praat soos haar eienaars praat, om te sê wat hulle sê, om aan haar woorde die betekenis te gee wat haar eienaars daaraan gee. Soos haar eienaars, manipuleer sy taal om daarmee te ironiseer, te onderdruk en te klassifiseer. Sy en die ander slawe het dus meegedoen aan hulle absolute verslawing en die vernietiging van hulle eie uitdrukkingsmiddele.

Die taal van die besittersklas is 'n taal van appropriëring en usurpasie. Die slawe en slavinne word ontman, ontmaagd, ontmenslik, onteien, ontredder. Gegee die betekenis van die prefiks "ont-" as: "om weg te neem van", "om te beroof van", dan is dit duidelik dat hierdie "kommoditeite" gestroop, beroof word van alles wat vir hulle kosbaar was, selfs hulle menslikheid, sodat dit deur ander besit kan word. Wanneer hulle dan van alles gestroop is, is hulle magteloos, die slawe tree soos geesloses op, hulle verlede is 'n verlede van "erbarmlose mishandeling", hulle is vooruitsigloos, hulpeloos, naamloos. Uit die slavin se monoloog word die leser hierdie dinge wys - die besitter se taal van stroping en toeëiening het hâar taal geword, sy doen mee aan die klassifikasie deurdat dit nou "ek" en "hulle" (die slawe) word. Op die ekspedisie kom hulle op vroue af wat bou en vanuit haar "eienaardig verhewe, onaanraakbare, tydelike, voortbewegende" posisie (66) wil sy sê hulle is slavinne, maar sy "wurg die woord in". Sy as geklassifiseerde skep klas.

Aangesien die besitters handelaars, jagters, rowers en uitbuiters is, bestaan hulle taal uit handelsterme, terme wat te make het met die verkryging en verkwanseling van kommoditeite. Die slavin, self 'n kommoditeit vir haar besitters, word gedwing om haarself as 'n kommoditeit te beskou deur die taal wat sy aangeleer het. In handelsterme dink en praat sy: haar derde eienaar koop haar "in saaklike transaksie" (25); by die afsterwe van hierdie eienaar tel sy op wat sy aan sy dood te verloor en wat sy te wen het (46); sy beskou haarself in terme van wins en verlies; sy en die ander slavinne is "uitruilbaar, verruilbaar" (22); haar opvoeding het bestaan uit "indeling en tel en klassifiseer" (91). Vir die vreemdeling is

slawejag nie 'n winsgewende bedryf nie, want jy loop die gevaar om van die slawe te verloor en "menseverlies staan gelyk aan kosteverlies" (49).

Dit is dan vanuit haar posisie as "besitter" van die besitter se taal dat die slavin die klein mensies se taal reduceer tot die klanke van diere omdat sy hierdie kliktaal nie volg nie. Sy kon haar besitters se taal aanleer omdat sy daartoe gedwing is, omdat sy die legitimiteit daarvan besef het, maar bowenal omdat haar eie taal deur haar eienaars as minderwaardig beskou is en sy so geïndoktrineer is dat sy dit self geglo het. Net soos haar eienaars geen poging aangewend het om haar taal te assimileer nie, net so onwillig is sy om hierdie "minderwaardige" taal van die klein mensies aan te leer. Dit feit is egter dat sy deur haar meerderwaardige houding die klein mensies op 'n afstand gehou het. Dit lei daartoe dat hulle haar nou op 'n afstand hou en daarom "praat hulle selde nog binne hoorafstand" van haar (65). Dit lei tot gebrek aan kommunikasie en dus tot haar isolasie, "onafsienbaar die voortsetting van vereensaming, omring soos ek is deur daardies wat hulle eenkant hou..." (94). Selfs in die oomblikke van haar uiterste eensaamheid en 'n verlange na menslike kontak, verhinder haar gekultiveerde trots haar om kontak te maak: "...ek hou my hand voor my mond om te keer dat ek niemand naderroep nie" (97).

Tog is dit hierdie kliktaal van die klein mensies wat gedagtes aan haar kindertyd genereer, en veral gedagtes aan die taal van haar kindertyd: "Ek hoor die klapklanke wat hulle voortbring, en prewel by myself iets wat klink soos die taal uit my kindertyd. Woorde wat vergete geraak het, neem dof gestalte aan" (97). Tussen die klein

mensies se taal en die taal van haar kindertyd is daar 'n verband en dus ook tussen hulle leefwyse en dié van haar kindertyd. Dit is hierdie taal van die klein mensies wat herinneringe oproep van die veilige bestaan saam met haar ouers, totdat sy gevange geneem is en die taal van haar besitters moes aanneem. Daarom kan sy sê dat sy die name het vir alles wat die besitters daaraan gegee het, name wat verband hou met al haar ervarings tydens haar slawebestaan: "slaaf, ontmanning, handel, kusstad, see, dwangarbeid". Wanneer sy sê: "Ek het die name en word nie na geluister nie. Niks kan ek met die name aanvang nie. Hulle is rammelaars maar" (98), kan sy inderdaad niks met die name aanvang nie, want hierdie name, hierdie taal van die besitters, het geen betekenis in die situasie waarin sy haar nou bevind nie, 'n situasie waarin hierdie konsepte nie bestaan nie. Dit word ook 'n erkenning dat sy hierdie klein mensies nie kan besit soos sy besit is nie, dat sy nie hâar taal en dus die besitter se taal, op hulle kan afdwing nie.

'n Opvallende aspek van taal in hierdie roman en in die slavin se lewe, is die inkrimping vanaf artikulasie tot swye. Soos haar weldoenereienaar sy rykmanslewe uitgehyg het en sy wense slegs deur middel van gebare bekend kon maak, soos kommunikasie tussen haar en die vreemdeling ingekrimp het tot "'n gemompelde gepeins" (72), tot absolute swye (89), net so krimp die slavin se bestaan vanaf "besitter" van taal tot taallose mens. Ampie Coetzee (1988:89) merk op dat sy nie taal besit nie, as slaaf is sy haar mees wesentlike eiendom ontnem, nl. taal. Sy moes die besitters se taal oorneem nadat sy gestroop is van haar eie taal, hierdie aangenome taal is nie hare nie en sy word dus gedwing en veroordeel tot stilswye. Die

werkerstaal wat sy en die ander slawe wat reeds geruime tyd besit is, gevorm het, verhinder haar om kontak te bewerkstellig met die nuwe besending slawe en uiteindelik is hierdie werkerstaal nie voldoende om haar in staat te stel om met die klein mensies te kommunikeer nie.

Die slavin besit nie taal nie, dus word sy keer op keer gedwing om haar toevlug te neem tot ander uitinge. In die oomblikke van haar grootste ang, verdriet, melankolie en pyn, is die besitters se taal nie adekwaat genoeg om uiting daaraan te gee nie. Vgl. byvoorbeeld: In haar barensnood gee sy uiting aan haar pyn en ontredding deur "n skreeu terug na (haar) geboorteplek" (40), en wanneer haar kind afsonderlik verhandel word, "skreeu (sy) na binne" (41) omdat niemand haar leed met haar kan deel nie. Sy huil by die afsterwe van haar weldoener, maar dit is 'n geweens "oor so baie dinge tegelyk" dat sy maar eerder haar "warboel gedagtes probeer doodsnik as om uiting te soek" (18). Sy huil van woede en frustrasie, maar het nog nooit so bitterlik gehuil soos toe die nuwe besending slawe in die stad aangekom het nie (34). Die keer toe sy van die boom gevlug het, het sy haar "mond oopgemaak en 'n klank voortgebring wat die klank van 'n mens moes wees... 'n bloederige klank is aan die lug blootgestel... om met een lang rou geluid te kan oorheers" (63). Na die vernietiging van die rotstekeninge is haar verdriet so groot dat sy slegs kan "prewel, stamel" (87) en by die aanhoor van die klein mensies se klapklanke, prewel sy iets wat klink soos die taal uit haar kindertyd.

'n Mens word ook getref deur die gebrek aan kommunikasie tussen die slavin en die ander slawe nadat sy tot gunsteling verhef is. Haar eertydse boesemvriendin antwoord nie op haar vrae nie, kyk haar aan

met 'n "priemende blik" (47) en die enigste antwoord wat sy op haar vrae kry, is die handevol sand wat na haar gegooi word. Sy verwelkom die nuwe besending slawe en spreek vertroosting uit, maar niemand hoor of verstaan haar nie (33). Op die ekspedisie het sy alle pogings laat vaar om met die ander slawe te kommunikeer. Hulle voldoen stilswyend aan haar versoeke, "geen antwoorde, geen vrae" (70). Hulle hoor haar ook nie wanneer sy voorspel van tale wat nog slaap nie en hulle verwerdig hulle nie om op haar vrae te antwoord nie. Hierdie gebrek aan kommunikasie onder die besitte klas, is maar net nog 'n bewys van hoe die heerser onmin onder die onderdane saai deur klasse te skep en dus sy posisie te beveilig.

3.4.8 "(Ek is) die een wat vir hulle in die steek gelaat het"

Die klein mensies het die slavin versorg, haar van voedsel, klere, versierings, 'n waterpot, 'n volstruiseierdop en ander geskenke voorsien, maar niks in ruil daarvoor gevra of selfs verwag nie. Hulle het haar soos 'n godin behandel sodat sy 'n luilekker bestaan kon voer.

In hulle grootste nood, toe hulle deur die vyand oorrompel en byna uitgeroei is, laat sy hulle egter in die steek. Sy, die godin, het nie eens haar verskyning gemaak nie: "In die diepste, donkerste, verste hoekie van die kremetart het ek weggekruip" (103). Sy, wat die maghebber was, wat probeer het om haar mag op die natuurwesens af te dwing, was magteloos van vrees, vasgekeer in doodsbenoudheid. Soos die tipiese maghebber soek sy eers haar eie heil en red sy eers haar eie bas, liewer as om na die onderdane se welvaart om te sien. Soos

die tipiese uitbouter, verwerp sy dié wat haar laat leef het.

Die gevolg van haar optrede is haar toenemende vereensaming. Sy herken en erken haar fout: "...waarom sou hulle in hulle smart plek inruim vir die gevoelens van die een wat vir hulle in die steek gelaat het, so betreurenswaardig misluk het waar sy moes kon uitkoms bied?" (100). Die klein mensies wat die slagting oorleef het, het uit haar lewe verdwyn, daar is geen geskenke meer nie en sy ervaar "die smaad om nie vir (haarself) te kan sorg nie! (108). Net so hulpeloos soos sy aan die begin was, net so hulpeloos is sy nou sonder die klein mensies se sorg: "Al weet ek wat ek kan eet, weet ek nie hoe en waar om te soek nie en dwaal ek weer rond soos reg aan die begin" (108). Weer is sy alleen agtergelaat en haar eensaamheid is so groot dat sy na menslike kontak smag, selfs 'n menslike kreun sal vir haar voldoende wees. Hierdie isolasie is erger as "die smaad om nie mens te mag wees nie" (99) en sy besef sy is uitgedien.

Soos die tragiese held met sy fout, hoogmoed en uiteindelijke herkenning van sy fout, moet sy ten gronde gaan. Die klein mensies se laaste geskenk aan haar is die gif waarmee sy haar selfvernietiging tot sy uiteinde moet voer. Sy besef daar is geen ander beëindiging nie, sy is ook vir haarself uitgedien. Die maghebber het in die proses om ander te wil onderwerp, homself vernietig en in die finale analise is die skare onderdaniges en onderdrukte magtiger as die maghebber.

3.5 SAMEVATTING

Die onversoenbaarheid van kapitalisme en die meer verhewe dinge van die gees, lê reeds opgesluit in die slavin se woorde: "Besit en liefhê is begrippe wat mekaar vloek" (49). 'n Mens kan dus ook die afleiding maak dat kapitalisme en feminisme onversoenbaar is, as jy van die veronderstelling uitgaan dat die feminisme 'n vryheidstrewe is, 'n strewe om die vrou te bevry uit haar gebondenheid, en vryheid 'n verhewe begrip en ideaal is waarna elkeen strewe.

Ek het in hierdie hoofstuk probeer aantoon dat die kapitalisme met sy klassestelsel van 'n besittersklas en 'n besitte klas, 'n beleid van "divide and rule" steun deurdat die kapitaliste die stratifikasie van die proletariaat voorstaan en aanmoedig ten einde die status quo te handhaaf en hulle eie posisie te beveilig. Die kapitalisme het ook ten doel om die proletariaat in hulle posisie van armoede te hou, hulle uit te buit en te veroorsaak dat die rykes steeds ryker word en die armes steeds armer. Hierdie onderdrukking geskied op verskillende maniere, soms openlik, soms subtiel, sodat die onderdrukte in baie gevalle nie bewus daarvan is dat hy onderdruk word nie. Deurdat die onderdrukte aspireer om tot die besittersklas te promoveer, laat hy toe dat die stelsel hom gebruik om sy mede-onderdrukte te onderdruk. Hy word dus instrument vir verdere stratifikasie, hy word die werktuig om verdeeldheid in eie geledere te saai en uiteindelik die vryheidstrewe te verongeluk.

Ek het ook probeer aantoon, deur die slavin as "besitter" voor te stel, dat die drang om ander te onderwerp, om mag oor ander te hê, op

die lange duur ook maar 'n futiele onderneming is omdat die medemens in sy ryke verskeidenheid en individualiteit nie besit kan word en dus nie willoos sal toelaat dat hy besit word nie. Die onderdrukte gebruik dieselfde instrumente en wapens waarmee hy onderdruk word om hom uit sy onderdrukte posisie te bevry, byvoorbeeld deur taal as instrument van verdrukking te gebruik.

3.6 VOETNOTE

1. A.J. Böeseken (1977:124-194) verskaf 'n lys van transaksies waarin slawe betrokke was, soos saamgestel uit dokumente wat in die Aktekantoor in Kaapstad bewaar word. Hieronder word enkele sodanige transaksies aangehaal:

11.8.1665: Jantje from Bengal (11), sold by Zacharias Wagenaar on behalf of Maria Verburg to Pieter van Clinckenberg for f100.

15.5.1666: Diana from Bengal, sold by Admiral Jacob Cauwe to Augustijn Boccaert for Rds. 70.

17.4.1669: Abram from Angola, a slave belonging to the Company, sold by the Rev. Adrianus de Vooght for Rds. 100.

29.3.1676: Jacob from the Coromandel Coast, sold by J. Hendrik Willingh, merchant sailing on the "Sparendam", to the Rev. Adrianus de Vooght for Rds. 60.

C.F.J. Muller (1969:451) verskaf 'n tabel met die omsetting van gulden en riksdaler in rand en sent. Volgens hierdie tabel sou Diana van Bengale bv. vir R28 verkoop gewees het. Met die depresiasie van die riksdaler, sou sy vir R10,50 verkoop gewees het.

2. Populêre liedere waarin die vrou as 'n pop voorgestel word, is byvoorbeeld die Mills Brothers se "I'd rather have a paper doll to call my own than have a fickle-minded real live girl"; Irving Berlin se komposisie in ANNIE GET YOUR GUN: "A doll I can carry, the girl that I marry must be"; Johnny Walsh se lied "I'm gonna make me a girl machine and build me a doll that looks like a dream"; Cliff Richard se "Living doll".

3. In sy inleiding merk Bettelheim (1980:20) byvoorbeeld op: "In een tweede boek zou men kunnen uitweiden over de unieke bijdrage die sprookjes kunnen en inderdaad ook zullen leveren aan de morele opvoeding van kinderen".

Johan Degenaar (1980:70) staan 'n meervoudige interpretasie van sprokies voor, nl. die ritualistiese, die moralistiese en die psigologiese interpretasies.

4. Ook dit is in haar slawebestaan 'n somber gegewe: dat die slaaf op 'n gegewe moment medepligtig word aan sy eie verslawing.

BIBLIOGRAFIE

- Arendt, Hannah
1958: THE HUMAN CONDITION
University of Chicago Press, Chicago and London
- Barrow, R.H.
1928: SLAVERY IN THE ROMAN EMPIRE
Methuen and Co, London
- Barthes, Roland
1970: S/Z (trans. Richard Miller)
Hill and Wang, New York
1985: "I hear and I obey..." in Blonsky, Marshall (ed.) 1985:
ON SIGNS
Basil Blackwell, Oxford
- Bekker, Pirow
1970: DIE TITEL IN DIE POËSIE
Tafelberg, Kaapstad
- Bettelheim, Bruno
1980: HET NUT VAN SPROOKJES (oorspronklike titel THE USES OF
ENCHANTMENT 1975, vertaler T. Jelgersma)
De Bezige Bij, Amsterdam
- Böeseken, A.J.
1977: SLAVES AND FREE BLACKS IN THE CAPE 1658 - 1700
Tafelberg, Kaapstad
- Bozzoli, Belinda
1983: "Marxism, Feminism and South African Studies" in
JOURNAL OF SOUTHERN AFRICAN STUDIES, vol. 9, No. 2
April 1983
- Breytenbach, Breyten
1972: SKRYT - OM 'N SINKENDE SKIP BLOU TE VERF
Meulenhof, Amsterdam
- Brink, André P.
1973: KENNIS VAN DIE AAND
Buren-uitgewers, Kaapstad
1975: 'N OOMBLIK IN DIE WIND
Taurus, Johannesburg
1982: HOUD-DEN-BEK
Taurus, Johannesburg
1987: VERTELKUNDE, 'N INLEIDING TOT DIE LEES VAN VERHALENDE TEKSTE
Academica, Kaapstad en Pretoria
1988: "The Afrikaners" in NATIONAL GEOGRAPHIC, vol. 174, No. 4
October 1988
- Brown, Walter T.
1970: "Bagamoya: an historical introduction" in THE JOURNAL OF
THE TANZANIA SOCIETY, No. 71, 1970

- Caplan, Paula J.
1985: THE MYTH OF WOMEN'S MASOCHISM
Methuen, London
- Caputi, Jane
1987: THE AGE OF SEX CRIME
The Women's Press Ltd, London
- Carroll, Lewis
1898: ALICE THROUGH THE LOOKING GLASS
MacMillan, London
- Cash, W.J.
1971: THE MIND OF THE SOUTH
Penguin Books, Harmondsworth
- Cate, Curtis
1970: ANTOINE DE SAINT-EXUPÉRY, HIS LIFE AND TIMES
Heinemann, London
- Cham, Mbye B.
1987: "Contemporary society and the female imagination" in Jones, Eldred D. (ed.) 1987: WOMEN IN AFRICAN LITERATURE TODAY
James Curry Ltd., London
- Chatman, Seymour
1978: STORY AND DISCOURSE
Cornell University Press, Ithaca and London
- Chetwynd, Tom
1982: A DICTIONARY OF SYMBOLS
Paladin Grafton Books, London
- Cirlot, J.E.
1962: A DICTIONARY OF SYMBOLS
Routledge and Kegan Paul, London
- Cixous, Hélène
1974: "The character of character" in NEW LITERARY HISTORY, vol. 5 (2), Winter 1974
1980: "The laught of Medusa" in Marks, Elaine and De Courtivron, Isabelle (eds.) 1980: NEW FRENCH FEMINISMS
Harvester Press
- Coates Palgrave, Keith
1956: TREES OF CENTRAL AFRICA
National Publications Trust, Rhodesia and Nyasaland
1977: TREES OF SOUTHERN AFRICA
C. Struik Publishers, Cape Town and Johannesburg
- Coetzee, Ampie
1988: MARXISME EN DIE AFRIKAANSE LETTERKUNDE
Taal- en Politiekreeks 2, Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville

- Coetzee, J.M.
 1976: IN THE HEART OF THE COUNTRY
 Penguin Books
 1988: WHITE WRITING - ON THE CULTURE OF LETTERS IN SOUTH AFRICA
 Radix, Yale University Press, New Haven and London
- Culler, Jonathan
 1975: STRUCTURALIST POETICS
 Routledge and Kegan Paul, London
- Cutrufelli, Maria Rosa
 1983: WOMEN OF AFRICA: ROOTS OF OPPRESSION (trans. Nicolas Romano)
 Zed Press, London
- Davidson, Basil
 1963: BLACK MOTHER, AFRIKCA AND THE ATLANTIC SLAVE TRADE
 Penguin Books, Harmondsworth
- Davis, Angela
 1971: "Reflections on the Black woman's role in the community of
 slaves" in THE BLACK SCHOLAR, vol. 3, No. 4, Dec. 1971
 1981: WOMEN, RACE AND CLASS
 The Women's Press, London
- Davis, Gaye
 1988: "Why we fled 'Bass Cowboy'" in THE WEEKLY MAIL, vol. 4,
 No. 19
 May 20 - 26 1988
- De Beauvoir, Simone
 1953: THE SECOND SEX (1987-uitgawe)
 Penguin Books, Harmondsworth
- Degenaar, Johan
 1980: "Die betekenis van 'n sprokie" in Aucamp, Hennie 1980:
 PAPAWERWYN EN ANDER VERBEELDINGS VIR DIE VERHOOG
 Tafelberg, Kaapstad
- Du Plessis, Michael
 1988: "Bodies and signs: inscriptions of femininity in
 John Coetzee and Wilma Stockenström" in JOURNAL FOR
 LITERARY STUDIES 4 (1), March 1988
- Eagleton, Terry
 1976a: CRITICISM AND IDEOLOGY, A STUDY IN MARXIST LITERARY THEORY
 Verso, London
 1976b: MARXISM AND LITERARY CRITICISM
 Methuen and Co. Ltd, London
- Eisenstein, Hester
 1983: CONTEMPORARY FEMINIST THOUGHT
 G.K. Hall and Co., Boston

- Emecheta, Buchi
 1979: THE JOYS OF MOTHERHOOD
 Heinemann, London
- ENCYCLOPAEDIA OF WORLD MYTHOLOGY 1972, Octopus Books, London
- Fage, J.D.
 1969: "Slavery and the slave trade in the context of West African history" in JOURNAL OF AFRICAN HISTORY, X, 3 1969
- Fanon, Frantz
 1963: THE WRETCHED OF THE EARTH (trans. Constance Farrington)
 Grove Press, Inc., New York
- Frederickson, George M.
 1981: WHITE SUPREMACY - A COMPARATIVE STUDY IN AMERICAN AND SOUTH AFRICAN HISTORY
 Oxford University Press, New York, Oxford
- Furman, Nelly
 1985: "The politics of language: beyond the gender principle?"
 in Greene, G. and Kahn, C. 1985: MAKING A DIFFERENCE:
 FEMINIST LITERARY CRITICISM
 Methuen, London
- Genette, Gérard
 1980: NARRATIVE DISCOURSE (trans. Jane E. Lewin)
 Cornell Paperbacks, New York
- Genovese, Eugene D.
 1968: IN RED AND BLACK - MARXIAN EXPLORATIONS IN SOUTHERN AND AFRO-AMERICAN HISTORY
 Vintage Books, New York
- Gerwel, G.J.
 1983: LITERATUUR EN APARTHEID
 Kampen-Uitgewers, Kasselsvlei
- Gilbert, Sandra M. and Gubar, Susan
 1985: "Sexual linguistics: gender, language and sexuality"
 in NEW LITERARY HISTORY, vol. 16, No. 3, Spring 1985
- Gomas, John
 1934: 100 YEARS "EMANCIPATION OF SLAVES"
 Communist Party Publication, Cape Town
- Gugelberger, Georg M. (ed.)
 1985: MARXISM AND AFRICAN LITERATURE
 James Curry, London
- Haley, Alex
 1976: ROOTS
 Picador Pan Books, London

- Hall, John
1979: THE SOCIOLOGY OF LITERATURE
Longman, London, New York
- Hartmann, Heidi
1981: "The unhappy marriage of Marxism and Feminism: toward a
more progressive union" in Sargent, Lydia (ed.) 1981:
WOMEN AND REVOLUTION
Black Rose Books, Montréal
- Jayawardena, Kumari
1986: FEMINISM AND NATIONALISM IN THE THIRD WORLD
Zed Books Ltd, London and New York
- Joseph, Gloria
1981: "The incompatible ménage a trois: Marxism, Feminism and
Racism" in Sargent, Lydia (ed.) 1981: WOMEN AND REVOLUTION
Black Rose Books, Montréal
- Joubert, Elsa
1978: DIE SWERFJARE VAN POPPIE NONGENA
Tafelberg, Kaapstad
- Kristeva, Julia
1980: DESIRE IN LANGUAGE
Columbia University Press, New York
1981: "Women's time" in SIGNS, 7, No. 1
(Autumn 1981), 21
- Kannemeyer, J.C.
1983: GESKIEDENIS VAN DIE AFRIKAANSE LITERATUUR (2)
Academica, Kaapstad en Pretoria
- Leipoldt, C. Louis
1940: DIE HEKS
Nasionale Pers, Kaapstad
- Lindenberg, Anita
1982: "Hoogs persoonlike roman die indrukwekkendste die afgelope
tyd" in DIE VADERLAND, 24.06.82
- Lindenberg, Ernst
1981: "Prosa-ekspedisie is verrykend" in BEELD, 09.11.81
- Marais, Eugene N.
1937: DWAALSTORIES
Human en Rousseau, Kaapstad
- Marlowe, Christopher
1962(1594?) THE TRAGICAL HISTORY OF THE LIFE AND DEATH OF DR FAUSTUS
(John Jump ed.) Manchester University Press

- Marx, Karl e.a.
1951: THE WOMAN QUESTION (Selections from the writings of Karl Marx, Frederick Engels, V.I. Lenin, Joseph Stalin) International Publishers, New York
- McLellan, David
1975: MARX
Fontana Press, London
- Mikro
1959: DIE KOPERKAN
J.L. van Schaik Bpk., Pretoria
- Miller, J. Hillis
1979: "The critic as host" in Bloom, Harold 1979: CECONSTRUCTION AND CRITICISM
Routledge and Kegan Paul, London
- Moi, Toril
1985: SEXUAL/TEXTUAL POLITICS: FEMINIST LITERARY THEORY
Methuen, London and New York
- Muller, C.F.J.
1969: FIVE HUNDRED YEARS: A HISTORY OF SOUTH AFRICA
Academica, Pretoria and Cape Town
- Norris, Pippa
1987: POLITICS AND SEXUAL EQUALITY
Wheatsheaf Books, Boulder, Colorado
- Odendaal, Welma
1988: Gesprek met Wilma Stockenström: "Ek het 'n onregverdige reputasie..." in DIE SUID-AFRIKAANS, April 1988
Creda-Pers, Kaapstad
- Ogundipe-Leslie, Molaria
1987: "The female writer and her commitment" in Jones, Eldred D. (ed.) 1987: WOMEN IN AFRICAN LITERATURE TODAY
James Curry Ltd., London
- Ojo-Ade, Femi
1983: "Female writers, male critics" in AFRICAN LITERATURE TODAY, vol. 13, 1983
- Olivier, Gerrit
1982: "Al wat oorbly vir die slavin is haarself" in RAPPORT, 24.01.82
- Ortner, Sherry
1974: "Is female to male as nature is to culture?" in Rosaldo, M. and Lamphere, L. 1974: WOMEN, CULTURE AND SOCIETY
Stanford University Press, Stanford

- Palmer, Eustace
1983: "The feminist point of view: Buchi Emecheta's THE JOYS OF MOTHERHOOD" in AFRICAN LITERATURE TODAY, vol. 13, 1983
- Pocock, J.G.A.
1984: "Verbalizing a political act: toward a politics of speech" in Shapiro, Michael J. (ed.) 1984: LANGUAGE AND POLITICS Basil Blackwell Publisher Ltd, Oxford
- Poggi, Dominique
1980: "A defense of the master-slave relationship" in Marks, Elaine and De Courtivron, Isabelle (eds.) 1980: NEW FRENCH FEMINISMS Harvester Press
- Rimmon-Kenan, Shlomith
1983: NARRATIVE FICTION: CONTEMPORARY POETICS Methuen, London and New York
- Rodney, Walter
1966: "African slavery and other forms of social oppression on the Upper Guinea Coast in the context of the Atlantic slave-trade" in JOURNAL OF AFRICAN HISTORY, VII, No. 3, 1966
- Saint-Exupéry, Antoine de
1974(1945): THE LITTLE PRINCE (trans. Katherine Woods) Piccolo Books, London
- Sargent, Lydia (ed.)
1981: WOMEN AND REVOLUTION: A DISCUSSION OF THE UNHAPPY MARRIAGE OF MARXISM AND FEMINISM Black Rose Books, Montréal
- Satre, Jean-Paul
1948: EXISTENTIALISM AND HUMANISM Eyre Methuen Ltd, London
1963: Introduction to Fanon, Frantz 1963: THE WRETCHED OF THE EARTH Grove Press Inc., New York
- Sassoon, Caroline
1970: "The dhows of Dar es Salaam" in THE JOURNAL OF THE TANZANIA SOCIETY, No. 71, 1970
- Shakespeare, William
1953(1611?) MACBETH (Muir, Kenneth ed.) Methuen, London and New York
1982(1599?) HAMLET, PRINCE OF DENMARK (Jenkins, Harold ed.) Methuen, London and New York
- Sharratt, Pamela
1987: "Thinking and language" in Tyson, G.A. (ed.): INTRODUCTION TO PSYCHOLOGY - A SOUTH AFRICAN PERSPECTIVE Westro Educational Books, Johannesburg

- Slaughter, Cliff
 1980: MARXISM, IDEOLOGY AND LITERATURE
 MacMillan Press, London
- Smuts, J.P.
 1981: "Groot vernuwing by Stockenström" in DIE OOSTERLIG,
 19.10.81
- Spender, Dale
 1980: MAN MADE LANGUAGE
 Routledge and Kegan Paul, London
- Stockenström, Wilma
 1973: SPIEËL VAN WATER
 Human en Rousseau, Kaapstad en Pretoria
 1981: DIE KREMETARTEKSPEDISIE
 Human en Rousseau, Kaapstad, Pretoria, Johannesburg
- Thompson, John B.
 1984: STUDIES IN THE THEORY OF IDEOLOGY
 Polity Press, Cambridge
- Thompson, Leonard
 1985: THE POLITICAL MYTHOLOGY OF APARTHEID
 Yale University Press, New Haven and London
- Walker, Alice
 1983: THE COLOR PURPLE
 The Women's Press, London
- Williams, Raymond
 1977: MARXISM AND LITERATURE
 Oxford University Press, Oxford
- YSTERTYDPERKKULTURE VAN GREEFSWALD, DIE
 Universiteit van Pretoria, Departement van Argeologie se
 Kernaantekeninge vir Argeologie II